
# Vrye Weekblad

**Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid Afrika**

18 November 1988 | Tel: (011) 836-7236/7/8/9 | **Prys: R1,20 (R1,07 + 13c AVB)**



Barend Hendrik Strydom

# Regse terreur: Masker af!



**Max du Preez en Jacques Pauw**

DIE Kerkstraat-bloedbad het die deksel afgeruk van die kookpot van regse geweld.

Barend Hendrik Strydom, tot onlangs nog 'n polisieman, se beweerde moord op ses swart Pretorianers het die owerhede se oë oopgemaak vir die bedreiging wat ekstremistiese bewegings soos die Wit Wolwe, die Afrikaner-Weerstandbeweging (AWB) en die Blanke Bevrydingsbeweging (BBB) vir rassevrede inhou.

Die Veiligheidspolisie is oorgehaal om in die volgende dae op regse ekstremiste toe te slaan, word verneem.

Nuwe kommer bestaan egter nou oor die teenwoordigheid van lede van ver-regse groepe binne die polisiemag en veral die persoonlike aanhang wat die AWB-leier, Eugene Terre'Blanche (self 'n oud-polisieman), in die mag geniet. Terre'Blanche self spog gereeld daarmee.

Daar is ook nuwe druk op die polisie om vordering te maak met die talle terreurdade deur ver-regses die laaste paar maande. Niemand is nog vir enige van die bomaanvalle waarvoor die Wit Wolwe verantwoordelikheid aanvaar het, aangekeer nie.

Hoewel die meeste Suid-Afrikaners geskok was oor die skietery, is Strydom (23) in sekere AWB-kringe byna oornag 'n helde-figuur en hy word selfs met Jopie Fourie vergelyk.

Strydom het sy martelaarsrol voluit gespeel deur gisteroggend in die Pretoriase landdroshof te sê dat hy nie belangstel om aan die regsprosedure deel te neem voor 'n wit volkstaat nie bestaan nie. Die regering moet eers "kommuniste" soos biskop Desmund Tutu en dr Denis Worrall in hegtenis neem, het hy gesê.

In nog 'n voorval van rasse-geweld het drie blankes Donderdagaand 'n veelrassige kroeg in Germiston binnegestap en swart en bruinmense met sambokke geslaan. Die slagoffers beweer die regses is later deur gewapende verkeersmanne bygestaan.

Strydom, seun van die Heidelbergse leier van die AWB en tot vier maande gelede ook 'n polisieman, is 'n selferkende lid van die AWB en 'n ou bekende onder regse militantes. Die Veiligheidspolisie weet al minstens 'n jaar lank van sy gewelddadige neigings en maniese haat teenoor swartmense.

Hy is in Oktober verlede jaar betrap met 'n foto van homself met die kop van 'n dooie swart man in sy een hand en 'n mes in die ander. Dit het toe uitgekom dat hy met die kop in die strate van Nigel rondgery het en aan mense gewys het. Hy het eers vyf maande later uit die polisie bedank.

Die polisie sê hulle probeer nog uitvind presies wie en wat die Wit Wolwe is van wie Strydom sê hy is die leier. Strydom beweer dat hy minstens twee makkers in die Wolwe het, en twee mans het inderdaad koerante gebel en gesê hulle is sy kamerade.

Strydom se beweerde moordorgie is glo vooraf beplan en het waarskynlik verband gehou met hardnekkige gerugte dat Staatspresident PW Botha dié week die vrylating van ANC-leiersfiguur Nelson Mandela sou aankondig.

Hy het glo die aand voor die skietery 'n Afrikaanse joernalis gebel en gesê hy sou Botha vermoor het as hy Mandela vrygelaat het. Strydom het reeds verlede naweek 'n "vaarwel-nota" aan sy ouers op Nigel geskryf en verskoning gevra vir wat hy sou doen.

Skaars 24 uur na die moorde het die AWB ook in 'n verklaring teen die vrylating van Mandela gewaarsku, en gesê dit kan lei tot 'n enorme verlies aan menselewens.

Daar bestaan benewens die AWB, die BBB en die Wit Wolwe nog 'n magdom ander ver-regse bewegings wat almal een ding in gemeen het - gewaande wit meerderwaardigheid en minagting teen mense van 'n ander kleur. Van die bewegings is die Transvaalse Seperatiste, die Patriotic Forum, die National Forum en die Wit Bevrydingsbeweging.

Die spil waarom ver-regse politiek in Suid-Afrika draai, is egter die AWB met die fanatiese TerreBlanche as sy hoofleier. Minstens vyf LP's van die Konserwatiewe Party is ook lede van die AWB.

Die AWB het sy eie militêre mag drie jaar gelede gestig. Vandag strek sy militêre netwerk oor al vier provinsies en Namibia. Die land is in burgerrade ingedeel met 'n "senusentrum" wat die militêre mag beheer.

Opleidingskampe word tot een keer per maand gehou. Opgeleide instrukteurs, van hulle voltydse lede van die polisie of weermag, lei hulle op. Die AWB-leierskap moedig al jare lank sy lede aan om soveel wapens moontlik wettiglik te versamel vir die dag wanneer die AWB tot geweld oorgaan, soos hy dit stel, "wanneer die land in chaos opgaan en die Boer sy regmatige grondgebied terugvat."

Daar was sover bekend nog geen optrede teen die AWB se militêre opleidingskampe op plase in verskeie dele van die land nie. Die geheime terroriste-arm van die AWB, die Boere-Brandwag, word hier opgelei.

Terre-Blanche self erken in watter mate die polisie deur die AWB geïnfiltreer is. Hy sê die AWB se "eerste linie" is binne die Polisie, Weermag en kommando's. Hy

*Na Bl 2*

# Luyt op soek na nuwe alliansie

**Elsabé Wessels**

Die omstrede Transvaalse rugbybaas en sakeman, Louis Luyt, neem nou self die leiding om 'n verenigde opposisie op die been te bring.

Luyt stel vandag (Vrydag) sy standpunt aan die leiers van die PFP, die Nasionale Demokratiese Beweging en die Onafhanklike Party - Zach de Beer, Wynand Malan en Denis Worrall - op 'n vergadering wat hy by sy huis in Johannesburg belê het.

Die verwagte algemene verkiesing vroeg volgende jaar het 'n nuwe dringendheid aan gesprekke oor samewerking gegee.

Bitter ontevredenheid oor die politieke en ekonomiese toestand van Suid-Afrika en frustrasie met die doelloosheid van die NP het Luyt tot sy nuwe inisiatief gedryf.


"Ek stel belang in 'n lewensvatbare politieke party met 'n uitvoerbare beleid wat 'n realistiese kans het om 'n meerderheidstem te werf," het Luyt met groot nadruk aan Vrye Weekblad gesê en bygevoeg dat hy nie vir homself 'n loopbaan in 'n "politieke splintergroep" soek nie.

Luyt glo dat 25 persent van wit kiesers rigtingloos en sonder 'n politieke tuiste sit. Hy soek 'n magsbasis om dié groep te akkomodeer.

De Beer, Malan en Worrall het gister hul bedenkinge gehad of politieke verskille tussen die drie partye oorbrug kan word. Die PFP voer geruime tyd reeds versoeningsgesprekke met die PFP en NDM, terwyl vandag se ontmoeting tussen

*Na Bl 2*

**Die hartseer van verskuiwings Bl 8 en 9**



**Sendingkerk aan't skeur? Bl 3**



**VryDag! Ons kuns- en vermaaktydskrif**



# Skikking in Desember?

**Marie Joannidis**

PARYS - Die voorlopige ooreenkoms oor Angola en Namibia kan vroeg Desember amptelik tydens 'n Russies-Amerikaanse spitsberaad in New York onderteken word. Dit dui op die sterk begeerte by die supermoondhede om streekskonflik te beëindig.

Die ooreenkoms wat Dinsdag deur Suid-Afrika, Angola, Kuba en die VSA in Geneve aanvaar is, en oor die ontrekking van Kubaanse troepe in Angola handel, kan moontlik tydens die spitsberaad deur die president van die Sowjet-Unie, Mikhail Gorbatsjof, onderteken word.

Tydens die besoek, wat waarskynlik op 7 Desember sal plaasvind, sal Gorbatsjof president Ronald Reagan en die verkose president George Bush ontmoet.

Kubaanse troepe moet hulle oor 'n tydperk van 27 maande aan Angola onttrek. 'n Eerste groep van 3 000 Kubane sal Angola net na die ondertekening verlaat. Nog 33 000 man sal Angola in die eerste jaar ná die ondertekening verlaat.

Die laaste 12 000 Kubane sal tydens die laaste ses van die 27 maande onttrek word. - AFP

# Ver-regse geweld word ontmasker

*Van Bl 1*

het ook al telkens die versekering gegee dat elke polisieman wat weens sy AWB-verbintenisse aangekla word, gratis deur die AWB verdedig sal word.

In 'n amptelike AWB-dokument staan: "Die Beweging steun intensiewe opleiding vir lotelinge (in die polisie) en Staandemaglede waar die jongman geleer moet word om...uiteindelik bevel oor te neem."

Die AWB is egter nie die enigste militante regse beweging wat sy eie Weermag oplei nie. Die Blanke Bevrydingsbeweging is besig om 160 "kommando's" in 19 streke dwarsoor Suid-Afrika op die been te probeer bring.

Die Wit Wolwe het tot dusver verantwoordelikheid vir die volgende terreurdade aanvaar:

* 'n Traanrookgranaat wat in April by die Moslemmoskee in Heidelberg gegooi is.
* 'n Traanrookgranaat wat op 27 Augustus tussen dansende jongmense in 'n veelrassige klub van die Holiday Inn op Secunda gegooi is.
* Die bom wat op 22 September in die Why Notdiskoteek in Hillbrow ontplof het. Twintig mense is beseer.
* Die bom wat Khotso Huis, wat onder meer die SA Raad van Kerke huisves, in puin gelê het.
* 'n Lid van die Wit Wolwe het op 12 Oktober die koerant The Namibian in Windhoek opgebel en verantwoordelikheid aanvaar vir 'n brand wat die koerant se kantore in puin gelê het.

Die polisie vermoed dat regses ook verantwoordelik was vir die onlangse brandstigting in Khanya Huis in Pretoria. Dit is die hoofkwartier van die Southern African Catholic Bishop's Conference.

Die waarnemende vise-kanselier van Wits Universiteit, PD Tyson, het gister gesê hulle is vooraf gewaarsku dat die Wit Wolwe 'n aanval op Wits beplan. Die kantore van Nusas op die kampus is Saterdag afgebrand.

Winnie Mandela, vrou van Nelson Mandela, sê sy word al dae lank deur 'n groep blanke mans geteister en sy vrees dat hulle by die Wit Wolwe betrokke kan wees.

# Louis Luyt op soek na 'n nuwe alliansie

*Van Bl 1*

Worrall en Malan die eerste persoonlike ontmoeting tussen dié twee leiers sal wees sedert hulle emosionele skeuring ná die Mei 1987 verkiesing. Ongeag, politieke verskille is daar ook sterk persoonlikheidsverskille tussen Malan en Worrall wat bygelê sal moet word.

De Beer, wat sedert sy oorname as leier van die PFP in Augustus vanjaar poog om 'n groter eenheid in linkse politieke geledere te bewerkstelling, het hom gister weer ten gunste van 'n verenigde linkse parlementêre opposisie uitgespreek.

Ernstige verskille oor buite-parlementêre deelname dwing egter 'n wig tussen die drie partye. Worrall stel min belang in buite-parlementêre deelname, terwyl die PFP dié veld met versigtigheid betree. Daarenteen ag die NDM sy deelname aan binne- en buite-parlementêre politiek ewe belangrik.

Malan het gister die huidige verdeeldheid oor beleid en strategie as 'n "dilemma" beskryf. Hy voorsien egter nie 'n kitsoplossing nie. "Daar is fundamentele verskille wat oorbrug moet word," het Malan gesê.

Worrall het gister gesê die OP sal Luyt se aktiewe deelname verwelkom. "Ons soek steeds 'n sterk basis van samewerking met die doel om Nasionale Party-steun te verower." Hy voorspel 'n algemene verkiesing in April aanstaande jaar.

Met die oog op só 'n verkiesing het Worrall het gesê die OP soek steeds na nuwe politieke alliansies met alle parlementêre groepe, ongeag van kleur. Worrall en die leier van die Arbeidersparty, Eerw Allan Hendrickse, voer ook geruime tyd reeds


# Vrye Weekblad

**Ons steek niks weg nie**

Maak seker jy kry Vrye Weekblad elke Vrydag - en spaar boonop 15% op die normale prys van R61,20.
Vir R52 (AVB ingesluit) kan jy Vrye Weekblad vir 12 maande kry. Vir 6 maande sal dit jou R28 (AVB ingesluit) kos.
Voltooi dié vorm en stuur dit met 'n posorder of gekruisde tjek aan:

VRYE WEEKBLAD, POSBUS 42637, FORDSBURG 2033.

Ek wil graag inteken op Vrye Weekblad vir 12/6 maande en sluit hiermee 'n posorder/tjek in vir R ..............................

NAAM ..............................

ADRES ..............................

..............................

Nog beter: watter wonderliker Kersgeskenk kan jy vir 'n spesiale vriend gee as 'n jaar se Vrye Weekblad in sy of haar posbus afgelewer?

Ek wil graag vir 'n vriend inteken op Vrye Weekblad vir 12/6 maande en sluit hiermee 'n posorder/tjek in vir R ..............................

NAAM ..............................

ADRES ..............................

..............................

**Ons sal jou ingelig hou**


## Dié week in die nuus

**Suid-Afrika**

**The Star** moet die kritiek van die Minister van Binnelandse Sake, Stoffel Botha, nie ernstig opneem nie. "Hy is een van die meer eenvoudige siele van die Suid-Afrikaanse politiek," sê Dennis Worrall, leier van die Onafhanklike Party.

**Rugbybaas** Louis Luyt probeer om blanke politieke partye links van die regering te verenig.

**UDF-leiers** tree as die binnelandse vleuel van die ANC op, bevind regter Kees van Dijkhorst in die Delmas-verhoor. Vroeër dié week trek hy beskuldigdes se borgtog terug.

**Die regering** sal waarskynlik 'n verbod plaas op die Blanke Bevrydingsbeweging, die eerste regsgesinde organisasie wat dié eer te beurt val. Sy leier, prof JC Schabort, kan ook ingeperk word.

**Janet Cherry**, Oos-Kaaplandse navorser van Idasa, word vrygelaat. Sy is op 23 September aangehou.

**Die Angolese** regering gee 'n visum aan Olivia Forsyth om die land te verlaat. Forsyth, wat na bewering vir Suid-Afrika op die ANC gespioeneer het, het in die Britse ambassade in Luanda geskuil.

**Die KP** beloof om "slegs blankes"-tekens op te rig in die stadsraadsgebiede onder hul beheer. "Laat hulle ons probeer keer," sê dr Ferdi Hartzenberg, KP-onderleier.

**Vlugingenieur** Eddie Boatwright sterf toe 'n Impala Mk1 naby Jan Smuts val. Die loods, kommandant Bob Masson, oorleef nadat hy uitgeskiet is.

**Die joernalis** John Conyngham wen 1988 se Olive Schreiner-letterkundeprys met sy roman The Arrowing of the Cane.

**Die Weermag** ondersoek 'n klag dat Weermaglede 'n lewendige slang gehang het om die nek van 'n leerling van St Wendolins, naby Pinetown, die aand voor die munisipale verkiesing.

**Die beplanning** vir die privatisering van Yskor het reeds ver gevorder, word berig.

**Meer as** 40 joernaliste kom in Kaapstad aan vir die "vrylating" van Nelson Mandela. Die koors loop hoog.

**PFP-leier** Zach de Beer sê Suid-Afrika het van 'n geëerde internasionale posisie na verwerping en isolasie beweeg. Waar daar ekonomiese groei was, is daar nou kruipende armoede.

**Rugbybaas Danie** Craven oorwin regse elemente in die Rugbyraad en kondig aan dat samesprekinge met die Sacos-geaffilieerde South African Rugby Union voortgaan.

**Die heteroseksuele** oordrag van Aids neem toe aan die Rand en in Natal, sê die Minister van Gesondheid, dr Willie van Niekerk.

**Nusas** se kantore op die Wes-kampus van die Universiteit van die Witwatersrand word aan die brand gesteek is. Skade bedra 'n halfmiljoen rand.

**Jean Ronald** Getty van Bishop's Court in Kaapstad skuld meer as R150-miljoen in die VSA, beweer die wêreld se twee grootste banke, Merrill Lynch en Credit Suisse. Dit is kleingeld vergeleke met die rykdom van sy pa, J Paul Getty I.

**Die Suid-Afrikaanse** Boksbeheerraad gaan die beveiliging van Suid-Afrikaanse boksers indringend ondersoek na die bevindinge van Brian Baronet se nadoodse ondersoek.

**Staatspresident** PW Botha beskuldig die pers daarvan dat hulle ministers teen mekaar afspeel en oor die agendas en besluite van die kabinet spekuleer. Joernaliste moet probeer om toeriste te lok en nie terroriste nie.

**Die 13 polisiemanne** betrokke by die Trojaanse Perd-hofsaak, waarin drie tienderjariges dood is toe polisie in 1985 uit 'n spoorwegvragmotor op hul gevuur het, sal moontlik privaat vervolg word deur die families van die slagoffers.

**Die verkope** van huise in swart woongebiede styg skerp, volgens syfers wat deur die Regering vrygestel is.

**Beperkinge** op die werwing van werkers uit Mosambiek vir die landbou en mynbou word opgehef ná samespreking tussen Mosambiek se minister van arbeid, Aguiar Mazula, en Suid-Afrika se minister van mannekrag, Pietie du Plessis.

**Die uniekomitee** van die Noord-Transvaalse Rugby-Unie keur die onlangse samesprekinge van drr Danie Craven en Louis Luyt met die ANC eenparig af.

**Drie lede** van die SA Polisie word afgedank nadat 'n aangehoudene, Oupie Mpete, 26, in polisieselle in Reivilo naby Vryburg dood is.

**Moeder Teresa**, op besoek aan Suid-Afrika, spreek haar sterk uit teen aborsie.

**Die Mediaraad** kritiseer die maand lange sluiting van The Weekly Mail en kondig aan dat hulle die saak met die Minister van Binnelandse sake, Stoffel Botha, wil bespreek.

**Twee mans** en 'n 13-jarige meisie sterf in Hammarsdale, Natal, in politieke geweld.

# Miljoenêr se fortuin uit armes

**Martin Welz**

BLOEMFONTEIN - Frik Siebert, 'n miljoener van Bloemfontein en borg van die Vrystaatse en Natalse simfonie-orkeste, het in die jongste jare baie geld gemaak uit spekulasie met gemeenskapsbouhuise wat aan die staat behoort het.

Siebert, 'n bekende prokureur en sakeman, het die regering se pogings gefnuik om die minder-gegoede burgers van Bloemfontein die kans te gee om huis-eienaars te word.

Pleks daarvan dat die staatskas - en die belastingbetaler - deur die verkoop van staatshuise baat vind, gaan die staat die volgende 25 jaar miljoene rande betaal aan subsidies op verbandlenings wat arm amptenare aangegaan het om spekulante se winste op dieselfde huise te betaal.

Siebert, een van Bloemfontein se rykste burgers, het in minder as tien jaar 'n fortuin gemaak deur met spekulasie die pryse van arm mense se huise die hoogte in te jaag.

Hy ry 'n Rolls Royce, het al by geleentheid R7 500 vir 'n bottel Franse wyn betaal, en hy word gereeld by hoë sosiale geleenthede gesien.

Hy huur soms die Vrystaatse Simfonie-orkes om vir hom op te tree en onthaal die rykes en magtiges swierig.

Terselfdertyd ry sy agente in die Vrystaat se armer blanke woonbuurtes rond op soek na staatsamptenare met 'n maandelikse salaris van tussen R500 en R600, wat vir staatsubsiedies in aanmerking kom en desperaat huisvesting vir hul families soek.

Siebert en sy vriende is veral aktief in Wilgehof, 'n ou voorstad suidoos van Bloemfontein se middestad, waar baie van die huise aan die staat behoort het.

Oor die afgelope tien jaar het hy en sy medewerkers meer as honderd van dié huise opgekoop en die pryse opgejaag.

Uit aktes wat Vrye Weekblad in die aktekantoor in Bloemfontein opgespoor het, blyk dit dat Siebert en sy spekulant-vriende huise van mekaar gekoop het om pryse op te jaag en hul dan teen 'n hoër prys aan amptenare met 'n huis-subsidie verkoop het.

Siebert het dikwels huise gekoop in die naam van Samantha Properties, 'n maatskappy wat aan hom behoort, en dit daarna aan homself verkoop. Daarna het het hy dit teen nog 'n hoër prys aan arm amptenare verkoop.

Kopers kan die huise slegs bekostig met verbandlenings wat blykbaar net Siebert kan reël by die Grahamstad-Bougenootskap, waar hy 'n groot belegger is.

## Rolls Royce

Twee lede van die spekulantekring, R Nel en Siebert, ry vandag Rolls Royce-motors en 'n derde, Charl du Plessis, 'n Porsche.

In Mei 1985 het Siebert 'n verjaarsdagparty in Bloemfontein se stadsaal gehou wat volgens destydse persberigte meer as R50 000 gekos het. Sukovs het die dekor vervaardig, en 'n deel van die Simfonie-orkes het ligte musiek vir 350 uitgesoekte gaste verskaf. Daar was ook twee dans-orkeste uit Johannesburg.



Dié voggies is kosbaar!

AAN 'n bottel wyn wat jou R7 500 uit die sak gejaag het, dra 'n man versigtig. Mnr. Frik Siebert, Bloemfonteinse prokureur, ontvang hier die duur bottel Franse wyn van die Staatspresident, mnr. P. W. Botha, terwyl mnr. Boet Troskie toekyk. Die bottel Chapelle-Chambertin, Grand Cru, 1976-oesjaar, is gisteraand ten bate van die Nasionale Party opgeveil op 'n onthaal wat die Troskie-broers in Bloemfontein ter ere van mnr. Botha aangebied het. Die bottel is deur mnr. Botha onderteken.

**Hierdie foto het in die Volksblad van 24 Junie 1986 verskyn**

Onder die eregaste was direkteure van die Grahamstad-Bougenootskap.

'n Steekproef wat Vrye Weekblad gedoen het uit rekords in die aktekantoor, het getoon dat die span spekulante onder Siebert se leiding binne twee jaar 'n wins van R430 000 gemaak het op net 28 Wilgehof-huise waarmee hulle gespekuleer het.

Die sukses van hul skema kan toegeskryf word aan die klaarblyklike onoordeelkundige verlening van huissubsidies aan amptenare wat verbandpaaiemente nie kan bekostig nie, en die Grahamstad-Bougenootskap, wat 'n noue verbintenis met Siebert het, en sy skema deurentyd steun.

Langs Wilgehof lê drie van die Vrystaat se grootste hospitale: Nasionale Hospitaal, Universitas Hospitaal en Oranje Hospitaal. Baie van die mense wat daar werk, verdien die soort salaris waarna Siebert se agente soek en waarop die staat subsidies op lenings van tot R50 000 toestaan.

Die staat het die afgelope tien jaar, en veral die afgelope vyf jaar, huise vir tussen R5 000 en R10 000 aan die inwoners verkoop. Skielik, nadat dit in die hande van spekulante beland het, kos hierdie huise nou R50 000. Die Grahamstad-Bougenootskap staan verbandlenings van 100 persent op die huise toe.

Baie van hulle verlaat die huise binne 'n jaar, arm en verbitterd, omdat hulle die paaiemente nie kan bybring nie. Dit belemmer egter nie Siebert se skema nie.

Volgens akte-rekords wat nagegaan is, het baie mense wat by Siebert gekoop het, kort daarna bankrot gespeel. In een so geval het Siebert 'n huis waarvoor R50 000 betaal is, vir R12 900 uit die bankrotboedel teruggekoop en dit onmiddellik weer vir R52 000 verkoop.

## Sukkel

Die kerk en welsyn klee en voed baie kinders van Wilgehof omdat hul ouers sukkel om huispaaiemente te betaal, sê ds Burger Gilmour van Wilgehof se NG-gemeente.

Die laerskool het sy aandag daarop gevestig dat kinders by die skool flou val. Toe die saak ondersoek word, is gevind dis kinders van huiseienaars wat soveel vir huise betaal dat daar nie geld vir kos is nie.

Hy het rede om te glo dat Wilgehof nie al plek is waar spekulante eenvoudige mense uitbuit nie, sê ds Gilmour.

Al sou die huise 'n paar maande leeg staan, raak dit die spekulante nie werklik nie. Die winste is groot, en die spekulasiespel vereis dat pryse wat deur spekulante opgejaag word, teen alle koste hoog bly - anders kan die bougenootskap aansienlike verliese ly.

In "Siebert se huise" trek gereeld nuwe inwoners in, kort op die hakke van dié wat uittrek - op vlug van hul skuldeisers en die balju. Bure ken mekaar nie meer nie.

Dikwels is die geldnood so groot dat huisbewoners klein agterplaaskamers uitverhuur aan swartmense wat in die stad of in meer gegoede woonbuurte werk.

Die staat se *huisverkoopaksie* is veronderstel om verligting te bring vir die staatskas, en aan armer mense die geleentheid te bied om hul eie huise te besit.

Uit Vrye Weekblad se ondersoek in Wilgehof blyk dit dat net die spekulante voordeel daaruit trek.

Die staat het maandeliks R75 huur vir sy gemeenskapsbou-huise ontvang, maar betaal nou self 'n subsidie van R425 'n maand per huis omdat die spekulasiebedrywighede van Siebert en sy vriende huispryse verdriedubbel het.

Die arme koper - hoofsaaklik hospitaalportiere, verpleërs of tuiniers by die staatskwekery wat almal minder as R600 per maand verdien - betaal R225 'n maand, meer as die helfte van hul nettosalaris en drie keer meer as voorheen.

Almal kan die gevolg sien: toue arm kinders wat by die NG Kerk se welsynkantoor om kos en klere aanklop. Selfs in die aktekantoor se droë dokumente kan 'n mens iets van die tragedie agterkom.

Vrye Weekblad het in sy ondersoek onderhoude met tientalle inwoners van Wilgehof gevoer. Feitlik almal was ontevrede met Siebert. Almal vrees dat hy hulle hof toe sal sleep en hul laaste goedjies sal kom vat as hulle nie betaal nie.

Die erfregisters van 'n gedeelte van Wilgehof is nagegaan - dit blyk dat amper die helfte van gemeenskapsbou-huise wat tot op daardie datum in Wilgehof verkoop is, in die hande van Siebert en sy vriende beland het.

Vrye Weekblad het ook gevalle opgespoor waar Siebert 'n belang by transaksies gehad het waar sy naam nie in die aktekantoor verskyn het nie. Deur nagenoeg 600 transporte na te gaan, is bereken dat uit 'n gemiddelde prys van R52 225 van 'n Wilgehof-huis, R34 660 in die sak van Siebert en sy sakevennote beland.

# Bitter twis ruk NG Sendingkerk

**Elsabé Wessels**

DIEP verdeeldheid in die moderatuur van die NG Sendingkerk oor die politieke implikasies van die Belhar-belydenis dreig om die kerk te skeur.

Die aanvaarding van die Belhar-belydenis, wat apartheid tot "sonde" en "kettery" verklaar het, het reeds op die Sinode van 1986 amper tot kerkskeuring gelei.

Die huidige krisis is 'n voortsetting van die konflik tussen dr Allan Boesak, die moderator, en ds Isak Mentor, die skriba en gewese moderator.

Die twis gaan onder meer oor of die kerk die funksies van verbode politieke organisasies moet oorneem, en oor die affiliasie van 'n ring by die UDF. Die voortsetting van die gesprek met die NGK oor kerkeenheid is ook op die spel. Die Sendingkerk het kontak met die NGK gestaak nadat sy algemene sinodale kommissie (ASK) Boesak se opmars na die Parlement saam met 150 kerkleiers in Februarie vanjaar sterk veroordeel het.

Boesak eis dat die verklaring teruggetrek word. Die NGK weier.

Boesak het dié week sterk standpunt ingeneem: "Die Belhar-belydenis



**Boesak: Kerk moet alles doen**

voorsien duidelike politieke konsekwensies en gee 'n duidelik opdrag om die staat te konfronteer.

"Die kerk moet alles doen om die staat op 'n geweldlose wyse teen te staan. Dit bepaal ook ons verhouding met die NGK, wat die kant van die staat kies."

Boesak se standpunt het die moderatuur van vier in twee verdeel. Aktuarius Ds Nic Apollis staan bankvas agter Boesak, terwyl Mentor en dr Andries Botha (skriba) Boesak teenstaan.

Weens die teenkanting, het Boesak die spesiale sinodesitting aangevra. Mentor en Botha werp alles in die stryd om die sinodesitting, wat vir Februarie beplan word, stop te sit.

Volgens Boesak moet die Kerk getoets word om uitsluitsel te gee oor die fundamentele verskille binne die Moderatuur: "As die sinode my nie gelyk gee nie, is ek bereid om my posisie neer te lê. Maar as die sinode my interpretasie van die Belhar-belydenis steun, moet Mentor sy posisie neerlê," sê Boesak.

Sê Mentor: "Ander wil op sterkte van Belhar hê die Kerk moet die politieke funksies van verbode politieke organisasies oorneem en die Kerk in praktiese politiek indompel, terwyl Belhar duidelik sê die Kerk moet nie bepaalde politieke partye bevorder nie.


"Ook wat gesprekvoering met die NGk betref, was die Sinode se standpunt duidelik dat dit voorgesit sou word, ten spyte van struikelblokke. Die gesprek kan nie opgeskort word oor 'n dispuut tussen die NGK se Algemene Sinodale Kommissie en individue van die Sendingkerk nie. Ek vereenselwig my nie met Boesak se optrede nie.

"As die Belydenis as 'n politieke manifes aangewend gaan word om praktiese politiek te bedryf, gaan die Kerk sy opdrag oorskrei," sê Mentor. Hy is veral gekant daarteen dat die Ring van Wynberg by die UDF geaffilieer het.

Prof Johan Heyns, moderator van die NG Kerk wat dié week in Die Kerkbode 'n persoonlike pleidooi tot versoening aan Boesak en Aartsbiskop Desmond Tutu gerig het, hou egter vol dat die NGK nie kans sien om die verklaring teen Boesak en die ander kerkleiers terug te trek nie. "Ons het 'n kritiek gelewer op die duidelike verpolitisering van die kerk," voer Heyns aan.

Oor die verlangde strukturele eenheid tussen die NGK en sy drie dogterkerke - die Sendingkerk, die NG Kerk in Afrika en die Reformed Church in Africa - sê Heyns: "Ons het reeds 'n kerkskeuring gehad. Een kerk vir almal is vir baie blankes nog 'n baie sensitiewe saak."

Verskeie leraars van die Sendingkerk het hierdie week aangevoer die NGK se teensinnigheid om apartheid heeltemal af te lê en hom nie finaal los te maak van die regering nie, 'n spanningselement tussen die NGK en die Sendingkerk sal bly. "Kerkeenheid is 'n teologiese kwessie nie 'n politieke skaakspel nie," het hulle aangevoer.


'n Vrye-ondernemingstelsel vereis mense wat vry en ondernemend is. Sonder gelyke geleenthede kan hulle dit nie wees nie. Die verwydering van alle maatskaplike, politieke en ekonomiese struikel-blokke sal hierdie vrye gees aanwakker.
Anglo American Corporation
JONSSONS



# Wil iemand dié ouman nog hê?

**Max du Preez**

DIE eens lewenskragtige Nasionale Party het 'n iesegrimmige ou man geword.

Dié simboliek het my getref toe ek dié week na afloop van die party se Transvaalse kongres in die Pretoriase stadsaal in die toilet my vasloop in 'n ou oom by die krip wat só deur 'n verskriklike hoesbui oorval is dat 'n ander bejaarde afgevaardigde hom moes help regop hou.

Die party het duidelik voor my gestaan: 'n knorrige, hardhorende ou man met valstande, 'n whisky-neus en lewervlekke op sy gesig. Sy duur sybokhaarpak span styf om sy welvarende boepmagie. Hy slaan sy vrou, en sy kinders verduur hom net omdat hy hulle pa is. Almal skinder oor hom, maar doen dit net agter sy rug want hy is die rykste man in die omgewing en 'n ouderling boonop.

Sover die analogieë. Die kongres self was die "non-event" van die jaar. Al wat 'n bietjie "lewe" in die driedaagse gesleur geblaas het, was die Wit Wolf wat 'n paar blokke van die stadsaal af vyf swartmense doodgeskiet het. Die gevoel onder kongresgangers was amper een van selftevredenheid en leedvermakerigheid: dié regses is darem 'n klomp skuim...

Die hoogtepunt was veronderstel om Staatspresident PW Botha se openingstoespraak Maandagaand te gewees het.

Die stadsaal was teen sewe-uur al half-vol met afgevaardigdes - meestal ouer mense en almal redelik welvarend. Op die een balkon het 'n paar brekers met wolwange en ronde magies gestaan bo 'n banier wat sê "Witbank is Nasionaal." Niemand het hulle ernstig opgeneem nie. 'n Oubasie het hard probeer om lewe in die lot te blaas deur hulle te laat volksliedjies sing. Hy het nie veel reggekry nie, en die wat wel saamgesing het, kon nie by die orrel se tempo hou nie. En dan die gebruiklike "And for our English friends, lets sing My Bonnie lies over the ocean." Ag nee, man.

En daar kom die hele kaboedel die verhoog op asof botter nie in hul monde kan smelt nie. Louis Nel van Infoliedjie-faam (saliger gedagtenis) is die enigste wat opgeruimd lyk en met die ander gesels. Ek het nooit geweet wat die uitdrukking "grys in die gesig" beteken totdat ek vir Chris Heunis gesien het nie. En dan staan net sy vrou tussen hom en Pik Botha! Wat 'n mens darem nie vir die party sal doen nie.

PW Botha se perssekretaris, Jack Viviers, verjaag die horde internasionale TV-manne op die verhoog. Hulle moet almal eenkant toe, want blykbaar mag die Staatspresident net van die een kant af afgeneem word. Hoekom?

'n Beroering. Die saal is nog nie vol nie, maar die Staatspresident en Hoofleier van die Party het aangekom. "En hoor jy die magtige dreuning.." sing die mense terwyl PW en tant Elize hand aan hand die verhoog opstap. Ek het geen magtige dreuning gehoor nie, behalwe toe die lied klaar is en FW de Klerk wil praat en die luidsprekerstelsel nie wou ophou dreun nie.

"Laat Heer u seën op hul daal," sing die mense die Botha-paar toe. Al die ministers sing met oop monde saam. Ek wonder of hulle nie in hul harte die Staatspresident iets anders toewens nie.

Prof Koekemoer open met skriflesing en gebed. Ek kon sweer hy probeer 'n boodskappie vir die Kabinet in sy teks insmokkel: "Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie," en "ons het almal genadegawes wat van mekaar verskil."

Onder gebed loer ek vir die belangrike manne. Heunis, Pik en Magnus het hul oë styf toegeknyp en hou hul koppe 45 grade na bo. Ek kan rapporteer dat Heunis twee keer geloer het, en tant Elize een keer. Willie van Niekerk het sommer 'n hele paar keer geloer.

FW doen die verwelkoming. Hy praat so wragtig van die "tintelende" gees in Transvaal! En dan verwelkom hy die "party-ondersteunende pers" se redakteurs op die verhoog...

PW kom aan die woord. Hy sê met God se genade sal die land se toekoms verseker wees. Die mense klap hande, seker met die wete dat niks minder as dit nodig gaan wees met die gemors wat op die oomblik aangaan nie.

Die toejuiging raak 'n bietjie meer entoesiasties as PW sê Suid-Afrika se toekoms sal nie deur 'n soort Lancaster House-beraad beslis word nie, want (en hy slaan sommer na Engels oor sodat die giftige buitelanders ook kan verstaan) "South Africa is not for sale."

Die president sê die mooiste dinge. Die regering glo in die demokrasie en in menseregte. Die regering is verbind tot verteenwoordigende regering. Diep in hul harte weet die afgevaardigdes dit is "Natspeak", en hulle gee nie om nie.

Maar meestal dreig PW. (Is dit nie wat hy die beste doen nie?) Hy dreig die mense wat "oor die grense gaan om met terroriste te praat" en dreig om te onthul wie die jongstes is om tot dié mense se reise by te dra.

Maar meestal dreig hy die pers. Omdat hulle die NP se leiers aftakel en ministers teen mekaar afspeel (sies, wie was so gemeen?) Omdat hulle net die lelike in Suid-Afrika uitbeeld en so toerisme skade aandoen. Hy noem die pers lunsrieme. (So 'n mooi ou woord wat al in onbruik geraak het.) En hy dreig met nog nuwe wetgewing om die pers in te kort.

PW het ook 'n nuwe sê-ding aangeleer wat hy baie snaaks vind. Hy praat van die pers wat "so op hitte raak net voor die naweek". Hy het dit in Newcastle ook gesê, maar dié keer gaan hy verder en praat van die "miskrame" wat hy verwag. Sy eie vrou en ander kabinetslede se vroue wys op hul gesigte dat hulle dink dit is in swak smaak. Sy media-adviseurs sit met hul koppe in hul hande.

Die aand is verby. Die internasionale pers is kwaad omdat hy omtrent net Afrikaans gepraat het. Vir 'n oomblik het ek gewens ek kon ook nie Afrikaans verstaan nie.

So begin drie dae se absolute verveeldheid. Die een minister na die ander staan op, bedank mekaar tot vervelens toe en sê dan niks. Dankie tog vir oom Hendrik Schoeman wat so nou en dan 'n grappie maak.

Party afgevaardigdes raak selfs morrig as hulle die een na die ander vra dat die regering sy beleid van hervorming moet verduidelik, en Chris Heunis aanhou sê hy kan nie of hy gaan nie of hy wil nie. Miskien weet hy dat niemand hom gaan verstaan nie selfs al het hy verduidelik. Teen Donderdag is die helfte van die afgevaardigdes nie eens meer daar nie.

Die Nasionale Party het 'n iesegrimmige ou man geword wat dringend 'n hart-, long en lewer-oorplanting nodig het. Selfs 'n oordosis Salusa 45 gaan nie meer help nie.

## 'n Soeke na rigting

DAAR was beslis 'n sterk hervormingsgees te bespeur onder die afgevaardigdes by die Transvaalse kongres van die Nasionale Party. Maar daar was ook soeke na rigting, sê Piet Coetzer, direkteur van inligting van die Nasionale Party in Transvaal.

Hy het gereageer op besware dat minister Chris Heunis nagelaat het om die regering se hervormingsplan te verduidelik. Heunis is deur verskeie afgevaardigdes gevra om die hervormingsbeleid duidelik uit te spel. Heunis het gesê dit help die regering nie om 'n bloudruk vir grondwetlike ontwikkeling uit te spel nie.

"'n Mens moet begrip hê dat dit selfs gewaagd kan wees om te veel detail uit te spel voor mens by die onderhandelingstafel kom. Elke groep moet by die onderhandelingstafel sy bloudruk voorlê," sê Coetzer.


# DIE SUID-AFRIKAAN




## Wees ingelig
## Lees DIE SUID-AFRIKAAN

DIE SUID-AFRIKAAN is 'n onafhanklike meningsblad wat elke tweede maand verskyn. Intekengeld vir 'n jaar beloop R13,50. Vul net die vorm hieronder in en pos dit saam met 'n tjek of posorder vir R13,50 aan: DIE SUID-AFRIKAAN, Breestraat 215, Kaapstad 8001.

**Naam:** ..........................................................................

**Adres:** ..........................................................................

.......................................... **Poskode:** ..........................................

*AN IDASA CONFERENCE*

# STRATEGIES FOR CHANGE

**Friday 25 - 26 November 1988**
Oppenheimer Life Sciences Building
Wits University

HEAR:
Dr. F van Zyl Slabbert
Dr Denis Worrall
Dr Zac de Beer
Mr Wynand Malan
Mr Andrew Boraine
Mr Khehla Shubane
Rev AB du Toit
Fr Smangaliso Mkhatshwa
Prof Dawid van Wyk
Mr Eddie Cross
Dr Ronnie Bethlehem
Prof Pieter le Roux
Prof Lawrence Schlemmer
Mr Mark Orken
Dr Alex Boraine

SPEAK ON
Political Strategies for change
Strategies in the spheres of local government, the church, economy, the international arena
A Zimbabwean perspective

COST: R25.00

**For further information and registration phone: 318-1504 or leave a message at 393-1021 code 3463 and we will get back to you.**

# 'Dankie vir almal wat vir my gebid het'

**Jacques Pauw**

DIT was die ergste vorm van wreedheid en ontmensing: aan die boom was Eric Sambo, 'n middeljarige en ongeletterde plaaswerker wat R80 per maand verdien het, met 'n tou vasgemaak. Hy is reeds deur sy gewese werkgewer, 'n 23-jarige frisgeboude boer van die Soutpansberge, geslaan en geskop.

Maar Sambo se marteling was steeds nie verby nie. Nadat hy 'n nag aan die boom moes bly, is hy die volgende dag verder geskop en geslaan. Vier plaaswerkers is beveel om Sambo met apiesvy-latte te slaan. Hulle het dit gedoen.

'n Tweede man en vriend van die boer het ook aan die aanranding deelgeneem deur Sambo te klap en met 'n nylontou op sy boude en oor sy rug te slaan.

'n Stuk lap is oor Sambo se gesig getrek, waarna water oor sy kop gegooi is. Sy voete is onder hom uitgeskop en verskeie skote is naby hom vasgeskiet om hom skrik te maak.

Sambo is deur sy aanrander na die polisiekantoor op Levubu gebring waar hy kort daarna dood is. Hy het bloeding op die brein gehad.

Hierna het die reg sy loop geneem. Die boer wat Samba doodgeslaan het, Jacobus Vorster, van Perseel 20, Levubu, is van moord aangekla. Saam met hom in die beskuldigdebank was Petrus Jacobus Leonard, 22, van die plaas Mouwkop, Louis Trichardt.

Twee weke gelede het Vorster en Leonard verlig uit die Hooggeregshof in Louis Trichardt gestap.

Vorster is nie aan moord skuldig bevind nie, maar wel aan strafbare manslag; Leonard was skuldig aan aanranding.

Regter Jan Strydom se uitspraak het vandeesweek 'n polemiek in regskringe in Suid-Afrika en in die buiteland ontketen. Die regter was uiters toegeeflik, meen regsgeleerdes.

Vorster is vir sy misdaad gevonnis tot R3 000 boete en 'n opgeskorte vonnis van vyf jaar tronkstraf. Hy is ook gelas om die weduwee Samba R130 per maand vir die volgende vyf jaar te betaal.

In dieselfde tyd wat Vorster vir sy misdade geoordeel is, is 'n man van Louis Trichardt drie jaar tronk toe gestuur nadat hy skuldig bevind is aan veediefstal.

Jacob Johannes Retief, 34, en twee vriende het op 2 Julie vanjaar twee beeste, waarvan die eienaars nie opgespoor kon word nie, op die Vivo/Louis Trichardtpad met 'n R1-geweer doodgeskiet.

'n Paar dae na Vorster se hofsaak is 'n vyftigjarige man van Louis Trichardt, Clive Costello, ook met R3 000 of 'n jaar tronkstraf gevonnis nadat hy boumateriaal van R7 700 gesteel en aan swartes verkoop het.

Dieselfde boete en vonnis, opgeskort vir drie jaar, is aan Ragem Jeram, 'n 22-jarige Indiërmeisie, opgelê nadat sy in Louis Trichardt se landdroshof skuldig bevind is aan diefstal van R3 000.

Vorster is vandag terug op sy plaas waar 44 swart arbeiders vir hom werk. Die feit dat hy soveel arbeiders het, het as versagtende omstandighede gedien.



Jacobus Vorster wys na die boom waaraan Eric Sambo vasgemaak was

Vorster het onskuldig op die moordklag gepleit, maar hy het wel strafbare manslag erken. Leonard het skuldig gepleit aan aanranding.

Die staat het uiteindelik Vorster se pleidooi van strafbare manslag aanvaar.

Die hele drama draai rondom die dood en verminking van twee van Vorster se Doberman-honde.

Middel Oktober 1987 was Sambo in diens van Vorster se pa, maar het ook werk vir Vorster junior gedoen.

Gedurende hierdie tydperk het Sambo 'n trekker aangeskakel waaraan 'n bossiesnyer gekoppel was. Twee jong hondjies was onder die bossiesnyer. Een is dood en die ander vermink.

Die hof het gehoor dat Vorster vir Sambo gewaarsku het om nie die bossiesnyer aan te skakel nie. Hy was glo ook van die honde se teenwoordigheid bewus.

Kort hierna is Sambo van die plaas af weg. Vorster en Leonard het Sambo en sy suster in Desember verlede jaar langs die pad naby Levubu gekry. Vorster het uitgeklim, Sambo toegetakel, in die voertuig gelaai en plaas toe geneem. Hierna het die aanrandings begin.

Die regter het bevind dat daar versagtende omstandighede bestaan. Vorster is jonk, 'n eerste oortreder en 44 plaaswerkers is afhanklik van Vorster vir werk. Daarbenewens was daar die afgelope jaar spanning tussen Vorster en sy vrou en hy is ook vir 'n drankprobleem behandel.

Getuienis is deur hoofman Mudau Ndwambi afgelê oor Vorster se goeie verhouding met hom. Hy het gesê Vorster was 'n goeie buurman en gee werk aan sy mense.

Strydom het in sy uitspraak gesê daar is geen rede vir enige persoon om die reg in eie hande te neem nie. Vorster het die lewe van 'n ander met geweld geneem.

Vorster het Sambo aangerand deur hom te skop, met die vuis en 'n stok te slaan, hy het sy vriend aangemoedig om hom aan te rand en vier plaaswerkers gedwing of mislei om die oorledene genadeloos en wreed toe te takel, het die hof bevind.

Die regter het ook gesê dat die "vonk in die kruitvat" in 'n mindere mate voor die deur van Sambo gelê kan word. As die arbeider geluister het en nie die trekker aangeskakel het nie, sou die voorval nie plaasgevind het nie.

Strydom het met die verdediging saamgestem dat dit nie in Vorster se belang is om tronk toe te gaan nie.

Leonard is tot R500 boete of drie maande tronkstraf gevonnis.

Maria, die enigste familielid van Sambo wat in die hof was, se getuienis is nooit aangehoor nie. Terwyl die mense die saal verlaat het, het sy gesê: "Ek verstaan nie wat die regter gesê het nie. Selfs die swart polisieman het gesê dit is nie regverdig nie."

Die Zoutpansberg Adviesburo en die Black Laywers Association se Legal Education Centre in Johannesburg help Sambo se familie om 'n siviele eis in te stel.

* In die Soutpansberger, wat breedvoerig oor die hofsaak verslag gedoen het, het die volgende nota onder die opskrif "Dankie" onder die berig oor die hofsaak verskyn:

"Ons sê opreg dankie aan elkeen wat ons tydens ons krisis onderskraag het, hetsy met gebede, 'n besoek, telefoonoproep, brief, kaartjie of bemoedigende woord.

Die Vorster en Leonard-gesinne."

# Straf gering, misdaad gruwelik, sê regsgeleerde

**Jacques Pauw**

HY vind dit jammer en verwerplik dat ons howe skynbaar die standpunt inneem dat indien die slagoffer van geweld swart is, en die geweldenaar wit, dit as versagtende omstandighede dien.

Só meen prof Johan van der Vyver, bekende regsgeleerde van die Universiteit van die Witwatersrand. Hy het kommentaar gelewer op die hofuitspraak in Louis Trichardt waar Jacobus Vorster hierdie maand gevonnis is. Hy sê:

"Dit is uit die gegewens duidelik dat die beskuldigde 'n gruwelike misdaad gepleeg het. Ek vind dit verbasend dat die staat 'n pleidooi van strafbare manslag aanvaar het.

"In die lig van al die omstandighede skyn 'n boete van R3 000 buitengewoon gering te wees. Ek persoonlik sou hierdie geval skaar by die vele ander waar wit-teen-swart geweld deur die hof geringer geskat word as wat gewoonlik die geval is met swart-teen-wit geweld."

Die hofsaak het geweldige publisiteit in veral die buiteland gekry en is gekoppel aan die uitspraak van die "Sharpeville Six". Laywers for Human Rights het ook die uitspraak bevraagteken en gesê dit blyk weer eens dat wit en swart nie gelyk voor die howe is nie.

Van der Vyver sê hy wil nie graag kommentaar op die uitspraak lewer nie omdat dit 'n regsbeginsel is dat elke vonnis individueel beoordeel word. Die hof neem die feite van die saak, die persoonlike omstandighede van die beskuldigde en die belange van die gemeenskap in ag.

"Nogtans is daar 'n reeks gevalle van wit-teen-swart geweld waar dit lyk asof die strawwe belaglik is. Enkele jare gelede was daar 'n geval waar 'n polisiebeampte 'n bruinman doodgeslaan het omdat hy in die geselskap van 'n wit vriendin was. Hy is aan aanranding skuldig bevind en met R30 beboet.

Hy sê indien die beskuldigde dit kon voorsien dat die oorledene kon sterf weens die ernstige aanranding, dan sou skuldigbevinding aan moord die aangewese uitspraak wees.

"In 'n land soos Suid-Afrika met sy ingewikkelde rassepolitiek behoort die regspleging daarop bedag te wees om geweldadige misdade oor die kleurskeidslyn heen swaar te straf. Ons kan dié soort misdaad in Suid-Afrika nie bekostig nie," sê Van der Vyfer.

# ANC en UDF 'praat dieselfde taal'

**Jacques Pauw**

DIE ANC en die UDF "praat dieselfde taal", wat deurdrenk is met Marxistiese frases. Die UDF verheerlik die ANC deur liedjies, toesprake en slagspreuke.

Hulle gebruik dieselfde terminologie, soos byvoorbeeld "comrades" en "people's power" en beskryf die regering as die "vyand" en swart raadslede en tuislandleiers as "puppets".

Dit is deel van die uitspraak van regter Kees van Dijkhorst toe die laaste rondte van die Delmas-verhoor vandeesweek in die Paleis van Justisie in Pretoria begin het.

Die uitspraak het op 'n emosionele noot begin toe die "UDF Three" te midde van luide toejuiging in die beskuldigde-bankverskyn het. Talle van die hofgangers het gebalde vuiste gewys.

Dit was die 438ste dag van hierdie hofsaak wat op 11 Junie 1985 begin het. Dinsdagoggend het Van Dijkhorst begin om sy uitspraak van 1 521 bladsye te lewer. Die uitspraak self sal na verwagting twee weke duur.

Voor die regter sy uitspraak begin het, het hy die borg van agt van die negentien beskuldigdes teruggetrek. Die "UDF Three" - Popo Molefe, Patrick Lekota en Moss Chikane - is sedert die aanvang van die verhoor in die tronk omdat borg aan hulle geweier is.

Met middagete op die eerste dag het die ander agt beskuldigdes saam met Molefe-hulle die trappies na die hofselle afgestap. Onder hulle is die 63-jarige Sam Matlole.

Die beskuldigdes staan tereg op aanklagte van hoogverraad en alternatiewelik ondermyning, die bevordering van die doelwitte van die ANC, terrorisme en vyf moordklagtes.

Die sleutelvraag in die saak is: het die beskuldigdes, deur hulle betrokkenheid by die UDF, saamgesweer om die staat met geweld omver te werp?

Van Dijkhorst het die UDF se beginsel van nie-geweld verwerp. Hy het gesê as die UDF 'n nie-geweldadige organisasie is, sou mens verwag dat hy Nelson Mandela sou aanmoedig om geweld te verwerp en hom by die UDF aan te sluit.

Hy het toegegee dat die UDF 'n losse groepering is en dat die een deel nie verantwoordelik gehou kan word vir die dade van die ander nie. As die UDF nie geweld voorstaan nie, sou onmiddellike, drastiese aksie teen enige spreker wat dit op 'n UDF-platform bepleit, verwag kon word.

Oor die UDF se rol in die skoolboikot en optredes van skoliere tussen 1983 en 1985, het die regter gesê:

"Die UDF beskou skoliere, studente en werklose jeugdiges as magte in die vryheidstryd en ondersteun, lei en manipuleer hulle in daardie rigting."

Hy het bygevoeg dat die UDF die onderwysstelsel wil vernietig. Die UDF het hom nog nooit teen die onwettige optrede van skoliere uitgespreek nie, het hy bevind.

Die UDF se oogmerk was om die massas effektief te mobiliseer - en toe die uitbarsting (in 1984) kom, het hy dit as 'n oorwinning gesien. Die UDF het die ontwrigting en geweld wat deur die huurboikotte veroorsaak is, verwelkom as 'n manier om die jeug te mobiliseer.

Die regter het die groot aantal veroordeelde ANC-lede wat nou belangrike posisies in die UDF beklee, bevraagteken. As voorbeeld is die geval van Martha Mahlanga genoem, die ma van 'n "terroris en moordenaar". Sy beklee nou 'n pos in die uitvoerende komitee.

Die regter het saam met die verdediging gestem dat dat UDF nie alleen die vrylating van Mandela bepleit nie - Inkatha doen dit ook. Hy het gesê die verskil is dat Inkatha nie 'n veldtog daaroor voer nie en teen geweld is.

Die verdediging se verduideliking dat die sing van liedjies by vergaderings deel van die swart kultuur is, is deur die regter verwerp. Liedjies soos "The Supreme Court is on Fire" en "Mandela wants soldiers for freedom" is bewys daarvan dat dit onder meer bedoel is om mense opnuut aan die "struggle" toe te wy, het Van Dijkhorst bevind.

Die saak duur voort.

Vrye Weekblad

## Te laat . . .

Woensdag se rassistiese bloedvergieting in die strate van Pretoria het nie as 'n verrassing gekom nie. Die verrassing is dat so iets nou eers gebeur.

Te lank is daar in hierdie land toegelaat dat rassehaat opgesweep word.

Te lank is eenkant toe gekyk as ongebalanseerde mense dreig met geweld as hulle nie hul wit sin kry nie.

Te lank is daar gesê as jy teen die regse ekstremiste optree soos jy teen die linkses optree, gaan jy martelare skep en "die tier in die Afrikaner wakker maak".

Te lank het ons howe, veral die laer howe, rassistiese dade en geweld teenoor swartmense deur ligte strawwe onregstreeks gekondoneer.

Te lank het die polisie geweet van regse militantes in sy midde sonder om op te tree, en te lank het polisieondersoeke na regse geweldpleging en bomaanvalle op niks uitgeloop nie.

Te lank het ons Afrikaanse predikante hulle profetiese roeping in die party-politiek gaan soek pleks van om hul Bybelse plig na te kom en hul mense vreesloos te waarsku teen apartheid en rassisme as een van die grootste sondes.

Te lank het ons skole onder die vaandel van Christelike Nasionale Onderwys die uitverkorenheid van die witman in sy klaskamers verkondig.

Te lank is Afrikanerskap gebruik om rassisme en haat goed te praat.

Te lank het ons Afrikaanse koerante, radio en TV rassisme, eie-bevoorregting en onderdrukking en al die eufemismes daarvan agter mooi woorde weggesteek.

Te lank het goeie Christen-Afrikaners stilgebly oor hul leiers en volksgenote se obsessie om wit, eenkant en bevoorreg te wees.

Te lank het ons almal toegelaat dat rassisme soos 'n kanker ons samelewing van binne af wegvreet.

Kerkstraat se bloed kleef nie net aan die hande van die jong rassemoordenaar nie.

Eugene TerreBlanche van die Nazi-agtige Afrikaner Weerstandbeweging en sy trawante wat naïewe jong mense met hul rassehaat van verhoë af opsweep, moet vanaand baie hard en eerlik gaan sit en dink hoe groot hul aandeel is in die skep van monsters soos dié wat Woensdag onskuldige mense afgemaai het net omdat hul velle swart is.

Andries Treurnicht van die Konserwatiewe Party - 'n voormalige dominee - en sy vriende moet net so eerlik wees met hulself oor die adder wat hulle in hul boesem vertroetel. KP-ondersteuners moet nou opstaan en eis om te weet wat hul party se verhouding met hierdie soort geweldenaars is.

Dit is tyd dat die KP deeglik besin of die bedekte rassisme waarop hul beleid en aanslag gebaseer is, voor hul Skepper regverdigbaar is en of dit nie help om die atmosfeer te skep waarin die Wit Wolwe en ander terroriste floreer nie.

Staatspresident PW Botha en sy regering moet ook vanaand besin of hul beleid van witmansregering, demonisering van al wat swart nasionalistiese organisasie en -leier is en hul gepamperlang van regse ekstremiste nie gehelp het om 'n klimaat te skep waarin polarisasie al erger word nie.

Vir ons swart mede-burgers wil ons vra: moenie dink aan vergelding nie, hoe groot die provokasie ook al is. Vergelding en teen-vergelding gaan ons land in 'n Libanon verander.

## So sê hulle . . .

"En ons vyande kan nou maar bietjie ophou vertel hoe ek die Minister van Staatkundige Ontwikkeling van sy amp gaan ontslaan. Hy het meer gedoen om hervorming in hierdie land tot stand te bring as enige een van hierdie kritici.

Ons vyande kan bietjie maar vertel dat Minister de Klerk deur anderkollegas geopponeer word en dat daar tweestryd in die Kabinet is. Ons verskil soos manne, ja. Natuurlik. Ons is nie 'n klomp swape wat almal met een geluid praat nie. Maar wanneer ons verskil het met mekaar, dan ken ons ons plek en erken ons die plek van leiers in hierdie land." PW Botha by die NP-kongres.

"Hoe lank gaan dit vir ons neem voor ons sê: maar die koning is kaal!" - Louis Luyt.

"The editor of this newspaper, Zwelakhe Sisulu, has been held under the emergency regualtions for 692 days. Like thousands of other people - including children - he continues to languish in jail without trial or charge. While local and international society continues to voice concern over this gross abuse of human rights, some cabinet ministers are still prepared to defend the government's shortsightedness.". - Hoofartikel, New Nation, 16 Nov. 1988.

Koerante het hulle, sover ons weet, nog nooit in sulke beledigende taal oor die politici uitgelaat nie." - Hoofartikel in Beeld oor PW Botha se aanval op die pers.




# Beitel die NP tot hy breek

**Sampie Terreblanche, Professor in Ekonomie aan die Universiteit van Stellenbosch en voormalige ondervoorsitter van die SAUK Raad, skryf oor die rol van die Nasionale Party in Suid-Afrika vandag.**

VERVAL is kennelik die Nasionale Party se voorland. Maar die gewenste verbrokkeling van die NP gaan waarskynlik té laat plaasvind.

Ek self is al in NP-gesinde koerante daarvan beskuldig dat ek die NP soos die Romeinse Ryk met die grond wil gelykmaak, weens my mening dat die NP nie daartoe in staat is om Suid-Afrika uit sy huidige toestand van stagnasie, krisis, strukturele ongelykheid, internasionale isolasie en apartheid te red nie.

Vir my is dit 'n yslike arrogansie om die NP met die Romeinse Ryk te probeer gelykstel.

Maar miskien is die beeldspraak tog van toepassing. Die Wes-Romeinse ryk is op die ou end nie gesloop deur die "vernietigingsdade" van buitelanders nie. Dit het hoofsaaklik verval vanweë inherente swakhede en onversoenbare teenstrydighede.

Sedert die Verkiesing van 1987 is geen vordering met grondwetlike hervorming gemaak nie. Inteendeel. Die "inisiatiewe" wat van stapel laat loop is, het op agteruitgang neergekom.

Met die wetgewing oor Groepsgebiede het die NP-regering onteenseglik bewys dat hy nooit aan sy selfopgelegde gevangenskap van rassisme en apartheid sal kan ontsnap nie.

Selfs stoere ondersteuners van die NP sal in 'n weloorwoë oomblik moet toegee dat die NP die gevangene van sy eie ouderdom as 'n regerende party geword het. Die gebrek aan nuwe idees en aan verbeelding word by die dag meer opsigtelik. Die ouderdom het die NP volledig ingehaal!

Niemand kan meer twyfel dat die NP-regering die gevangene van die oorgroeide en oorbevoordeelde burokrasie - en veral van die "securucratic" deel daarvan - geword het nie.

Die verstaatliking van die politiek vanweë die "ineengroei" van die (Nasionale) Party en die (Burokratiese) Staat oor die afgelope 40 jaar, het tot gevolg dat diegene wat "binne" die establishment sit, lank nie meer in terme van 'n demokratiese regeringsverandering kan dink nie.

Dit is dan ook geen wonder nie dat mense wat hulle vir die ondergang van die NP beywer, voorgehou word as mense wat hulle vir die ondergang van die Staat beywer. Hierdie Net-Een-Party-wat-kan-regeer sindroom is 'n onrusbarende - en hoogs ondemokratiese houding.

Die NP is lank reeds nie meer deel van die oplossing van die Suid-Afrikaanse probleem nie. In stede van 'n werktuig vir hervorming te wees, lê die NP-regering soos 'n yslike klip in die pad van Suid-Afrika en versper die egte hervorming na 'n meer stabiele en voorspoedige toekoms vir al Suid-Afrika se mense.

Hoe kry 'n mens die yslike NP-klip uit die pad?

Dit sal nie maklik wees nie. As gevolg van jarelange politieke en burokratiese bevoordeling, het die gevestigde belange wat baie persone en instansies in die voortbestaan van die NP-regering verkry het, só geakkumuleer, dat die NP-klip nou loodswaar in die pad na 'n beter Suid-Afrika lê. Die politieke hefbome om dit demokraties uit die pad te rol, bestaan ongelukkig nie.

En solank die NP en die Konserwatiewe Party voortgaan om blanke vrese roekeloos vir partypolitieke doeleindes aan te blaas en om blanke rassevooroordele openlik uit te buit, sal dit bitter moeilik wees om sodanige partypolitieke hefbome te bou.

Maar voor 'n mens begin om heeltemal moedeloos te raak, moet ons nie vergeet van al die barste wat duidelik op die "struktuur" van die NP-klip sigbaar geword het nie. Een of ander tyd sal iets moet meegee.

Al wat nodig is, is dat almal wat die NP-klip uit die pad wil hê, soos N.P. van Wyk Louw vir hulle 'n "beiteltjie" sal slyp en dit sal gebruik om die barste van die NP-klip te hamer:

Ek kry 'n klein klein beiteltjie,  
ek tik hom en hy klink;  
toe slyp ek en ek slyp hom  
totdat hy klink en blink.

Ek sit 'n klippie op 'n rots:  
- mens moet jou vergewis:  
'n beitel moet kan klip breek  
as hy beitel is -

ek slaat hom met my beiteltjie  
en dié was sterk genoeg:  
daar spring die klippie stukkend  
so skoon soos langs 'n voeg:

Aan barste of voeë ontbreek dit beslis nie op die NP-klip nie. Kom ons noem net 'n paar:

* Die verregse bedreiging het 'n vreeskompleks in NP-kringe ontketen en die pogings om dit met hernieude rassisme en apartheid (bv. die strenger toepassing van groepsgebiede) te besweer, is tog in vandag se wêreld onhoudbaar!
* Die gebrek aan ware magsdeling en egte hervorming skep 'n geloofwaardigheidskrisis wat tog nie met konstitusionele aan-las-tery (ad-on-ism) - in die vorm van steeds meer en lomper grondwetlike strukture en burokratiese liggame - beredder kan word nie. Selfs die skatkis kan dit nie langer verdra nie.
* Die verskerpte "resiesjaery" van senior kabinetslede vir die Tuynhuys-trofee is besig om hande uit te ruk en daar is tekens dat die "jockeys" hulle uit pure frustasie aan ongeoorloofde obstruksie begin skuldig maak!
* Maar die vernaamste krake in die NP-struktuur word egter veroorsaak deur die negatiewe per capita-groeikoers van die ekonomie oor die afgelope 15 jaar en die spanning wat dit ontketen. Die staatsamptenare, die mielieboere, die koringboere, die onderwysers, die ander bevolkingsgroepe, ens. eis almal hulle vermeende pond vleis op en die voorraad vleis word al hoe kleiner en kleiner .... en die NP-regering is magteloos om te midde van die groeiende internasionale isolasie die voorraad aan te vul!

toe, onder my tien vingers bars  
die grys rots middeldeur  
en langs my voet voel ek  
die sagte aarde skeur,

die donker naat loop deur my land  
en kloof hom wortel toe -  
só moet 'n beitel slaan  
wat beitel is, of hoe?

(Die aanhanlings is uit NP van Wyk Louw se gedig Die Beiteltjie)

# Hier kom 'n ding . . !

BROLLOKS se oupa het altyd gesê: Ek ken mis en ek ken modder, en hierdie is nie modder nie.

Dis wat 'n mens nou met redelike veiligheid kan sê van die Back to Freedom-debakel - die film wat weens die SAUK se reuse-bydrae nou so opslae maak.

Kyk, met party manne neuk jy nie sonder om te weet jy het geneuk nie. As daar een man in die openbare lewe is wie se hele lewe "integriteit" spel, is dit dié van die gewese visepresident en gewese beste vriend van Staatspresident PW Botha, Alwyn Schlebusch. Ook daarom dat sy bynaam Klipoog is.

En nou neuk hulle met hom.

Oom Alwyn was die verantwoordelike minister toe die SAUK die laaste paaiement aan Mimosa Films moes maak. Hy het nie gedink dis reg nie, en na 'n bittere botsing met Botha het hy sy goed gevat en geloop. Die SAUK het toe in elk geval betaal.

Dié week, toe Pieter Mulder (seun van Connie) sê die Back to Freedom-ding laat hom aan die Info-skandaal dink, toe maak Klipoog stem dik en waarsku die "jong man" dat hy hom "vinniger in 'n siviele geding kan bevind as wat hy dink."

PW Botha is net so sensitief oor die sakie, en dreig ook met hofaksies. Hy is veral sensitief omdat die baas van Mimosa, Boet Troskie, 'n goeie vriend is en jong Rozanne Botha Mimosa se produksiesekretaresse is.






Botha het die week gepraat van die mense "wat my by die filmwêreld wil betrek" en gesê hy "wil nie voorspooksels maak nie en dreigemente uitspreek nie", maar die regering wil die wet verander sodat koerantmanne wat iemand belaster, verplig word om hul bronne bekend te maak.

Hy het 'n voorbeeld van 'n onlangse saak in Australië aangehaal en gesê: "Vanaand is dit so in Australië dat as jy 'n man belaster and some responsible source or a source in high office told you this that and the other dan moet jy jou bron bekend maak. Ons wetgewing maak net gedeeltelik daarvoor voorsiening soverre dit strafsake betref. Maar ek dink die regering moet dit ernstig oorweeg om dit 'n stap verder te voer, want as jy 'n man besmeer op grond van 'n onbekende wese wat in jou oor kom fluister, dan moet daardie onbekende wese tog 'n naam hê, nie waar nie."

Nou van watter "responsible source" of "source in high office" kan hy dan van praat?

## Tweespalt Deel Twee

Bittergal het dié week hom doodverveel by die Nasionale Party se Transvaalse kongres, maar darem 'n paar lekker brokkies skinder ook opgetel.

Die meeste van die brokkies bevestig elke woord wat Vrye Weekblad verlede week oor die onmin in die kabinet gesê het, en dan nog 'n bietjie.

Die ware storie oor wat agter die skinder sit dat Chris Heunis sywaarts bevorder gaan word tot die nuwe pos van administratiewe Eerste Minister terwyl Pik Botha sy joppie as "hoofhervormer" gaan kry, is glo dat PW Botha op die vliegtuig op pad na Europa vir Pik die aanbod gemaak het.

Ongelukkig het die storie uitgelek, en na al die publisiteit en binnegevegte sedertdien het PW op die kongres moes omdraai en sê Heunis "is die man wat die meeste vir hervorming in die land gedoen" en gaan nie verskuif word nie.

Heunis het geblom, maar Brolloks sal side-bets vat dat hy net in sy pos gaan bly tot na die algemene verkiesing vroeg volgende jaar. Tensy Pik intussen weer droogmaak en in onguns verval...

## Protesteer hy te veel?

PW het by die afgelope kongres seker sy ergste tirade ooit teen die pers gelewer. 'n Mens het die indruk dit het meestal gegaan oor die berigte oor die binnegevegte in die Kabinet.

Hy het onder meer gesê: "In 'n sekere afdeling van die media is daar darem aanwesig wat ons in hierdie jaar van feesviering kan sê, te veel lunsrieme. Te veel lunsrieme wat net smeer. Soos wat ons die afgelope naweek beleef het, en die vorige naweek. En terwyl ek in die buiteland was. Pogings om ministers teen mekaar af te speel en dan gemeenhede teen ministers te verkondig."

En nog: "Die wanvoorstellings en die verkeerde persepsies word geskep veral voor naweke. U weet ek het 'n ou vriend gehad, 'n sakeman, hy is nou oorlede, en wanneer iemand so op loop gegaan het met 'n ding, dan het hy gewoonlik gesê hy is op hitte. (gelag)

"' Ander beskrywing sou wees, die ou mense sou gesê het hulle is orig.

Voor elke naweek hier so van Donderdag se kant af dan begin dit op hitte te raak en hier so teen Saterdagaand dan is die spul behoorlik warm. Sondagoggend dan laai hulle al hul versinsels op die publiek van SA af."

## Dis die blou...

Mooier woorde gelukkig van Botha junior. Só dig Rozanne in Beeld dié week:

"Dit is die blou, dis die see se branders wat breek

Dis die rooi, dis die roos se dorings wat steek

Witter as wit is die maan, die maan in die nag

Jy moet slaap, dit jou deel vir die nuwe dag

Ek ken sy naam; Ja ek ken sy naam

Die lewensvuur wat brand word 'n lewensgang

vir my"

Ensovoorts...

# BRIEWE

**Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.**

## Laat een bliksem weer...

**Madeleine du Toit, Mearsstraat, Muckleneuk, Pretoria,** skryf:

Nou die dag sê 'n kollega: "Ek voel soos 'n potplant wat 'n groter pot nodig het." Nadat ek die eerste Vrye Weekblad gelees het, het ek die gang afgestap en vir haar gaan sê: "As jy oorgeplant wil voel, koop Vrye Weekblad." Sy het.

Ek wil 'n ander beeld gebruik: ek voel of iemand 'n venster oopgemaak het in 'n bedompige kamer. Veral (ek moes die gevoel ontleed, want ek lees mos lankal New Nation, Weekly Mail, ens) omdat hierdie stem in Afrikaans opklink - uit die midde van die laer.

Laat een bliksem weer kom met stories oor die beleërde Afrikanerdom. Ons sal self alles beleër en aftakel wat onwenslik is.

Terloops, dis die eerste keer in jare dat ek weer lus kry om myself 'n Afrikaner te noem: die definisie is verruim. Dis ook die eerste keer in jare - die jarelange treurmare van 'n gewetensbeswaarde blanke - dat ek hierdie land se geskiedenis sien nie as 'n lydensweg nie maar as 'n avontuur.

Die sondes van ons vaders is besig om ons in te haal: boetedoening is nie meer nodig nie. Dié wat die sondes wil verewig kan ons met veiligheid aan die geskiedenis oorlaat.

## 'n Sterk nie-rassige sentrum

**Dawie Burger, Wes-Kaapland,** skryf:

'n Kaapse oggendblad bekommer hom in sy gereelde rubriek op 12 November oor die geweldige sterk proses van polarisasie in Suid-Afrika.

Hy skryf dit toe aan drie probleme "wat individueel ook elders te vinde is, maar nie tegelyk en só sterk soos hier nie: rassisme; botsende nasionalisme; en die groot welvaartskloof tussen die Eerste en die Derde Wêreld".

Volgens die rubriekskrywer is daar vir Suid-Afrika net een oplossing. Dit is om die politieke sentrum so sterk moontlik te maak en om alle vorme van ekstremisme van die ANC en sy meelopers af tot by die AWB en sy bondgenote te verwerp.

Dit klink nogal logies as mens onbewus is van die yslike flater wat die Kaapse oggendblad jare lank al maak. Dié blad verswyg vir propaganda-doeleindes dat alle rassistiese partye - van die NP tot die AWB - gesamentlik deel uitmaak van die verregse pool in die oordrewe gepolariseerde situasie in Suid-Afrika.

Rassisme moet saam met Afrikaner-nasionalisme tog 'n groot deel van die skuld kry vir die groot welvaartskloof wat deur apartheid tussen swart en wit geskep is en in stand gehou word.

Dit is hoog tyd dat alle Suid-Afrikaners daardie rassistiese ekstremisme waarvan die NP deel vorm, finaal verwerp. Kom ons bou 'n egte nie-rassige sentrum wat so sterk moontlik is.

## Weg met Harry Schwarz

**David Kessler, Posbus 52, Bellville,** skryf:

Mag ek u gelukwens met die geboorte van Vrye Weekblad. U stem langsaan dié van die Weekly Mail - al is daar meningsverskille - is van die grootste belang indien ons 'n egte demokratiese staat wil skep.

Die meeste Afrikaanssprekendes word gelei (of mislei) deur die Afrikaner-koerante wat met enkele uitsonderings te huiwerig is om die regering (of die Nasionale Party) te kritiseer.

'n Afrikaanssprekende wat sy stem verhef teen die regering wanneer hulle fouteer, moet bewonder word, want die koerante wat die regering steun, verbrysel hom.

Ek dink aan genl Hertzog, genl Smuts, genl Botha, oud-hoofregter Fagan, dr Beyers Naude, dr Nico Smith en baie ander.

Ek verwys na u berig oor Harry Schwarz LV, en die Russiese motor Lada. Harry is sonder twyfel 'n superpatriot (Die Burger het hom 'n paar jaar gelede bestempel as die enigste patriot in die PFP. Harry was nie skaam om dit só te aanvaar nie.)

President Reagan, Margaret Thatcher (sy sê sy vertrou Gorbatsjof), kanselier Kohl, president Mitterrand en baie ander is ten volle bereid om met die Russe te praat en handel te dryf, maar Harry nie.

Sy bedrywighede in die PFP het direk of indirek gelei het tot die uittrede van groot Afrikaners - Van Zyl Slabbert, Peter Gastrow, Cronje, Schoeman en Jan van Eck - uit die PFP.

Die PFP sou beter gevaar het sonder Harry, wat die noodregulasies en aanhouding sonder verhoor goedpraat. Harry, los asseblief die PFP en stap oor na die Nasionale Party.

Ná die medalje wat jy onlangs van die Staatspresident ontvang het, sal jy gou-gou 'n ministerspos beklee. Miskien kry jy ook ere-lidmaatskap van die Afrikaner-Broederbond.

Harry sal dan die eerste Joodse lid van die geheime organisasie word - 'n deurbraak. Miskien sal 'n gekleurde ook later lid word. Dan is ons 'n nie-rassige staat en ons probleme is verby.

(Ek is 'n Suid-Afrikaner van Joodse afkoms, gebore in Suid-Afrika. Die AB weier my lidmaatskap!)

## Regeneratief, korteks, ens

**Hein Mönnig, Tees Lodge, Hoopstraat, Tuine,** skryf:

Verbysterde mompelinge van genoegdoening met u nuwe mediababa. Uiteindelik nie net 'n andersdenkende Afrikaanssprekende koerant nie, maar 'n dénkende een!

Nie dat mens punteneriq wil wees nie, maar hier en daar kwel iets: in die November 4 uitgawe sê u in die eksegese t.o.v. die Weekblad se aard en inslag dat u o.a. in "klassieke liberale waardes soos die vryheid van die individu" (e.a.) glo, maar dat die Weekblad ook "vry van ideologieë" is, dat u dit vir die "moderne Afrikaanssprekende" moontlik sal maak om te lees en self te besluit.

Dit strook tog sekerlik nie? Enige gedagtesisteem is 'n ideologie, selfs een wat anti-ideologie is. Totale objektiwiteit is onmoontlik; die mens is maar, per slot van sake, imperfekte tegnologie.

Media-manipulasie is 'n eenheidskonsep en ek sien nie hoekom u nie rondborstig kan uitbasuin dat u alternatiewe interpretasies van gebeure daarop gemik is om 'n paar mense se verkalkte serebrale kortekse met ideo-TNT tot 'n toestand van regeneratiewe geestesverfrissing oop te blaas nie.

## Wonderlike koerant

**George Gericke, Posbus 17618, Hillbrow,** skryf:

Wonderlike koerant. Insiggewend en aangenaam. Dit lees so lekker. Nou skryf ons mos soos ons praat.

## Voorspoed vir die baba

**Die Saayman-familie, Menlopark,** skryf:

Die geboorte mag moeilik gewees het, maar die nuweling is voorwaar iets om op trots te wees!

Dis baie interessant, lees maklik en is mooi boonop. Almal weet 'n baba verander by die week, maar Vrye Weekblad het reeds met die wegspring 'n hoë standaard gehandhaaf en ons sien baie uit na die volgende uitgawes.

Mag die spanning, kommer en al die toedoe wat met 'n geboorte gepaard gaan, spoedig afneem. Ons hoop saam met julle dat die baba ongekende voorspoed sal ken.

Mag julle ideale vir Vrye Weekblad almal verwesenlik word.

Groetnis.

## Welkom met trompetgeskal

**Amptenaar van P (is ek dalk paranoïes?), skryf:**

Ek verwelkom julle met ope arms, met 'n trompetgeskal! Hoe wonderlik om 'n objektiewe (en nogal Afrikaanse) weekblad op die rakke te hê.

Mag julle altyd objektief bly, julle lesers goed ingelig hou, en van krag tot krag gaan.

Oppas tog net vir die groot S!

## My volkie krepeer ...

**Prof JL Boshoff van Utrecht skryf:**

Dankie vir die eksemplaar van "Vrye Weekblad". Ek teken sommer dadelik in, en stuur aan u R28.00 vir ses maande se intekenfooi.

Ek wens u graag geluk met die poging, en vertrou dat u groot sukses sal behaal.

My ou volkie krepeer as gevolg van gebrek aan kennis, veral oor wat in ons land aan die gang is.

U sal my nie glo nie, maar die onkunde oor die rol wat swartes in ons ekonomie speel is hier eenvoudig skrikwekkend, en as mens hierdie mense daarmee konfronteer dan kyk hulle jou stom aan, so asof jy 'n veiligheidsrisiko is!

U taak is groot.

En u sal wysheid, moed en geduld in 'n ruim mate benodig.

# Doodse stilte oor Aids in Zambië: siekes nie ingelig

**Shehnilla Mohamed**

LUSAKA - Maer en amper leweloos lê Maxwell, 38, op sy hopitaalbed. Hy het diarree, en het nou al langer as 'n jaar koors en 'n slegte hoes. Hy voel swak en word gou moeg.

Ondanks die feit dat hy 'n gekwalifiseerde boekhouer is wat vir 'n groot maatskappy in Lusaka werk, het Maxwell geen idee watter siekte hy het nie. Sy dokters het hom nie vertel nie.

"My dokters sê ek het een of ander virus en dat ek binne 'n paar weke gesond behoort te wees."

Maar sy mediese verslag lyk anders. Drie virustoetse wat op hom uitgevoer is, was positief. Volgens sy dokter sal hy gelukkig wees om nog ses maande te leef. Maar hy weet steeds nie dat hy Aids het nie.



Foto: Steve Hilton-Barber

Moontlik is 'n voordeel van sy onkunde die feit dat hy besoeke ontvang. Vriende en familie wat om sy bed staan, is salig onbewus dat hy die dodelike virus het.

Ondanks ontkennings deur die regering, is alle mediese werkers in Zambië verbied om enige inligting oor die onderwerp aan die buitewêreld bekend te maak.

In Junie vanjaar het Zambië amptelik slegs 993 gevalle van Aids aan die Wêreld-Gesondheidsorganisasie bekend gemaak. Volgens hierdie syfer is daar 13,9 gevalle van Aids vir elke 100 000 van die bevolking.

Dokters hier sê egter dat 15 persent van die bevolking Aids onder lede het en dat die getalle besig is om te styg.

Onlangs het president Kaunda ontken dat hy die Aids-vraagstuk onder die mat gevee het. Hy het die Westerse media gekritiseer omdat hul hom daarvan beskuldig het.

Verlede jaar het Kaunda onthul dat sy seun Masuzyo aan die siekte dood is. "My eie seun is aan Aids dood en ek het dit nie weggesteek nie. Ek is ook nie van plan om dit te doen nie," het hy gesê.

Maar in Junie vanjaar het 'n amptenaar van die minsterie van gesondheid gesê geen inligting oor Aids kon sonder regeringstoestemming land-uit gestuur word nie.

Dit lyk nie of veel opvoeding oor Aids gedoen word nie. Behalwe vir 'n paar plakkate in die hospitaal, noem niemand die siekte nie.

Joseph, 27, is 'n mediese assistent wat die Aids-simptome ken. Toe hy begin gewig verloor, swak voel en koors en diarree kry, het hy die ergste verwag. "Maar ek het probeer om nie aan Aids te dink nie en slegs na die derde toets vir die virus positief was, het ek besef ek het Aids."

Hy dink hy het die siekte in Mosambiek opgedoen waar hy vanaf 1979 twee jaar lank gewerk het. "Ek het daar baie meisies gehad en by baie prostitute geslaap," erken hy.

Joseph, wat drie kinders het, is bang dat hy die siekte aan sy vrou oorgedra het. Hy word deur dokters minder as 'n jaar gegee om te lewe en sy vrou effe langer. "Ek weet nie wat met ons kinders sal gebeur as ons altwee nou doodgaan nie."

Hy is dankbaar dat Aids nie vryelik in Zambië bespreek word nie. "Indien dit so was, sou Aids-slagoffers soos ek nie in algemene hospitaalsale geplaas en met mense omring wees nie. Ons sou geïsoleer wees en soos melaatses behandel word."

Maar hoewel Zambië se beleid van "onkunde is 'n seën" deur sommige waardeer word, word dit sterk afgekeur deur hulle wat weet die siekte kan net beheer word as dit openlik bespreek word. - AFP

# 'Stille massamoord' in die Soedan

**Veronica Forwood**

JUBA (Suid-Soedan) - Die treurmare van die hongersnood in Soedan duur voort.

Hoewel VVO-noodvoorrade nou uiteindelik die honger en sterwende mense van die stad Juba bereik, is 87 skoolkinders in ander dele van die land onlangs aangehou nadat hulle teen die tekort aan voedsel betoog het.

Verskeie bakkerye en voedselkoöperasies is geplunder, en die regering het skole gesluit.

Frankryk het ook nou aangekondig dat hy in die Soedan betrokke wil raak en die minister van humanitêre aksie, Bernard Kouchner, het gevra dat die VVO 'n vredesmag in Soedan stasioneer.

"Dit is noodsaaklik dat 'n neutrale mag die sterwendes kan bereik," het hy gesê.

Hongersnood het honderde lewens in Juba geëis. Die verspreiding van VVO-voedselvoorrade is aanvanklik deur rompslomp vertraag.

Die stad het 150 000 permanente inwoners, terwyl 100 000 mense wat die oorlog op die platteland ontvlug, nou ook daar veiligheid soek.

In September verlede jaar het die regering van Soedan die meeste buitelandse welsynsorganisasies die stad verbied, terwyl ander onlangs die stad verlaat het namate die situasie haglik geword het.

Buitelandse noodlenigingswerkers wat nog in Juba is, sê hulle voel dat die Weste Suid-Soedan totaal in die steek gelaat het. Dit wil voorkom of die Weste die Khartoem-regering steun in sy stryd teen die rebelle-organisasie, die SPLA.

"Daar is geen politieke wins te put uit steun aan enige van die twee kante in hierdie konflik nie. Die enigste moonlike wins is dat menselewens gered kan word," het een gesê.

Plaaslike noodlenigingswerkers het in onderhoude gesê die mense van Suid-Soedan is slagoffers van 'n "stille massamoord" waarin die regering sowel as die rebelle hulle doelbewus van die honger laat sterf.

Juba word deur die Khartoem-regering beleër nadat die SPLA in September 'n voedselkonvooi na die stad afgesny het. Die regering het daarna steeds wapens en voedsel met militêre vliegtuie vir die weermag ingevlieg, maar geen voedsel vir die honger mense nie.

'n Regeringsamptenaar in Juba, wat nie sy naam genoem wil hê nie, het die situasie as volg verduidelik: "Dit lyk nie of die wêreld verstaan dat die regering in Khartoem Arabies is nie. Ons is Afrikane. Hulle wil hê ons moet doodgaan van die honger.

"Dit is erger as apartheid in Suid-Afrika."

Die 100 000 vlugtelinge in Juba het wel relatiewe veiligheid gevind, maar nie voedsel nie.

Baie wat die stad weer verlaat het om oeste op die platteland in te samel, is dood of vermink deur myne wat deur die SPLA sowel as die regering geplant is.

"Die duisende oorlogslagoffers is gewone hardwerkende mense, wat moes toesien dat alles wat aan hulle behoort vernietig word. Dit is 'n slagting," het 'n welsynswerker gesê.

In 'n desperate poging om 'n einde aan die konflik te bring, het welsynsorganisasies op 21 Oktober 'n brief aan die Soedan-regering en die VVO gestuur: "Die wêreldgemeenskap behoort woedend te wees oor die grofste verkragting van die menseregte van 'n onskuldige en hulpelose burgerlike bevolking.

"Sal die wêreld toesien hoe nog 300 000 mense in die Ekwatoria-provinsie van die honger omkom?"

Vyf dae later het die eerste VVO-voedselvoorrade aangekom. - AFP



# Amerikaners nou hartlik sat vir verkiesings

**Herve Couturier**

WAHINGTON - Amerikaners begin wonder of hul stelsel van presidentsverkiesing nie heeltemal gek geword het nie, en of die media en die uitputtende verkiesingsveldtogte nie die beste kandidate uit die stryd dwing nie.

Baie mense is siek en sat ná die duur en bitter jaar lange veldtog wat oor radio en televisie geveg is. Hulle is moeg vir die kandidate, en verag TV wat bloot oppervlakkig oor die veldtog gerapporteer het.

Hulle dink die kandidate en televisieregisseurs is kop in een mus, en dat hul die kiesers beledig met geposeerde foto's en kort woordflitse waarmee die teenstander afgekraak maar niks oor die kandidaat se standpunt oor belangrike sake gesê word nie.

## Begin vroeg

Die afsydigheid van die kiesers is in die lae stempersentasie weerspieël.

Verkiesingsveldtogte, wat elke vier jaar gehou word, kos honderde miljoene dollars. Buiteperde begin gewoonlik twee jaar voor die tyd in 'n poging om publisiteit te kry. Die harde gevegte wat uiteindelik op partynominasie uitloop, begin maande voor die eerste voorverkiesings in Februarie van die verkiesingsjaar.

Dit word gevolg deur nege maande waarin die veldtog hoofopskrifte oorheers, en kandidate die stamina van 'n marathon-atleet, die stem van 'n donkie, en die vel van 'n renoster nodig het terwyl hy die land deurkruis.

Mense voel sterker as ooit dat die soeklig van die media die beste kandidate ontmoedig om na vore te tree.

Baie demokrate het die goewerneur van New York, Mario Cuomo, of die senator van Georgia, Sam Nunn, verkies - maar albei het besluit om nie deel te neem nie.

Geen besonderheid is te klein om opgediep te word nie. Selfs hoërskoolpunte, in die geval van verkose vise-president Dan Quayle, en die vroue van kandidate word onder die vergrootglas geplaas.

Die verhouding tussen die pers en politici het oor die jare verander. Joernaliste was bewus van president Kennedy se verhoudings, maar het nooit daaroor geskryf nie omdat hulle dit as irrelevant en persoonlik beskou het.

Nou kyk Amerikanders na hul eie sondetjies van 20 jaar gelede en is dankbaar dat hulle nie 'n kandidaat is nie. Terselfdertyd kry hulle die kandidate jammer.

Die kandidate word beskou as gyselaars, soms van hul eie media-adviseurs, wat hul vir verkoping verpak - hulle verkoop die sis, maar nie die biefstuk self nie.

## Opposisie

Roone Arledge, die hoof van ABC-televisie, verdedig die TV-dekking deur te sê dis moeilik om substansie te verkoop wat nie bestaan nie. Hy beskuldig die verkiesingsagente daarvan dat hulle die 15-sekonde lange woordflitse vervaardig.

Maar die TV-netwerke saai hierdie flitse oor die aandnuus uit.

TV word ook daarvan beskuldig dat dit die gebeurtenis self geword het, eerder as die waarnemer, en soos 'n parlementêre opposisie in ander lande optree.

Die netwerke bestee groot bedrae aan meningsopnames, en het op dié wyse 'n prentjie van 'n onoorwinlike Bush geskilder - 'n faktor wat volgens baie mense die resultaat beïnvloed het.

Die netwerke, wat kiesers net buite die stemlokale oor hul keuse gevra het, het 'n onoorwinlike posisie vir Bush voorspel 'n uur en 43 minute voor die einde van die stemming in Kalifornië. Daarom het baie mense nie gaan stem nie. - AFP



George Bush

# Ekonomie: die regte diagnose is nodig

**Slegs 210 000 werkgeleenthede in die nie-landbousektore is sedert 1980 geskep, maar die arbeidsmark groei jaarliks met 320 000. Colin McCarthy, professor in ekonomie aan die Universiteit van Stellenbosch, doen berig**

WAARHEEN is die Suid-Afrikaanse ekonomie op pad ... groter voorspoed vir die hele bevolking of kruipende armoede? Indien die verloop van ekonomiese gebeure gedurende die afgelope dekade en langer as grondslag vir ons toekomsvisie geneem word, lyk sake maar duister.

Gedurende die jare sestig het die gemiddelde reële groei van die bruto binnelandse produk op 5,8 persent te staan gekom. Groeikoerse van hoër as ses persent was gedurende hierdie bloeitydperk nie 'n vreemde verskynsel nie.

Internasionaal beskou, het Suid-Afrika gedurende hierdie periode gemiddeld dieselfde groeikoers gehandhaaf as die geweegde gemiddelde vir die kategorie van hoër-middelinkomstelande waarin die Wêreldbank die Republiek plaas.

Vanaf 1972 het sake begin skeefloop. Gedurende die periode 1970-79 was die gemiddelde groei 3,1 persent per jaar en gedurende die 1980-87 'n skamele 1,3 persent, wat aansienlik laer as die bevolkingsgroeikoers is en dus op 'n daling in per capita inkomste dui.

Suid-Afrika het ook gedurende hierdie periode uit pas begin raak met die klub van hoër-middelinkomstelande. Terwyl gemiddelde ekonomiese groei in hierdie groep lande ook teruggesak het, was die verswakking van Suid-Afrika se groeirekord net soveel kwaaier.

Gedurende 1980-86 was die gemiddelde ekonomiese groei van 0,8 persent in Suid-Afrika aansienlik minder as die helfte van die 2,5 persent waarteen die hoër-middelinkomstelande gegroei het.

Die verswakking in Suid-Afrika se groeipersentasie het saamgeloop met die toenemende onvermoë van die ekonomie om die werksgeleenthede te skep wat nodig is om die jaarlikse groei in die arbeidsmag te absorbeer, laat staan nog bestaande werkloosheid en onderindiensneming te verminder.

In 1987 was daar marginaal minder werkers in die private sektor as in 1980. In totaal, maw met die openbare sektor bygereken, is slegs 210 000 nuwe werkgeleenthede in die nie-landbousektore gedurende die sewe jaar sedert 1980 geskep.

As in aanmerking geneem word dat die arbeidsmag jaarliks met ongeveer 320 000 nuwe toetreders groei, ontstaan 'n prentjie van toenemende armoede wat selfs nie deur 'n optimistiese beskouing van die informele sektor as oorlewingsektor mooi ingekleur kan word nie.

Dat 'n ommekeer in Suid-Afrika se ekonomiese heil noodsaaklik is, is voor die hand liggend. 'n Deeglike en korrekte diagnose van die ekonomiese siekte is egter nodig alvorens regstellende optrede kan plaasvind, en hieroor mag menings verskil, onder andere omdat ekonomiese groei en werkskepping die resultaat van 'n verskeidenheid faktore is.

'n Aantal oorsake van die laer groeineiging waaroor min meningsverskil in die geledere van ekonome bestaan, kan egter uitgewys word.

(a) Internasionale sanksies en boikotte, ontoereikende uitvoeraansporing, asook 'n algemene gebrek aan uitvoergerigtheid in die sakesektor van 'n beskermde ekonomie het meegebring dat Suid-Afrika nie na 'n uitvoergeleide groeistrategie kon oorskakel toe die ekonomies-lewensvatbare geleenthede vir grootskaalse invoervervangende industrialisasie uitgeput geraak het nie.

(b) Dekades van apartheid en die negatiewe invloed wat dit op die doeltreffende en buigsame aanwending van produksiefaktore het, het sy tol begin eis. Beperkings op die mobiliteit van swart arbeid en 'n gebrekkige onderwysbeleid het die land met 'n groot ongeskoolde arbeidsmag en lae produktiwiteit gelaat.

Die hoë koste om apartheid in al sy vorme in stand te hou, het 'n las vir die skatkis meegebring, wat moeilik uit die Republiek se beperkte belastingbasis gefinansier kan word. Die ekonomie word oorspan, pryse styg, belasting neem toe en besparings daal omdat mense probeer om hul lewenstandaard te handhaaf.

(c) 'n Kwynende spaarneiging tref Suid-Afrika besonder sleg. In die algemeen sit ontwikkelende lande met die probleem dat die behoefte aan kapitaalvorming (investering) hulle vermoë om te spaar oortref, met die gevolg dat hulle hul heil in buitelandse besparings (kapitaal) soek.

Hierdie moontlikheid is die Republiek egter ontneem en vandag bestaan die tragiese situasie dat die land met die gereelde terugbetaling van buitelandse skuld sy skaars produksiefaktor, kapitaal, noodgedwonge moet uitvoer.

Hiermee het die betalingsbalans, waarop 'n surplus in lopende rekening nodig is om buitelandse betaalmiddele vir die skuldterugbetaling te vind, 'n ekonomiese remskoen geword wat kwalik 'n groeitempo bokant die bevolkingsgroei toelaat.

(d) Investering en sake-uitbreiding verg positiewe toekomsverwagtings in die gemoed van die sakeman. Die ongunstige internasionale klimaat waarin Suid-Afrika as verstote lid van die wêreldgemeenskap funksioneer en twyfel oor toekomstige politieke ontwikkelings, skep 'n gevoel van onsekerheid wat risiko-neming en ekonomiese groei benadeel.

Die ingesteldheid om risiko's te loop, word oënskynlik ook aan bande gelê deur die traumatiese ervaring in 1984 toe die gebrek aan fiskale dissipline die Reserwebank genoop het om die koste van krediet in 'n baie kort tyd tot historiese hoogtepunte te laat styg.

(e) Kapitaalvorming in die ekonomie het plaasgevind op 'n manier wat nie die skepping van werkgeleenthede en die produktiwiteit van arbeid en kapitaal bevorder nie.

Die hoeveelheid kapitaal per werker het skerp toegeneem as gevolg van meganisasie en 'n nywerheidsontwikkelingsbeleid wat die groei van die chemiese, metaal- en ander kapitaal-intensiewe bedryfstakke bevorder het.

Die produksie per eenheid kapitaal het gedurende 1970-86 vinniger gedaal as wat die produktiwiteit van arbeid toegeneem het. Dit dui op 'n ondoeltreffende aanwending van skaars produksiefaktore.

Oor die oplossings vir hierdie probleme kan lank geredeneer word. Die oorweging van industrialisasie gerig op die potensiële mark wat die groeiende stedelike swart bevolking bied - sogenaamde inwaartse industrialisasie wat tans gewild is - verteenwoordig 'n poging om oplossings vir sommige probleme te vind.

Dit word egter al hoe duideliker dat die kern van ons ekonomiese probleme 'n politieke oorsprong het en dat ons nou op ekonomiese terrein maai wat lank op politieke terrein gesaai is. Suid-Afrika kan nie apartheid bekostig nie.

# Meer taxi's, minder belasting

**Des Latham**

MEER minibussies beteken minder treine, minder busse en minder belasting, het Pat Corbin van die Johannesburgse Sakekamer op 'n onlangse konferensie in Sandton gesê.

Die South African Black Taxi Association het sy tiende verjaardag op die konferensie gevier.

In 1978 het Sabta met 'n handvol lede begin, en vandag is die organisasie R3-miljard sterk.

Treine en busse kos die belastingbetaler R1,5-miljard 'n jaar in subsidies en verliese. Die toename in minibussies het tot gevolg dat Vervoerdienste hul treine en busse wat op 'n verlies werk, reeds begin sny het.

## Kleiner belasting hap

Corbin voel die tendens sal sterk voortduur en die hap uit die belastingbetaler se sak sal al kleiner word.

Mens sou dink die staat se deregulasiebeloftes dra Sabta se goedkeuring weg, maar die organisasie glo dit sal tot onregverdige kompetisie aanleiding gee.

Sabta se opleidingsbeampte, Knox Matjila, het verwys na die Witskrif oor die nasionale vervoerbeleid van Januarie verlede jaar wat die algehele deregulasie van die taxi-bedryf aanbeveel het.

Hoewel die wet nog nie verander is nie, bestaan 'n toestand van de facto deregulasie reeds, het Matjila gesê.

In sommige swart stedelike gebiede besit blankes na raming reeds meer as 30 persent van die taxi's.

Dit sal rampspoedig wees as blankes die swart taxi-bedryf, wat met groot moeite begin is, oorneem.

Daarom kan Sabta nie saamry op die deregulasie-bus nie.



'n Sterker taxi-bedryf beteken minder belasting

Blankes se toegang tot finansiële hulp plaas hulle in 'n baie gunstiger posisie as swart mense. Die kompetisie tussen die twee groepe sal nie naastenby gelyk wees nie, het Matjila gesê.

"Ons werk hard om rassistiese wetgewing uit te skakel," het die adjunk-besturende direkteur van Vervoerdienste, Louis Kluever, aan die konferensiegangers gesê.

Daarom kan hy nie saamstem met Sabta se weerstand teen deregulasie nie. "As deregulasie blankes daarvan weerhou om in die swart mark mee te ding, kom dit neer op rassisme."

Hoewel Sabta se opponente hul van monopolie beskuldig, het 'n onlangse proefneming deur die WNNR in Kimberley Sabta se vrese bevestig. Die WNNR het die taxibedryf geleidelik gedereguleer - en onmiddellik het 20 blankes taxi's gekoop en die mark binnegedring.

Sabta glo dit is 'n aanduiding van wat op groter skaal kan gebeur as deregulasie geïmplementeer word. Sabta gaan egter volstoom voort.

Sabta stuur volgende jaar 'n taxivloot in Maputo van stapel. As die dit goed gaan, sal hul ook na Zimbabwe en Zambië uitbrei.

Op die lang termyn kyk hulle ook na klein vervoerdienste in blanke gebiede, stedelike verspreidingsdienste, kontrakte met werkgewers om werknemers te vervoer, klein verpakkingsaflewering, vervoer met eenton-vragmotors, swart toerisme en plaaslike dienste vir oorsese toeriste.

Intussen, sê Kluever van Vervoerdienste, is sy deur oop vir onderhandeling oor deregulasie.

# Cosatu kry steeds geld uit VSA

**Mari Gerber**

GEORGE BUSH se verkiesing tot president van Amerika gaan nie die finansiering van swart vakbonde in Suid-Afrika raak nie.

Die invloed van die Congressional Black Caucus (CBC) en die reuse vakbondorganisasie AFL-CIO sal hiervoor sorg. Jesse Jackson het ook ná Bush se verkiesing gesê dat die armes, die onderdruktes en werkloosheid steeds aandag in 1989 sal geniet.

Volgens die ontspoorde Amerikaanse sanksiewetgewing sou die twee swart vakbondorganisasies in Suid-Afrika, Cosatu en Nactu, finansiële steun kry. 'n Bedrag van $4-miljoen dollar is genoem, hoewel die geld nie net aan vakbonde toegesê is nie.

Dit is duidelik dat hierdie steun vir Cosatu en Nactu nie teruggetrek sal word nie.

Die rol van die AFL-CIO en sy geaffilieerde vakbonde moet nie onderskat word nie. In die jare tagtig het 'n hele aantal Suid-Afrikaanse vakbonde, veral die destydse Cusa-vakbonde, opleiding by die AFL-CIO se opleidingsentrum in die VSA ontvang.

Suid-Afrikaanse vakbonde praat nie graag oor hul verhouding met die AFL-CIO nie, en die woord "vakbondimperialisme" is al teen die organisasie gebruik. Daar is ook gefluister dat sekere Suid-Afrikaanse vakbondleiers CIA-agente is.

AFL-CIO is sterk gekritiseer omdat hulle aanvanklik teen disinvestering gekant was. Sedert 1986 het die AFL-CIO programme om hul werkers oor apartheid in te lig.

# Vrye Weekblad

## ONS LESERS IS BAIE SPESIALE MENSE.

## DIE BESTE MANIER OM HULLE TE BEREIK, IS OM OP ONS BLADSYE TE ADVERTEER.

### Tariefkaart

| | |
|---|---|
| **Standaard-tariewe** | |
| Enkel-kolom cm (wit en swart) | R8,50 |
| Volblad (swart en wit) | R2 300 |
| Halfblad (wit en swart) | R1 150 |
| **Kleur** | |
| Een spot | R140 |
| Twee spot | R280 |
| Volkleur | R420 |
| **Spesiale posisie** | |
| Voorblad Vrydag-tydskrif | +25% |
| **Spesiale tariewe** | |
| 4 opeenvolgende plasings | 7,5% |
| 13 " " | 12,5% af |
| 26 " " | 20% af |
| 52 " " | 25% af |
| 2 plasings per maand * 6 | 10% af |
| 2 plasings per maand * 12 | 20 % af |
| 1 plasing per maand * 6 | 10% af |
| 1 plasing per maand * 12 | 15% af |

Tegniese besonderhede

Standaard poniegrootte (tabloid) van 39 cm diep by 26 cm wyd, 7 kolomme van 3,6 cm elk. (Nie dieselfde as redaksionele kopie nie.)

Spertye

Swart en wit: Laaste bespreking Maandag voor publikasie
Laaste materiaal Dinsdag voor publikasie
Kleur: Laaste bespreking Vrydag voor publikasie

Kansellasies: Op die laatste 12 uur middag, Dinsdag voor publikasie.

# LOOP SAAM MET ONS OP DIE WENPAD.

# Nie-rassige eenwording Saru se ideaal

Thabo Lennerd

DIE toeskouers van die eerste wedstryd om eenwording in Suid-Afrikaanse rugby in Harare het tot dusver net die skeidsregter, die ANC, en die een span, die SA Rugbyraad, raakgesien.

Die ander span, die Suid-Afrikaanse Rugbyunie (Saru), is ietwat uit die prentjie. Hierdie span het 'n honderdjarige tradisie van nie-rassige rugby, getalle wat groei, is aanvaarbaar vir Afrika en werk al lank met die "demokratiese beweging" in Suid-Afrika saam.

Hierdie eienskappe kan van lewensbelang wees in pogings om rugby binne 'n nie-rassige liggaam te laat saamsmelt.

Saru se algemene raad het onlangs in Kaapstad vergader om die gesamentlike verklaring wat uitgereik is deur hul uitvoerende komitee, die ANC en die SA Rugbyraad, te bespreek.

Die algemene raad het na afloop van die vergadering 'n verklaring uitgereik waarin hulle hul volle vertroue in die uitvoerende bestuur en president, Ebrahim Patel, uitgespreek het.

Die president is volmag verleen om voort te gaan met die Harare-inisiatiewe.

In die Harare-verklaring het die drie partye ooreengekom dat Suid-Afrikaanse rugby onder een nie-rassige beheerliggaam saamsmelt.

Dit is egter nie die eerste poging om rugby in die land te verenig nie. In 1977 het die onderskeie beheerliggame van rugby 'n onderneming onderteken wat aan die Minister van Sport voorgelê is. Die minister het die eenwordingsvoorstel verwerp.

'n Verdere poging is op 7 Mei vanjaar in Kaapstad aangewend toe die volle bestuur van Saru lede van die SARR ontmoet het. Saru sien dit as nog 'n bewys daarvan dat die SARR bereid is om oor eenwording te gesels.

"Saru se benadering is een van eerlikheid en opregtheid," het Patel in 'n onderhoud met die Vrye Weekblad gesê.

"Ons is terdeë bewus van die problematiek van die Suid-Afrikaanse samelewing en sal alles in ons vermoë doen om 'n bydrae tot vrede in ons land te lewer."

Saru het in hul verklaring dr Danie Craven se beroep dat apartheid afgeskaf word, sterk ondersteun. Patel het sy misnoeë uitgespreek oor berigte dat Saru sy beginsels in die proses sal versaak en hulself in die Rugbyraadpoel gaan dompel.

"Ons stel slegs belang in 'n liggaam wat gebaseer is op ware nie-rassige beginsels. Die SA Rugbyraad sal beslis nie daarin slaag om ons samewerking te kry as hulle rugby op die basis van apartheid wil administreer nie."

In die verklaring betreur Saru die aanvalle wat deur sommige mense en organisasies binne die demokratiese beweging op die unie gedoen is. Saru plaas die blaam hiervoor op verwronge beriggewing oor die Harare-samesprekings, en sê Saru bly toegewyd aan die strewe na vryheid vir die onderdruktes in Suid-Afrika.

Die moontlikheid van internasionale toere laat baie rugby-entoesiaste se oë blink. Maar, sê Patel: "By ons gaan dit hoegenaamd nie oor toere nie.

Dit gaan oor die moontlike eenwording van rugby in Suid-Afrika."

Oor die SARR se vergadering wat verlede Vrydag in Kaapstad is en die implikasies wat eenwording vir skolerugby inhou, wou Patel hom nie uitlaat nie. Sulke sake kan moontlik op 'n agenda geplaas word wanneer verdere samesprekings tussen Saru en SARR plaasvind.

"Dit sal onregverdig en oneties wees om samesprekinge vooruit te loop."

Patel glo die teenstand wat Noord-Transvaalse rugby-administrateurs die afgelope week teen die inisiatiewe geopper het, het niks met Saru te doen nie omdat dit 'n interne aangeleentheid vir die SARR is.

Saru verwag om binnekort van die SARR te hoor.



LAPPE LAUBSCHER

op die skoonveld

# Dok wen onderonsie loshande

DAVE LEVIN sou nooit verlede week se geveg in die Rugbyraad aangebied het nie. Dave was 'n eerlike bokspromotors wat vir sy mense waarde vir geld gebied het.

Verlede week se "konfrontasie op die stasie" in die Kaap by die kantore van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad was so eensydig dat 'n ou later gewonder het wie het nou eintlik die storie loop en vertel dat Dok Craven op sy laaste bene is.

Wel, Dok het gewen en so ver gewen dat daar glo 'n ondersoek gaan kom na die promotor wat die geveg aangebied het.

**Fritz Eloff** was pas terug uit die Kaap of Noord-Transvaal neem weer 'n mosie aan wat Dok kritiseer.

Dit raak nou 'n bietjie belaglik. Voor Dok is die manne tjoepstil maar terug op eie werf kraai die haan.

So wen rugby nie. Miskien moet Noord-Transvaal eerlik sê hy aanvaar nie Dok se woord dat hy nie kontak met die ANC nie maar met Afrika-sportbase gesoek het. Of hy moet Dok se woord aanvaar en die saak as afgehandel beskou.

David Frost het toe in sy laaste toernooi in Amerika "net" sewentiende gekom. Die sewentiende plek het hom egter 'n verdere R100 000 in die sak gebring.

Sy amptelike verdienste was meer as R1,7 miljoen. Dit maak die donkerkop Bolander nou die Suid-Afrikaanse sportman wat die meeste geld in die geskiedenis gewen het.

Net jammer die Randse sportskrywers beskou hom nie as een van hul ses sterre van die jaar nie.

**Ondersoeke en sportondersoeke** is volop in Suid-Afrika. 'n Tragiese een was die nadoodse ondersoek dié week van Brian Baronet, wat vroeër vanjaar in die kryt dood is.

Die amptelike bevinding is bekend. Mens kan net hoop die Suid-Afrikaanse Boksbeheerraad lees wat in die bevinding staan - en dat hulle optree. Die raad met sy kwasi-mediese ondersoeke voor gevegte is besig om goeie argumente te gee aan mense wat die oudste van alle sportsoorte wil verbied.

**Op die** Nasionale Party se kongres dié week in Pretoria was daar 'n beskrywingspunt dat mense in Suid-Afrika wat sportboikotte bepleit tot R100 000 beboet word.

Ongelukkig is daar nie 'n woord gerep oor die mense wat sportboikotte veroorsaak nie. As iemand wat vir boikotte voorspraak maak R100 000 moet betaal, wat moet gedoen word met mense soos die voormalige skoolraad van Menlopark?

**Die** wyse waarop die ouers van Menlopark werk gemaak het met die skoolraad, is darem 'n ligpuntjie in die donker wêreld van Suid-Afrikaanse sport. Die hele kaboedel is sonder seremonie uitgeboender. Dit gee 'n man weer hoop.

**In Pretoria** word daar volgende week 'n belangrike vergadering oor sport gehou. 'n Nuwe konfederasie van Suid-Afrikaanse sport met 'n sportraad wat hom sal beheer, word gestig.

In dié stadium lyk dit nie of rugby wil deelneem nie. Die rede? Persoonlikheidsbotsings.

Ook nie krieket nie. Die rede? Omdat Afrikaanssprekendes aan beheer gaan kom? Ons hoop nie so nie.

Ook nie Sacos nie.

Die redes? Waarskynlik baie, waarvan sommige selfs goed mag wees. Sacos sal egter in die toekoms ook 'n positiewe rol in Suid-Afrikaanse sport moet speel. As hy dit nie doen nie, sal hy onthou word as die organisasie wat met 'n goeie doel gestig is, maar later in 'n nee-broer ontaard het.

# Willie Basson: 'n ewige optimis

Lappe Laubscher

DIE EWIGE optimis. Niemand in Suid-Afrikaanse sport verdien dié naam meer as Noord-Transvaal se meneer Krieket, Willie Basson, nie.

Nadat hy vroeër vanjaar voorspel het dat minstens een beker vanjaar Verwoerdburg toe kom, het sy span hom lelik in die steek gelaat en nog nie 'n wedstryd gewen nie.

Toe Vrye Weekblad dié week met hom praat was die glimlag steeds daar.

"Ons was ongelukkig sover. Ek het nog volle vertroue in my span. Ek is seker ons gaan nog die haas uit die hoed trek.

"Ons het staatgemaak op Sylvester Clarke. Ongelukkig het hy met 'n besering gesukkel nadat hy hier aangekom het. Dit het die span beïnvloed. Hy is egter nou oor sy probleme en nou sal julle 'n ander ding sien kom."

Wat Basson nie gesê het nie, was dat Noord-Transvaal se probleem nie sodanig 'n gebrek aan 'n skokbouler is nie, maar 'n gebrek aan bestendigheid in sy kolflys. Telkens het Noord-Transvaal òf vroeg in duie gestort òf hul middelorde het verkrummel.

In sekere kringe word die kop van Lee Barnard, Noord-Transvaal se kaptein, geëis. "Ek staan by Lee. Dit is nie sy skuld dat daar ander probleme was nie. Mense is te haastig om sommer 'n man se kop te eis," sê Basson.

Hoewel Basson sy vertroue in Barnard uitgespreek het, was dit bekend dat Noord-Transvaal probeer het om Peter Kirsten te lok.

In 'n stadium wou dit voorkom asof die aas groot genoeg was. Die vis het egter weggekom.



Peter Kirsten

## Perdewedrenne

# Rowland's Song die gunstelling

Equus

DIE VROULIKE geslag steel dié naweek die kalklig.

Van die land se beste driejarige merrievullens word in aksie gesien in die Ultimate Fillies Guineas wat oor 1600 meter op Gosforth Park beslis word.

Met die groot prysgeld van R100 000 wat op die spel is, kan verwag word dat elkeen van die 16 merries hul beste sal lewer. Die jokkies sal ry om te wen en geen genade sal aan ander deelnemers gegun word nie.

Die verskyning van die topmerrie Rowland's Song in die wedren wek groot belangstelling onder wedrengeesdriftiges oor die hele land. Die meeste van die provinsiale wedrenklubs het die Fillies Guineas by hul plaaslike programme ingesluit. Die gevolg is dat wedders se oë landwyd op haar vertoning gevestig sal wees.

Rowland's Song spring as die gunsteling weg nadat sy vyf agtereenvolgende wedrenne gewen het en steeds onoorwonne is. Sy het reeds getoon dat sy uiters veelsydig is en oor vaart sowel as stamina beskik.

Sy beskik beslis oor die vermoë om in dié prestige-wedren te seëvier ondanks die groot struikelblok in haar pad - 'n buiteloting op nommer 14.

Dit sal interressant wees om te sien of Rhys van Wyk haar groot vaart sal gebruik om die swak loting te oorkom en haar vroeg in die wedren in 'n gunstige posisie te kry. As dié strategie slaag, lyk die pad oop na die wenkampie vir die jong kampioen in Jean Heming se stal.

Heming het 'n baie sterk houvas op die groot wedren. Benewens Rowland's Song word haar stal ook deur Sweet Prerogative, Trustworthy en Tudor Rullah verteenwoordig.

Trustworthy sal sterk deur die wedders gesteun word omdat sy deur die puik Muis Roberts gery word. Roberts is tans in Suid-Afrika vir 'n kort besoek en maak deel uit van die internasionale span van jokkies wat eersdaags teen Felix Coetzee en sy manne kragte meet.

As die onverwagte gebeur en Rowland's Song en haar stalmaats slae kry, sal baie wedders die Kies Ses-pot mis sit. Die versigtiges kan Yquem oorweeg, wat reeds vyf van sy nege wedrenne gewen het, terwyl die Kaapse merrievul Thatching's Fire, wat deur die afrigter James Lightheart hoog aangeskryf word, ook oorweeg kan word.

Northern Singer, wat tot dusver oor 1000 meter groot vaart getoon het, en Gay Tune kan as die beste buiteperde beskou word.

Nog 'n interessante besprekingspunt in wedrenkringe dié naweek is die belangrike aankondiging eergisteraand dat die Volbloedrenperdtelervereniging besluit het om in 1990 sy eerste wedren met prysgeld van R1-miljoen in Suid-Afrika aan te bied.

Dit sal nie alleen 'n belangrike inspuiting wees vir die teelbedryf nie, maar ook afrigters en perde-eienaars aanspoor om hul hande diep in die sakke te steek by die jaaroudveiling wat aanstaande jaar gehou word.

'n Verdere aansporing vir die Bloodline Million vir tweejariges, soos die wedren bekend sal staan, is die besluit dat altesame tien perde in die prysgeld sal deel. Al sou 'n eienaar se perd nie 'n erkende plek uitloop nie, sal hy nogtans 'n kans kry om 'n deel van die prysgeld te wen en sodoende die koopsom van die perd versag.

**Kies Ses**
Bedrag R18, Gosforth Park
Eerste been: 2 en 8
Tweede been: 10,12 en 7
Derde been: 6 en 2
Vierde been: 10
Vyfde been: 11
Sesde been: 1, 11 en 12

SPORT


Vrye Weekblad

● Bl. 15 Lappe Laubscher se Sportrubriek

● Bl. 15 Willie Basson oor N Tvl se kriekiet



Fritz Eloff





Louis Luyt

# Luyt sê Pik en Fritz het van Harare geweet

Lappe Laubscher

WIE het wat geweet oor die Craven/Luyt-sending na Harare?

Dié week het Louis Luyt in Johannesburg beweer dat Fritz Eloff wel ingelig was oor die Rugbyraad se skakeling met Afrika. Eloff self het oor TV ontken dat hy enige kennis van die ekspedisie gedra het.

Luyt het ook beweer dat twee van min Pik Botha se amptenare twee kopieë van 'n memorandum oor die raad se planne by hom kom afhaal het. Pik Botha pleit ook onskuldig.

Dit wil voorkom asof tussen al die ontkennings en bewerings 'n spelery met woorde ontstaan het. Dit wil lyk of Eloff sowel as Botha bewus daarvan was dat die raad 'n sending na Afrika sou stuur in 'n poging om skakeling met sportleiers te bewerkstellig.

Toe die skakeling egter plaasvind, het geen sportleiers van Afrika opgedaag nie, maar 'n afvaardiging van die ANC het Craven-hulle in Harare ontmoet.

Die afwesigheid van Afrika-sportleiers word aan Robert Mugabe se inmenging toegeskryf.

Craven en Luyt het besluit om tog voort te gaan en met die ANC en die South African Rugby Union (Saru) te praat aangesien die doel van die sending was om Saru die geleentheid te gee om op neutrale terrein openlik te gesels.

Eloff het lank reeds sy mes vir Craven en Luyt in en hy het blykbaar die storie rugbaar gemaak het Craven met die ANC onderhandel. Dit was blykbaar 'n poging om voorlopig net vir Luyt, maar later ook vir Craven te diskrediteer.

Luyt hou vol dat Eloff geweet het.

Luyt beskou die toestemming wat gegee is as 'n blanko-tjek. Eloff voel dat die teenwoordigheid van die ANC die aanvanklike toestemming ongeldig gemaak het.

Die ontkennings wat tans heen en weer vlieg is niks anders as 'n gespelery met woorde nie.

Aan die eenkant wil Eloff Luyt en Craven begrawe en aan die anderkant is daar geen liefde tussen Luyt en Eloff nie.

# Dok se meesterskuif kelder Eloff se ideale

Lappe Laubscher

SUID-AFRIKAANSE rugbypolitiek het verlede week in Kaapstad die spreekwoordelike woestyn betree. Na die Kaapse "kompromie-vergadering" is daar in sommige kringe ernstige bedenkinge oor die erns waarmee die Rugbyraad sy versoeningspogings met swart rugby bejeën.

Die enigste saak wat in Kaapstad herbevestig is, is dat dr Craven nog steeds 'n byna onaantasbare posisie in rugbykringe beklee. Uit die Eloff-kamp is na die vergadering gesê dat Dok nie aangeval is nie omdat dit volgende jaar die raad se eeufeesjaar is.

Ingeligte bronne verwerp egter die standpunt as 'n kwalik bedekte poging van Fritz Eloff om die vuurvreters in Pretoria te kalmeer. Dié poging het egter ook nie geslaag nie. Dié week is op Noord-Transvaal se jaarvergadering 'n verwoede aanval op Craven van die vloer geloods.

Dok se meesterskuif tydens die Rugbyraad se vergadering was toe hy sê hy het nooit probeer het om met die ANC te skakel nie, maar met sportleiers van Afrika. Die feit dat die ANC in Harare opgedaag het, was vir hom 'n verrassing.

Dok het reguit gevra dat sy woord aanvaar of verwerp moet word. Niemand was bereid om sy woord in twyfel te trek nie.

In 'n tweede meesterskuif is opdrag aan Fritz Eloff gegee om binnelands die kloof tussen die South African Rugby Union (Saru) en die Suid-Afrikaanse Rugbyraad te oorbrug. Die taak is waarskynlik in dié stadium die moeilikste taak wat op die skouers van 'n sportbaas geplaas kan word.

Dit is juis hierdie skuif van Craven wat in sommige kringe ernstige bedenkinge laat ontstaan oor die erns waarmee die Raad die kloof wil oorbrug.

Eloff was nog nooit bekend as 'n besonder verligte denker nie. In onderhandelinge met Saru sal verligte denke - wat ruimte laat vir gee en neem - noodsaaklik wees.

Sou Eloff in die sending misluk, sal dit sy aansien in die raad finaal 'n nekslag toedien.

Dit sal beteken dat hy uit die wedloop is om Craven op te volg, maar dit sal ook beteken dat 'n baie belangrike geleentheid tot versoening verlore is.

In sekere kringe word Craven steeds verkwalik vir die wyse waarop hy destyds van Kobus Louw, sy visepresident, ontslae geraak het. Hy het Louw in 1965 op die kamikazi-sending as bestuurder van die Springbokspan Nieu-Seeland toe gestuur.

Na die drama om die Maori's was dit die einde van Louw. Daarna het Jan le Roux gekom en gegaan.

Dok het ook nie nagelaat om sy posisie as rugbybaas vir ander lede van die raad in te vryf nie. Hy het Eloff en Steve Strydom daaraan herinner dat slegs die president van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad die reg het om met die pers te praat.

Dit was 'n kwalik bedekte verwysing na Eloff se persverklaring dat hy nie kennis gedra het van die besoek aan Harare nie.

Die verwydering in die geledere van die Rugbyraad raak al groter. Dit wil voorkom asof daar redelik gou niemand oor gaan wees wat die moed het om Craven teen te staan nie.

Die tegniek van die Eloff/Strydom-alliansie is blykbaar om van agter hul skanse in Pretoria en Bloemfontein te baklei, maar die witvlag te waai wanneer hulle hul skuilings verlaat.

# 'Straatfiks' is nou die norm vir boksers

**Lappe Laubscher bespreek die implikasies van Brian Baronet se nadoodse ondersoek.**

DIE bekende Natalse bokspersoonlikheid en afrigter van wyle Brian Baronet, Dougie Dolan, het geweet dat Baronet deur die Amerikaners beveel is om eers 'n deeglike breinondersoek te ondergaan voordat hy toegelaat sou word om weer in Amerika te boks.

Dolan het die inligting egter nie aan die Boksbeheerraad openbaar nie en toegelaat dat sy bokser aan drie gevegte - die laaste noodlottig - in Suid-Afrika deelneem. Dié skokkende feit het die week aan die lig gekom by die nadoodse ondersoek in Durban.

Die ondersoek het bevind daar is geen bewyse is dat die ongeluk waarin Baronet 'n week voor sy dood betrokke was, enige bydrae tot sy dood gelewer het nie. Niemand is vir die bokser se dood verantwoordelik gehou nie.

Die bevindinge het egter twee belangrike sake uitgelig, hoewel dit nie uitgespel is nie.

Die eerste is die ondoeltreffendheid van die mediese ondersoeke wat voor gevegte op boksers uitgevoer word.

Daar is al lank reeds bewering dat 'n bokser se hartklop op die stetoskoop genoeg is om hom fiks te verklaar. Selfs al is die klop, soos in die geval van Johnny du Plooy, meer as sewentig.

Mediese kenners was dit dié week eens dat 'n polsslag van tussen sewentig en tagtig vir die man op die straat aandui dat hy redelik fiks is. Vir 'n swaargewigbokser wat twaalf rondes moet boks is so 'n hartklop kommerwekkend.

'n Mediese dokter het dié week aan Vrye Weekblad gesê polsslag is nie die finale antwoord oor 'n persoon se fiksheid nie.

"Dit is een van vele aanduidings. As 'n hoë polsslag egter in 'n ontspanne toestand geregistreer word, is daar rede tot kommer en behoort verdere toetse gedoen te word.

"As my kollegas by die Boksbeheerraad van mening is dat 'n polsslag nie 'n belangrike aanduiding van fiksheid is nie, hoekom doen hulle dan die moeite om dit hoegenaamd te neem?"

'n Bloeddruktoets is die enigste ander toets wat op boksers gedoen word. "Onthou dat die vereistes wat twaalf rondtes in die kryt of die Comrades-marathon aan die liggaam stel totaal verskil van dié van 'n man wat van sy motor na sy kantoor loop. Dit wil voorkom asof 'straatfiks' die norm is vir ondersoeke voor boksgevegte," sê hy.

Die etiek van boksafrigters kom ook onder die soeklig na afloop van die ondersoek. Omdat geld op die spel is, lyk dit asof afrigters soms nie die volle belang van boksers op die hart dra nie.

Die bevinding teen Dolan is skokkend - om die minste daarvan te sê - en hy is een van Suid-Afrika se mees gerespekteerde afrigters.

# Zietsman

## 'Ek is die koei en Casper is die brein'



- Bohaai oor Come Back Freedom
- Wuppertal en sy mense
- Phyllis Spira uit die kollig
- Townshipkuns
- Afrikaanse oustories
- Chaos in Mosambiek op film



- Hotstix: SA musiek verkoop die wêreld oor

# VryDag!

Bylaag tot Vrye Weekblad 18 November 1988

# Back to Freedom

## Akteurs lelik om die bos gelei



Dr Paul Fleming (Philip Brown) byt vas aan die mes en verloor sy greep aan die vliegtuig in 'n toneel uit Back to Freedom

**Marie Oberholzer**

OPTREE in 'n propaganda-prent vir die regering!

Toe die storm om die rolprent Back to Freedom verlede week losgebars het, het verskeie kunstenaars wat daarby betrek is, gevoel dat hulle lelik om die bos gelei is deur die vervaardigers.

Die SAUK het meer as R2 miljoen tot die vervaardiging bygedra. Die SA Weermag se vliegtuie, tenks en ander wapentuig is op groot skaal in die prent gebruik.

Die rolprent word uitgereik deur Ace Films Incorporated, 'n maatskappy wat nie in Suid-Afrika geregistreer is nie, maar Boet Troskie se Mimosa Produksies het dit vervaardig.

Name is op die kredietrol verander. Rozanne Botha, die staatspresident se dogter en produksie ko-ordineerder, se van verskyn as Both. Professor Hennie Human van die Universiteit van Potchefstroom, die draaiboekskrywer en vervaardiger, word aangegee as Henry Hyman.

Back to Freedom is met die oog op buitelandse verspreiding vervaardig. Dit is deur verskeie gerespekteerde kritici as "blatante regeringspropaganda" afgemaak. Volgens 'n vooraanstaande kritikus "is die boodskap, wat onder komedie verdoesel word... dat Suid-Afrika nie militêr met sy buurstate inmeng nie."

Troskie, egter, sê hy daag enigiemand uit om te bewys dat dit 'n propaganda-prent is. "Dat dele in Suid-Angola geskiet is, sê niks," sê hy. "Ander dele is ook in Noord-Transvaal geskiet."

Van die akteurs en produksielede sê hulle is deur die vervaardigers 'n rat voor die oë gedraai. Hulle integriteit is daardeur aangetas.

Lloyd Ross van Shifty Records, wat verantwoordelik was vir die musiek, het vandeesweek aan Vrye Weekblad gesê as hy geweet het wat die onderliggende boodskap van die prent was, hy nooit deel van die projek sou gewees het nie:

"Nadat ek snitte van die prent gesien het, het ek vir die regisseur, Ivan Hall, gevra watter rol die Weermag daarin speel. Is dit meer as net 'n paar vliegtuie en tenks as rekwisiete? Hy het my verseker dit is net 'n avontuurverhaal wat in Afrika afspeel.

### Wantroue

"Ek het al vantevore met Hall gewerk," het Lloyd gesê. "En ek het geen rede gehad om hom te wantrou nie. Ek het gevra waar die geld vandaan gekom het. Ek het in daardie stadium deur Mimosa gewerk. Ek was onder die indruk dat dit private geld was. Ek het verneem dat dit dieselfde klomp was wat The Gods Must be Crazy vervaardig het."

Hy sê ook dat as hy geweet het waaroor die projek gaan en ingestem het om daaraan te werk, hy nie sy eie naam sou gebruik het nie.

Aktrise Dorothy Ann Gould, wat 'n Kubaanse majoor speel, het nog nie die prent gesien nie. Sy sê dat sy uit goedgelowigheid die fout gemaak het.

Haar agent, Penny Charteris, het vir haar gesê dis 'n skertsende, spottende prent - 'n soort van Raiders of the Lost Ark. Dorothy het nooit die hele draaiboek gelees nie. Sy was maar vier dae op die stel. Sy het geen uniforms of weermagvoertuie gesien nie.

Sy erken dat sy miskien naïef was, maar was nie bewus dis 'n "propaganda-prent" nie. Daar is waarskynlik baie min akteurs in die land wat uit so 'n oogpunt heeltemal smetteloos is. Dink maar aan die rolprent Wild Geese, sê sy. En voortaan sal sy baie meer vrae vra.

### Gewoond aan gemors

Lloyd was wel bewus van die Weermagtoerusting, maar het nie veel ag daarop geslaan nie: "Suid-Afrikaners in die rolprentbedryf is gewoond om aan gemors-rolprente te werk. As mens aan die lewe wil bly, moet jy bereid wees om jou kreatiwiteit prys te gee. Hierdie fliek het ten minste beter gelyk as die seksistiese gemors wat toe beskikbaar was."

Hy het ook gesê dat baie akteurs in Suid-Afrika hulself moet prostitueer. "Baie van ons voorste akteurs werk vir die SAUK. Mense wat onder die omstandighede ons deelname aan die prent veroordeel, is net eiegeregtig."

Hy sê ook die prent waaraan hy gewerk het, radikaal verskil van die eindproduk wat hy laas week gaan sien het.

"Die musiekgroepe wat deur Shifty Records versprei word en wie se musiek in die prent gebruik is, het niks geweet van die inhoud nie. Ek het as publiseerder self die besluit geneem en aanvaar verantwoordelikheid daaroor. Ek kan ook nie sê dat ek glad niks geweet het van die prent se inhoud nie, want ek het."

Dit is duidelik dat baie van die akteurs om die bos gelei is. Die propaganda is skaars merkbaar in die geskrewe teks. Dit is meestal vervat in die visuele komponent... die uniforms, die oorlogstuig, die slagspreuke (soos "Cubans go home") wat 'n leser nie sou agterkom nie.

Agente lees draaiboeke namens hul kliënte. Charteris, die agent vir Gould en Greg Latter (wat ook 'n Kubaan speel) sê sy het wel die hele draaiboek gelees. "Dis deur die vervaardiger aan ons verkoop as 'n prettige, tong-in-die-kies aksie-avontuurprent wat toevallig in Afrika afspeel. Ons het geen vermoede gehad dat die Weermag betrokke sou wees nie."

"Ek is veral ontsteld dat Dorothy Ann aan so 'n prent deelgeneem het. Ek sou nooit toelaat dat sy 'n propagandaprent maak nie. Ek maak 'n punt daarvan om my kliënte van politieke prente af weg te hou. My kliënte sing nie info-liedjies nie, tensy hulle wil."

Die vervaardigers het die feit dat die prent as 'n pakket saam met The Gods Must be Crazy II oorsee versprei sou word, as aansporing gebruik.

# Ons musiek verkoop soos goud oorsee

DAT JOHNNY Clegg met 'n balaklava in Parys moet rondloop om skreeuende aanhangers te vermy, is 'n bewys dat die belangstelling in Suid-Afrikaanse musiek nie ná Graceland gaan lê het nie.

Die verkope van Savuka se Shadow Man is nou al lank reeds verby die eerste miljoen in Frankryk. Na verwagting sal dit binnekort in België, en Duitsland goud word.

Die ophef oor Clegg en ander SA musikante het gelei tot 'n groot bemarkingsveldtog deur Gallo GRC se nuutgestigte Internasionale bemarkingstak, Shisa Records. (Ironies genoeg het Suid-Afrikaners eers aan hulle eie musiek begin aandag gee nadat daar so 'n ophef daaroor in die buiteland gemaak is.)

Die kunstenaars wat nou deur Gallo bemark word, volg kort op Clegg se hakke. Mathlatini en sy Mahotella Queens, 'n bobaas mbaqanga-groep, se gewildheid versprei soos 'n veldbrand deur Europa.

Hulle het onlangs 'n 20-stop toer deur Duitsland, Frankryk, België, Switserland en Brittanje voltooi waar hulle by meeste van die konserte staande toegejuig is. Hulle word deur Celluloid Records in Frankryk en in Franse Afrika versprei.



PJ Powers: Goed ontvang by die Roxy

Hulle het ook pas 'n groot opname-kontrak geteken wat hulle musiek na feitlik al die uiteindes van die aardbol sal neem. Dit is 'n direkte gevolg van die sukses wat hulle langspeler Soweto/Paris behaal het. Hulle is bespreek vir die Winnepeg Musiekfees in Junie volgende jaar.

Intussen toer Ladysmith Black Mambazo, die eerste Suid-Afrikaners wat 'n Grammy ontvang, deur Amerika. Hulle gaan by die bekende Apollo-teater in Harlem optree. Mense soos Stevie Wonder, Smokey Robinson, en die Supremes het almal hulle loopbane by die Apollo begin.

Mambazo is tot 3 Desember in Amerika en Kanada voordat hulle na Brittanje vertrek vir 'n paar vertonings. Die toer eindig op 18 Desember in België. Die mbube-veterane se nuutste plaat "Journey of Dreams", waarop hulle weer vir een lied, "Amazing Grace" saam met Paul Simon optree, word Kerfees wêreldwyd vrygestel. Suid-Afrikaners sal dit teen 7 November op die rakke sien.

Hulle is so populêr in Australië dat daar nou 'n plate-bundel van hulle beste deuntjies daar vrygestel word (deur Laser Records teen die einde van die jaar). Hulle verskyn ook op TV.

Mbongeni Ngema se musikale verhoogstuk by die Court Theatre op Broadway is so gewild dat die speelvak met twee jaar verleng is. 'n Tweede stel akteurs is besig op plaaslik te repeteer vir 'n opening in Washington binne die volgende paar weke.

Sipho Hotstix Mabuse se nuwe album by Virgin (London) is pas in België voltooi en word vroeg volgende jaar vrygestel. Hy het reeds na Brittanje vertrek vir promosie-opvoerings.

En ten spyte van al die negatiewe hoorsê, is PJ Powers goed ontvang by die bekende Roxy Club in Los Angeles.

Mens wonder nog steeds of dit goed genoeg sal wees vir Suid Afrikaners om vir 'n slag na hulle eie musiek te luister?

## Gandhi. Biko. En nou Charlie Chaplin

SIR Richard Attenborough wil sy volgende rolprent maak oor die lewe van die snaakste mannetjie wat ooit op die silwerskerm was, Charlie Chaplin.

Attenborough het die toestemming van Chaplin se weduwee, Oona, en sy sewe dogters wat nog leef, berig die Observer in Londen. Universal Studio's is reg om sowat R160 miljoen vir die prent beskikbaar te stel.

Die keuse is nie so vreemd as wat dit mag lyk nie. In 1952, tydens die McCarthy-heksejag op linksgesindes in die Amerikaanse kultuurlewe, het hy na Switserland gevlug. - AFP.

# Verwoeste Mosambiek verfilm



Helena Nogueira — Foto: Andrea Vinassa

**Helena Nogueira se debuut as regisseuse met Quest for Love is met gemengde gevoelens deur beide die publiek en kritici ontvang. Nietemin word sy as een van Suid-Afrika se voorste nuwe filmmakers beskou en is druk besig met planne vir haar volgende rolprent. Felice Orsini praat met haar oor die nuwe projek.**

Terwyl Helena Nogueira se eerste rolprent nou by Metro-teaters draai, is haar volgende projek al reeds in 'n gevorderde stadium. "A Farewell to Africa" wat vroeg volgende jaar geskiet word is 'n ko-produksie wat die Mosambiekse regering en 'n Portugese vervaardiger sal betrek.

"Quest for Love" sou op soortgelyke wyse tot stand gekom het. Die ko-produksie tussen 'n Mosambiekse en 'n Portugese vervaardiger en Anant Singh (wat Darrel Roodt se eerste projekte geborg het), is met die dood van President Samora Machel in die wiele gery. Machel se vliegtuig drie weke voordat die verfilming op die eiland Inhaca sou begin het, geval: "Daar was vir 'n jaar lank geen kulturele ontwikkeling in die land nie. Ons het gevoel dit sou swak smaak gewees het om met Suid-Afrikaanse akteurs en tegnici in Mosambiek op te daag onder dié omstandighede," sê Nogueira.

Maar sy sê dat die Mosambiekse regering tydens onderhandelings nie teen Suid-Afrikaners gekant was nie: "...natuurlik met die verstandhouding dat ons nie die Suid-Afrikaanse regering verteenwoordig nie."

Sy het reeds die draaiboek van "A Farewell to Africa" aan Chissano se regering voorgelê en is verseker van hulle goedgesindheid teenoor die projek. Sy versterk vroeg aanstaande jaar na Mosambiek om navorsing te doen en plekke uit te kies waar die rolprent verfilm kan word. Verfilming sal kort daarna in Maputo en Zimbabwe begin.

"A Farewell to Africa" handel oor 'n wit kaptein in die Portugese weermag, sy vrou, en sy beste vriend, 'n swart kaptein in die weermag. Die swart kaptein weet nie dat sy broer 'n lid van Frelimo is nie. Soos "Quest" fokus "Farewell" op persoonlike verhoudinge in 'n politieke woestyn.

'n Britse joernalis sluit by Frelimo aan en infiltreer Sena Sugar, die belangrikste Portugese belegging in Mosambiek. Sena Sugar was vir die Portuguese weermag baie belangrik. Toe Frelimo Sena infiltreer, het die Portugese regering geweet dat hulle die oorlog verloor het.

Een van Helena se oogmerke is om die ooreenkomste tussen Mosambiek gedurende daardie tyd en Suid-Afrika se huidige situasie uit te beeld. Volgens Helena, wat gebore en getoë is in die destydse Lorenco Marques, is sy nog steeds "woedend vir die Portugese regering omdat hulle ons van alle inligting oor die oorlog beroof het. Teen die tyd dat ons gehoor het van die oorlog, was dit reeds te laat," sê sy.

Die verhoudinge tussen die drie hooffigure speel af teen die agtergrond van die "Big Band"-era in die bekende Hotel Polana en die oorlog wat in die Noorde begin en stadigaan nader aan die stad beweeg.

Nogueira het die stormagtige geskiedenis van die revolusie aangevul met biografiese besonderhede. Die uittog van die wit buitelanders, gevolg deur die uittog van die wit Mosambiekers, die totale paniek wat daaruit gespruit het, die uiteindelike vlug van die inheemse bevolking en die Suid-Afrikaanse vlugtelingskampe word in die prent uitgebeeld.

"Dit is vir my belangrik om stereotipes te vermy," sê Helena. "Ek is twee draaiboeke aangebied wat so openlik anti-Suid-Afrikaans was dat ek hulle van die hand gewys het. Dit is so maklik om die konflik op te som as 'n groep swartes teen 'n groep wittes."

Sy verkies ook om akteurs wat aan haar bekend is te gebruik en byna die hele rolverdeling van "Quest" is weer gekies om in "Farewell" te speel: Jana Cilliers, Sandra Prinsloo, Joanna Weinberg, Andrew Buckland en verskeie swart ekstras. Gretha Fox is nuut.

Helena het die draaiboek met behulp van een van die swart akteurs op "Quest" geskryf. "Hy het met 'n pragtige draaiboek vorendag gekom," vertel Helena. "Dis die verhaal van Michael Knight in die townships. Ek het my idees in 'Farewell' met hom gedeel en en hy het uiteindelik help skryf aan die draaiboek. 'n Karakter met die naam van Joseph het deur die samewerking ontwikkel..."

Die swart gesin in "Farewell" is gegrond op die swart gesin wat 'n kleinhoewe in die Hartebeespoort-gebied met Nogueira deel.

Sy meen daar is 'n magdom visuele materiaal beskikbaar waarmee sy die atmosfeer van Lorenco Marques voor en ná die revolusie kan herskep.

"Dit het amper surrealisties gevoel om in daardie dae deur LM se strate te ry. Al die mense se besittings is in kratte gepak en het langs die strate gestaan. Die hele 'stad' is in kratte gepak en weggeneem oor die see..."

"Daarna het honde in die leë state rondgedwaal. Daar was 'n epidemie wat honderde katte laat sterf het. Stywe, geswolle katte het die strate vol gelê," vertel Helena. "Die nuwe bestel het met 'n enorme agterstand tot stand gekom. Almal blameer Frelimo vir die verwoesting. Maar toe Machel oorgeneem het, was die land reeds gedoem. Die Portugese het alles verwoes voordat hulle die land verlaat het. Van die weermagbevelvoerders behoort tereggestel te word vir hulle kriminele gedrag."

Intussen is Helena besig met 'n tweede projek: 'n verwerking van Wessel Ebersohn se "A Lonely Place to Die" wat haar goed gaan besig hou tot die verfilming van "Farewell".

**JAY McINERNEY (regs) se novelle, Bright Lights, Big City het aan die einde van 1984 'n storm veroorsaak onder die intellektuele-snob-kritici van die "nuwe wêreld".**

**Die boek was 'n blitssukses wat New York se boheme op hol gehad het. Dis beskryf as DIE yuppie-novelle van die tagtigerjare.**

**McInerney het self sy boek in 'n draaiboek verwerk. Die film is onlangs deur United Artists uitgereik en begin vandag by Metro-teaters in Suid Afrika draai.**

**Die storie, wat handel oor 'n jong kokaïen-dronk New Yorker wat die dood van sy ma en die verlies van sy vrou wat hom verlaat het, probeer verwerk, is semi-outobiografies.**

**Nes die karakter in die film (vertolk deur Michael J Fox, wat kritici voorspel die rolverdelingsblaps van die eeu gaan wees) het McInerney ook in die "factual verification" departement van 'n bekende tydskrif (die New Yorker) gewerk. (Die tydskrif word nie in die film of boek genoem nie). Hy is 'n bekende skrywer van kortverhale vir Esquire. Bright Lights, Big City, sy eerste boek, is met behulp van 'n vriend uit 'n versameling "essays" in novelle-form verwerk.**

**McInerney se sterk ironiese, en soms skreeu-snaakse uitbeelding van die verval van Westerse waardes word in die die novelle voorgestel deur die hoofkarakter se psigologiese vordering van sleg na vrot. Dit is in die tweede persoon geskryf ("You walk into the smokey club. You feel dizzy..." ens) wat die leser maklik laat identifiseer met die karakter se agteruitgang. (Selfs 'n tokkelok sal empatie kan voel met die vuisvoos New York nag-wêreld van rooi oë en versonke neus-brûe.)**

**Sy tweede novelle, Ransom, het ewe veel positiewe kritiek uitgelok.**

**Die verhaal van 'n Amerikaner se reis na Japan skeer goed die gek met Westerse miskonsepsies van die Ooste.**

**Lede van die publiek sal dié naweek al kan oordeel of McInerney en die produksiespan van die rolprent dieselfde standaard as sy skryfwerk gehandhaaf het.**



# Onskuldiges in oorlogstyd ...

**The Raggedy Rawney**
**Met Bob Hoskins**
**Regie: Bob Hoskins. Geskryf deur Bob Hoskins en Nicole de Wilde.**
**Begin vandag by Ster Kinekor teaters**

**Felice Orsini.**

Met Raggedy Rawney maak die Britse filmvonds van die dekade, Bob Hoskins, sy debuut as regisseur. En die akteur wat hom nogal dom gehou het in prente soos The Long Good Friday, Once Upon a Time in America, Mona Lisa, A Prayer for the Dying en The Lonely Passion of Judith Hearn, kwyt hom goed van die taak.

Hy speel ook 'n hoofrol in Raggedy Rawney en is saam met Nicole de Wilde verantwoordelik vir die draaiboek. In The Raggedy Rawney is Hoskins (Darky) die leier van 'n groep Sigeuners iewers in 'n ongenoemde land in 'n ongenoemde tydperk wat vasgevang word in 'n ongenoemde oorlog.

Hy (Hoskins) het doelbewus nie die tyd en plek gespesifiseer nie. Sy boodskap is eenvoudig: die vyand is oorlog, en in The Raggedy Rawney word spesifieke aandag gegee aan die lyding van onskuldiges in oorlogstyd.

Tom, 'n jong soldaat, dros nadat sy eenheid aangeval is en hy sy bevelvoerder se oog uitgesteek het. Hy strompel deur die onherbergsame, deur geweld-geteisterde platteland en ontmoet 'n dogtertjie wat met haar ma se grimering speel. Terwyl sy hom grimeer, besef hy hy kan oorleef as hy hom vermom as 'n vrou.

Sy omswerwinge lei hom na 'n groep Sigeuners wat hom herberg gee en as 'n "rawney" - half-towenares, half-mal - beskou.

Die verhaal van ontluikende liefde tussen Tom en Darky se dogter Jessie (Zoe Nathenson) kon met 'n ander regisseur en draaiboekskrywer sentimenteel aangedoen het. Maar met die hulp van sy kameraman, Frank Tidy, en 'n hoofsaaklik Oos-Europese span, skep Hoskins 'n onheilspellende amper-fantasielandskap vol fassinerende karakters met vreemde karakter-eienskappe en byna Middel-eeuse bygelowe.

Die atmosfeer - dié van 'n naïewe skildery - word ondergrawe deur 'n groteske werklikheid wat deurentyd deurbreek. Dit is 'n tegniek wat die prent van enige sweem van soetsappigheid red. Hoskins gee 'n insiggewende, ryk blik op die lewenstyl van die Sigeuners... en suggereer deurgaans dat dit 'n lewenstyl is wat aan die uitsterwe is.

Die brutale bevelvoerder, wat die bedreiging van buite verteenwoordig, word effektief met die volksfeeste gejukstaponeer om ten einde die weerloosheid en die sterflikheid van die mensdom te weerspieël.

Pretensieloos. Eenvoudig. Eerlik.

En byna ondraaglik droef.



**Sigeuner-troue in The Raggedy Rawney.**

boeke-blad

ONDER REDAKSIE VAN
VICTOR MUNNIK

# Meesterlike vertellings oor monsters en maanklippe

**Towerlantern: Afrikaanse oustories oorvertel deur Pieter W. Grobbelaar. Met tekeninge deur Lizé Groenewald. Human en Rousseau, Kaapstad en Pretoria, 1988. Prys: R13.95**

Willem Möller

EK HOU nou eenmaal van 'n goeie storie - nie soseer in die sin van interessante gegewens nie, maar in die sin van lekker luister, of lees, omdat die verteller weet wat hy doen.

In Towerlantern vertel Pieter W. Grobbelaar 'n klompie stories - party wat ek uit my kinderdae onthou, en 'n paar nuwes - op 'n meesterlik boeiende en musikale manier.

'n Mens lees met groot lus van allerhande Jong Mans op Soek na Geluk, van Eenoog-Mensvreters, Mooiste Meisies, van Konings, Prinsesse, Prinse en ander Royalty - net soos in die vrouetydskrifte vandag - om nie eens te praat van gelukkige eindes nie.

Een van die mooistes is die moderne sprokie van die Singende Maanklip wat deur ruimtevaarders kom haal is om op Aarde ten toon gestel te word, en dan so huis toe verlang dat hy 'n aardbewing veroorsaak. Die ruimtemanne moet die klip uiteindelik terugvat om die vrede te herstel.

In Die Betowerde Bos - met 'n einde wat platval - is dit die sterk verteltrant wat die aandag hou. Ene Niksnuts word deur 'n klomp pyprokende gedaantes verras.

"Niksnuts skrik hom boeglam, maar hy hou hom dapper. Luidkeels roep hy vir die pyprokers: 'Naandsê, oudstes!'

"Dit moes hy nie gedoen het nie. Girts! draai hulle nekke soos een man na sy kant toe. En kla-kla-kla! klap hul bene soos hulle op hom afstorm. Nee, hier gaan 'n kruithoring en geweer nie help nie, dink Niksnuts. Hy sal maar sy toorkierie moet gebruik.

"Hy vlieg onder die geraamtes in, en hy slaan links en regs dat jy net spaanders sien waai. 'So ja,' sê hy toe dit weer stil word. 'Ek het julle mos niks gemaak nie. Hoekom wil julle my dan staan en verrinneweer?'".

Maar hoekom die verhale Afrikaanse oustories genoem word verstaan ek nie mooi nie. Grobbelaar probeer 'n spesifiek Suid-Afrikaanse geur inwerk, maar die stories is hiervoor meesal net té Europees. Soos daar op die agterflap toegegee word: "G'n feetjie sal dit 'n dag lank in ons oorwegend dorre klimaat hou nie."

Die kinders wat deur die Eenoog-Mensvreter gejaag word het nou wel name soos Doors, Floors, Gawie Dawie en San; en daar is 'n Hans, Maans en Stefaans in Die Esel, die Tafeldoek en die Kierie; maar origens is dit meestal Royalty, en nogal met eksotiese name soos Prins Damon en Prinses Milana.

Volgens die agterflap het Die Betowerde Bos en Die Maanklip in Suid-Afrika ontstaan - die laaste glo na aanleiding van die aardbewings in die Boland in 1969. Maar hierdie verhale is nie Suid-Afrikaans in die sin dat die gebeurtenisse nie op enige ander plek kon gebeur nie.

Dis wel die geval in my gunsteling-storie: dié van Kaptein van Hunks en die Duiwel. Dis mos net Tafelberg wat Tafelberg se kleed kan dra, en as dit nie vir dié twee ou rokers was nie, sou daar nie 'n kleed gewees nie.

Maar hoekom ons nog in hierdie dae hoegenaamd aan sprokies steur? Wel, dit lyk asof daar belangrike lesse uit hul te leer is; lesse wat in dié land nie uit die praktyk geleer word nie. Soos ons byvoorbeeld in Die Maanklip sien, weet selfs stukke rots dat jy nie sommer iemand se bestaan kan ontwrig deur te besluit dat hy/sy/die klip op 'n ander plek moet gaan woon nie.

En in Hans die Geluksoeker skep Grobbelaar 'n sprokie-Suid-Afrika met 'n heel interessante staatkundige bestel; moontlik 'n sprokie-model vir die toekoms. Dis nou as eekhoring-demokrasie nie wil werk nie.

Die storie eindig waar Hans die President se dogter, Mooiste Meisie - wat deur 'n mensvretende reus gevange gehou is - aan haar vader terugbesorg.

"Vader en dogter omhels mekaar, en toe sê die President vir die Mooiste Meisie: 'Ek het Hans belowe dat hy met jou kan trou as hy jou rêrig terugbring.'

"'Dit sal ek tog te graag doen,' sê die Mooiste Meisie.

"'Buitendien is die Eerste Minister pas dood,' sê die President, 'en jy kan sy plek oorneem, Hans.'"

En so het dit gebeur dat Hans met die Mooiste Meisie getroud is en eerste minister geword het.

"En hy het sy mense lank en voorspoedig gelei."



**Die President se dogter, Mooiste Meisie, krap die Mensvreter se rug totdat hy begin snork. Dan vlug sy en Hans ...**

# Sosiale orde verbrokkel: en dan?

**Under the lion, deur Steve Jacobs. Ad Donker, Johannesburg 1988. Prys nie vermeld nie.**

Victor Munnik

EEN VAN die oudste funksies van die roman is om sy lesers raad te gee. Raad oor hoe die wêreld is, en hoe die enkeling daarin pas. Die tradisionele formaat is dan ook om 'n jongman as sentrale karakter te kies en hom te volg terwyl hy 'n plek in die son vind: homself vestig in die gemeenskap.

In Steve Jacobs se eerstelingroman word hierdie patroon aangepas.

Die sentrale karakter is 'n gevestigde, ouer man om wie die sosiale orde verbrokkel.

Hy soek na 'n nuwe plek vir homself.

Die effens verdoeselde realiteit van die roman is Kaapstad, waar hy as prokureur praktiseer.

Sy jonger broer kom as vreemdeling terug (ná diens in 'n weermag wat optree teen opstandige mense in townships) en kom soek blyplek by hom. Terselftertyd raak hy betrokke by die man wat die tirannieke president vermoor het. Hy raak verlief op 'n meisie in die struggle en sy skrywervrou verlaat hom...

Jacobs vertel sy storie baie vlot. Die tegniek is konvensioneel, en baie bekende dinge val op.

Die hoofkarakter se naam is Josef S., en nes 'n skepping van Kafka is hy dwalende deur 'n stad. Sy kennismaking met die struggle - as liberaal - herinner aan die situasies wat Gordimer uitbeeld (maar hy doen dit met meer menslikheid).

Die apokaliptiese toon herinner aan JM Coetzee se werk (maar sonder die ingewikkelde taalfilosofie).

Die eggo's pla egter nie, omdat dit behendig verknoop word tot 'n uiters leesbare verhaal.


Die verhoudings tussen mense word fyn en oortuigend uitgebeeld. Die simboliek is liries, maar tog nie opdringerig nie. Die plaaslikheid en herkenbaarheid van Kaapstad is 'n bykomende plesier.

Die einde stel egter teleur.

Eindes is 'n algemene probleem vir Suid-Afrikaners wat "politieke romans" skryf. (Gordimer het in The Conservationist, July's People en Sport of Nature in dieselfde heining vasgehaak. Serote se To Every Birth its Blood en Etienne Leroux se Onse Hymie het ewe moeilik geëindig.)

Miskien het ons hier met die grense van die romanvorm te make, wat dalk nie so 'n totale omkering van sy oorspronklike funksie kan verdra nie.

Of dalk is die vraag waarmee Jacobs worstel, se antwoord nog histories buite ons bereik: hoe vind die liberale enkeling wat sy rug gedraai het op 'n siek, verbrokkelende ou orde, 'n plek in 'n nuwe orde wat hom dit skaars toelaat?

'n Goeie boek is die enigste sleutel wat die deur van vrye gedagte oophou

Cranfords Boekwinkel. *"Ons vind wat u soek"*

Langstraat 257 - 261 ••• Kaapstad ••• Tel: 244970


**Pront-uit deur Gerrit Olivier**

# Die hemel help ons

DIE HEMEL help ons. Onder die vele slagoffers van prof Joan Hambidge is daar nou ook prof FIJ van Rensburg, plaaslike pornokenner. Dit was onvermydelik dat hy hom die een of ander tyd in haar sou vasloop.

Laat ek u eers meer vertel oor die deelnemers aan hierdie windmeulgeveg.

Ná 'n deurlugtige loopbaan aan die RAU is Van Rensburg nou professor in "honorêre kapasiteit". Dit beteken dat hy baie tyd tot sy beskikking het om in die openbaar van homself 'n oorlas te maak.

Hy praat al jare lank oor sensuur en pornografie en oor niks anders nie; sy vermanende vinger duik op in brief na brief, artikel na hoogdrawende artikel om die euwels aan ons uit te wys.

Hy sê ook steeds maar dieselfde dinge. Verslapping van morele standaarde; objektiewe maatstawwe; verontmensliking. En hy hou die verstommende teorie daarop na dat strukturele gevoegdheid en niks anders nie sal bepaal of 'n werk onsedelik is. Prof van Rensburg betoog in sy Pornografie dat die literêre deskundige, dws prof Van Rensburg self, die beste waghond oor ons sedes moet wees. Alles wat voeg, sê hy, is ook welvoeglik.

Hiervolgens sou 'n pornografiese film 'n groot kunswerk moet wees, want daarin word met die minimum aan struktuurmiddele - 'n penis, 'n vagina en 'n kamera - 'n eenheid geskep waarin alles voortreflik voeg, pas en geïntegreer word.

Prof van Rensburg het Koos Prinsloo se Die Hemel Help Ons gelees en aangegryp as voorbeeld van verdorwenheid, as iets om oor te praat. Hy het 'n smeerveldtog teen die boek begin.

'n "Swak geskrewe boek", noem hy dit; "swak skriftuur"; 'n "kru en weersinwekkende" behandeling van homoseksualiteit. Iemand wat sulke uitsprake oor Die Hemel Help Ons maak, hoef nie verder ernstig opgeneem te word nie.

Behalwe deur die bakleierige prof Joan Hambidge. Prof van Rensburg het so knaend op sy snaartjie getokkel dat die water in die jonger hoogleraar uit Pietersburg se knieholte uiteindelik begin kook het.

Dit is moeilik om samevattend iets oor die alomteenwoordige prof Hambidge se omvangryke oeuvre te sê. Alleen haar briewe aan die pers sal eendag meer dele beslaan as Langenhoven se versamelde werke.

In 'n brief aan Beeld beskuldig sy Van Rensburg daarvan dat hy tydig en ontydig preke oor moraliteit afsteek. En dan bestry sy Van Rensburg se preek met 'n ander soort preek, wat sy deesdae ewe knaend tot die lesende publiek rig.

Hambidge se gesag is die gesag van die kateder. Ex cathedra wys sy Rika Cilliers tereg; skoolmeesteragtig slaan sy die lesende publiek met dik boeke om die ore; en teenoor Van Rensburg se gesanik beroep sy haar op, raai wat, literêre gehalte.

Nou wil ek nie beweer dat literêre gehalte 'n irrelevante ding is nie. Maar sensuur gaan oor iets anders. Sensuur gaan daaroor dat 'n klein groepie mense bepaal wat die hele bevolking se leefwêreld sal wees.

Hambidge se gesag is net so outoritêr soos Van Rensburg s'n. As Die Hemel Help Ons 'n vrot boek was, sou ek nog daarop aangedring het om hom te mag lees.

# Hy is die brein en sy is die koei

Carol Coetzee

DIE een is so lank as wat die ander kort is, so spraaksaam as wat die ander ingetoë, amper sku voorkom. Maar soos 'n mes en 'n vurk kan hulle saam 'n sakie takel soos geen ander span nie.

Hulle is Elsabé Zietsman en Casper de Vries wat sedert Hallo Suid-Afrika verlede jaar onlangs weer saam te sien was in Truk se kabaret, Die Blou Bulle Revue.

Oor ete en 'n glasie wyn by Freddie's Tavern in Mellville gesels hulle oor hul werkverhouding, politiek, kabaret, hul gunsteling-geregte...

Elsabé vertel hoe bly sy was om uit Mayfair te trek, waar blankes hul neus optrek vir Indiërs wat die buurt wil verbeter. Casper sê die wittes voel hulle bedreig. "Al wat hulle het om hulle te beskerm, is hul vel."

"Julle is besig om my ongelooflik neerslagtig te maak. Kan ons asseblief oor iets anders praat," roep Elsabé halt. Sy verkies om haar kritiek deur kabaret uit te spreek, daaroor te lag.

"As 'n mens realisties oor rasseverhoudinge in ons land is, raak dit amper ondraaglik. 'n Mens is so hulpeloos, maar kabaret help dalk om party mense tot nadenke te stem.

"Maak 'n plakkaat van my met stert en tiete en skouers, verleidelik, sodat iemand wat verby loop, dink: 'Ha, lekker ontkleevertoning'. Hy kom kyk en loop dalk halfpad uit. Maar ons het hom daar gekry, 'n saadjie geplant wat tog dalk eendag kan ontkiem."

Sy en Casper het groot planne vir volgende jaar - hulle wil 'n stuk saamstel wat "so na as moontlik aan kabaret is".

Die verskil tussen revue en kabaret is dat eersgenoemde suiwer vermaak is, terwyl kabaret hoofsaaklik sosiale kommentaar lewer en die gehoor vra om te dink. "Jy gaan na albei om te lag, maar met kabaret moet jy dink en weet hoekom jy lag," sê Elsabé.

Volgens Elsabé was Hallo Suid-Afrika merendeels revue. Die Blou Bulle Revue wat deur Truk as 'n "kabaret" adverteer word, bevat volgens haar ook net een skets wat werklik kabaret is: Die toneel waar Suid-Afrikaners op Pluto kennis maak met sy hiper-intelligente bewoners. Omdat die planeetbewoners niks van rugby af weet nie, gee PW Botha opdrag aan Pik Botha om onmiddellik terug te keer en alle kontak te verbreek.

"Dit is kabaret omdat 'n ongelooflike stelling oor rugby - ons nasionale godsdiens - gemaak word," verduidelik Elsabé.

Die bekkige Casper wat ons op die verhoog ken, is verbasend stil totdat jy agterkom hy praat net as hy werklik iets te sê het. En as jy hom 'n moedelose trek op sy gesig wil gee, moet jy vra hoe hy kabaret definieer. Hy het dit dan al soveel keer gesê.

"Die hoofdoel is om mense te laat dink oor dit wat jy uitbeeld. In teenstelling met revue is dit byvoorbeeld nie 'n klomp Broadway-liedjies wat aanmekaar geryg is vir die aand nie. Soos 'n gedig is dit 'n spel met die taal en hoe meer vertroud die gehoor met die taal is, hoe meer kan hulle dit geniet en verstaan.

"Dis 'n verrykende ervaring, 'n knypie in die boud van die samelewing, 'n gespot en gekla met vrae wat pla." Kabaret terg die kop en nie die drifte nie, voeg Elsabé by.

Hy en Elsabé ken mekaar nog betreklik kort. Hulle het twee jaar gelede by die Baxter-teater in Kaapstad ontmoet waar Casper Hallo Suid-Afrika opgevoer het. Terug in die Transvaal sou hy dieselfde stuk met Joanna Weinberg vir Truk opvoer, maar Weinberg het 'n rolprentaanbod gekry en Elsabé het die rol onmiddellik oorgeneem.

Aan Casper se oordeel heg Elsabé oneindig baie waarde. "Hy is die brein en ek die koei," sê sy beskeie. "Ek doen wat hy sê. Ek dink ons werk goed saam. Ons het albei redelik baie ondervinding in kabaret en revue. Casper kan skryf. Hy het die verbeelding. Ek nie.

"Ons kan eerlik met mekaar wees. Omdat ons mekaar vertrou kan ons kritiek van mekaar aanvaar en dit verwerk," som Elsabé die geheim van hul suksesvolle samewerking op.

Maar al ken hulle mekaar goed, is Elsabé tog verras toe Casper oor sy kookvernuf praat. "Een van my spesialiteite is hoender."

"Jy maak volgende Sondag kos, Skapie," sê Elsabé.

Casper gee sy wenresep: "Ek gooi hoenderboude en -borste in 'n baksak met meel. Voor die tyd gooi ek oreganum, tiemie, basielkruid, sout, peper, hoenderspesery, knoffel, uievlokke, twee heel geskilde uie en naeltjies in die sak. Dan bak ek dit anderhalf uur per kant."

Hou Casper van oorgaar hoender?

Twee van hul getrouste ondersteuners is die gewese hoof van die SAUK, Riaan Eksteen, en sy suster, Cecile Greyling. Elsabé was verbaas oor Eksteen se sin vir humor toe sy hom die eerste keer met Hallo Suid-Afrika ontmoet het.

"Dit is wonderlik om sulke mense in jou gehoor te hê wat luister en op jou golflengte is," sê Casper. Die eerste week by Club 58 het hom neerslagtig gemaak omdat net drie of vier mense elke aand sy vertoning waardeer het.

"Die ander het eintlik gekom om na musiek te luister en te gesels. Maar teen die tweede week het die 'regte mense' begin kom en toe kon ek laat waai," sê Casper.

Elsabé het Arnold Vosloo by die Pretoriase Technikon ontmoet waar hulle drama geloop het. "Ek was twintig en hy agttien." Hulle het vyf jaar lank uitgegaan en onlangs is Arnold met Nancy Mulford getroud.

Die Vosloos is vandag nog vir Elsabé, 27, soos haar tweede familie. "Hulle is van my beste vriende. Dit is moeilik om nie van Arnold te hou nie. As jy hom uit sy eie omgewing neem, kom hy arrogant voor. Maar tussen sy eie mense weet jy hoe 'n wonderlike mens hy is."



Casper de Vries, die blou bul van kabaret

# Blits Bisholo se wilde radio in die hemel

Kathy Berman

"BLITSVINNING" is omtrent al hoe 'n mens Solomzi Bisholo se eenmensvertoning, Channel 48, wat tans in die Markteater se Rehearsal Room speel, kan beskryf. Dit gaan so vinnig 'n mens voel of jy 'n uur lank in 'n Magimix is wat jy nie kan afskakel nie.

Channel 48 is 'n radio-stasie êrens in die hemel, met dié befaamde Henry Nxumalo van die tydskrif Drum as ons gasheer. Die vertoning bestaan uit 'n string kitsboodskappe wat deur die eter op ons stortreën.

Teen die spoed van lig sweef hierdie kommunikasie-masjien van engelekore tot boodskappe van ons borge, halsoorkop in 'n hele paar mal situasies in.

Die een oomblik grynslag jy oor 'n skreeusnaakse skets van 'n snordraende amptenaar, wat sakkie-sakkie op maat van die tronkbewaarderslied, en dan krinkelsnit jy op die aartappelplaas waar Nxumalo sy onthullings oor gedwonge arbeid gaan uitgrawe het.

Daar is bytende politieke satire wanneer dit gaan oor Steve Biko, Neil Aggett en John Vorster.

Ons sien 'n nadoodse Vorster besig om die aaptrop oor wie hy heers, te dissiplineer.

Oomblikke later word hy deur turbo-aangedrewe engele weggevoer hemel toe om geoordeel te word.

Met hierdie oorweldigende opeenhoping van sketse gee die skrywer, Bisholo, sy gehoor 'n insiggewende kyk op ons gemeenskap.

En deurentyd spreek uit die kunstenaar en sy werk 'n energie wat nie te dikwels op ons verhoë gesien word nie.

Die skrywer self is net so energiek as sy werk.

Hy het sy teater geleer in die "bra Gib Skool" (Gibson Kente, die oupa van township-teater deur wie se regisseurshande omtrent al die swart akteurs in ons land gegaan het), sowel as van Mbongeni Ngema, (regisseur van die Asinamali en Sarafina, 'n treffer op Broadway.)

As een van die spelers in Asinamali het hy omtrent die hele wêreld gesien. Noudat hy terug is, is hy besig om sy akteursreputasie verder te vestig - blitsvinnig.

# Dansers uit die kollig: Eduard en Phyllis



Phyllis Spira en Eduard Greyling, in hulle 'swanesang'

Catherine du Plessis

PHYLLIS SPIRA, prima ballerina, het vandeesweek afskeid geneem van Kruik en haar menige bewonderaars. Mediese probleme het haar loopbaan beëindig.

Haar dansmaat van 17 jaar, Eduard Greyling, het spesiaal van Londen gekom om haar by te staan in die galavertonings waarmee Kruik se 25ste verjaarsdag gevier is.

Greyling se loopbaan het ook vanjaar tot 'n einde gekom.

Altwee beklemtoon hoe dans hul lewens verryk het. Spira: "Om iets te kan bydra tot mense se lewens is eintlik by my die hoofsaak. Ek hoop dit is wat ek deur my verhoogloopbaan bereik het.

"Ballet is uiteraard 'n kunsvorm wat nie werklik vasgevang en bewaar kan word nie. My verhoogloopbaan was net 'n deel van my lewe en ek sien uit daarna om jong dansers verder by te staan met die instudering van rolle - nie om vir hulle voor te skryf nie, maar om hulle te help om hul eie interpretasie te vind." Dit doen sy al lank.

Eduard Greyling sal ook 'n ander danskuns beoefen wanneer hy einde 1989 terugkeer van sy choreografiese studies in Londen. As Kruik se choreograaf sal hy ballette sorgvuldig noteer vir die toekoms. Ook sal hy aktief help met die afrigting van nuwelinge.

Die oordra van waardevolle ondervinding aan 'n nuwe geslag is 'n ou dans-tradisie wat deur hulle voortgesit word.

En hoe voel hulle oor daardie laaste oomblik in die kalklig? "C'est la vie," sê Greyling. "Die lewe gaan voort."

# Leipoldt: kom ons leer proe met sy beesstert

**Die tong is 'n orgaan wat touwys gemaak kan word — jy kan hom leer praat en jy kan hom leer proe**

Koos Coetzee

"GEEN mens kan uit Leipoldt se kookboeke kook nie. Hy gee dan nie mate en gewigte aan nie."

Dit is 'n algemene beswaar teen Louis Leipoldt se resepte - mens hoor dit ook onder hogere koskenners. Dit is waar: oubaas Leipoldt sê nie vir jou hoeveel gram sout of tiemie jy in 'n bredie moet gooi nie. Leipoldt, die snydokter, het nie van mediese preskripsies by kos gehou nie.

Bogenoemde beswaar kom gewoonlik van mense wat nie hul eie ondervinding en oordeel vertrou nie, of nooit geleer proe het nie.

As ons uit Leipoldt kook, móét ons leer proe, anders is ons verlore. As jy wil koskook sonder om te proe, is jy soos 'n messelaar wat wat nooit geleer het om 'n winkelhaak of waterpas te gebruik nie. Jy het geen maatstaf om tussen lekker en sleg te onderskei nie.

Ek glo nie die storie dat iemand 'n gebore kok is nie - sommige het wel meer talente as ander. Die tong is 'n orgaan wat touwys gemaak kan word - jy kan hom leer praat en jy kan hom leer proe.

Leipoldt het met kruie en speserye gegoël. Goeie bestanddele is die eerste voorwaarde vir goeie kos, maar selfs die beste bestanddele is dikwels smaakloos sonder die regte smaakmiddels. Die beste biefstuk is sag en sappig wanneer dit reg gaargemaak word, maar sonder smaakmiddels smaak dit derderangs.

Om uit Leipoldt te leer kook is 'n avontuur: dit het nie die sekuriteit van suiwer meetkunde nie, maar is so onvoorspelbaar soos 'n tydren: oorstuur jy met die een spesery of krui, loop jou kar van die pad af.

Volg daarom dié goeie raad: gebruik aanvanklik min kruie en speserye. Proe gereeld en maak geleidelik aanpassings totdat die kos net reg smaak.

Jare gelede, kort nadat ek in kos begin belangstel het, het ek gehoor Robert Carrier, die Amerikaner wat met die Franse naam, is net die man.

Ek het 'n ingewikkelde beessterttresep van hom gekook: dit was hopeloos te ryk en die smaak het nie bevredig nie.

Daarna het ek Leipoldt se eenvoudige beessterttresep gebruik, en Carrier het sleg afgesteek. (Carrier lyk opgesmuk langs die Franse meesters, wat die wysheid van eenvoud geleer het.)

Hier is Leipoldt se resep uit Kos vir die Kenner (1933): "Osstert, Gestowe - die stert word uitmekaar gekap, ingesout en in 'n kastrol gesit met uie, geelwortels, lourierblaar, suurlemoenskil, peper, sout, 'n eetlepelvol asyn, en genoeg boeljon om alles mooi te bedek, en word dan stadig gekook tot die vlees sag is.

"Die vet word afgeskep. 'n Klont botter word in die pan gesmelt en met fynmeel en 'n paar eetlepelsvol room tot 'n sous geroer, en met die vleessous gemeng. Daarna moet die vlees nog vir vyftien minute lank stadig smoor. Deegkluitjies kan bygevoeg word."

Hierdie resep is soos 'n ruwe kaart - jy moet self soek. Laat jou tong jou lei. Die bevrediging is groot as jy die resep volmaak kook met behulp van Leipoldt se "kaart", en jou tong as rigtingwyser.

'n Paar wenke: Laat beestert maar langerig stowe, anders is dit taai. Moenie die vleis insout of aanvanklik enige sout byvoeg nie. Die boeljonblokkies wat jy gebruik, bestaan omtrent net uit sout. (Ons sal later gesels oor hoe om jou eie boeljon te kook.)

Gebruik 'n baie klein stukkie suurlemoenskil. Indien jy die badkamerskaal of cholesterol vrees, kan jy die room uitlos. Meng dan net die botter met die meel - dit verdik die vloeistof in die pot. Laat die beesstert lank genoeg kook sodat die meel kan gáár word. Rou meel smaak sleg.

Voorspoed, en hou vas om die draaie.

# Nuy se groot muskadel



Wilhelm Linde met sy top-muskadel

BJ Lankwarden

BAIE mense weet nie waar die Nuy-Koöp - wat die beste muskadel in Suid-Afrika maak - geleë is nie. Hulle ken ook nie die koöp se wyne nie.

Die wynmaker van Nuy, Wilhelm Linde, is verlede week deur die gesaghebbende Diners Club as sy Wynmaker van die Jaar aangewys. Vanjaar se prys is in die wit en rooi muskadel-kategorie toegeken.

Vyf van die agt beoordelaars het Linde eerste geplaas en drie tweede.

Daar is meer inskrywings as in enige ander jaar ontvang - 38 - maar dit was gou duidelik wie die wenner sou wees.

Vir ingeligtes het die Nuy lank reeds 'n uitstekende naam. Dit word op die Nederburg-veilings aangebied en ek het vriende wat van die Transvaal Kaap toe ry dikwels versoek om tussen die berge by Worcester 'n paar kiste muskadel of Chant de Nuy te koop.

Chant de Nuy is 'n ligte droë wyn met 'n volmaakte vrugtige geur wat mens aan pynappels herinner.

Ongelukkig verkoop hierdie koöp wyn net by die kelder of per pos. Dit is jammer dat hulle nie in die handel verkoop nie - afgesien van die wyne wat reeds genoem is, is hul Colombards en Red Muscadels in 'n klas van hul eie.

Wilhelm Linde, 'n stillerige mens wat toegewyd is aan sy werk, is reeds 17 jaar by Nuy - en sy produkte wys dit. Min landgoedere lewer die kwaliteit van hierdie koöp.

As prys vir sy 1985 White Muscadel het Wilhelm 'n vliegkaartjie na enige plek in die wêreld en R2 000 kontant ontvang.

Tot dusver het die wynjaar 1985 vier Diners Club-wenners gelewer: Gunther Brözel se Nederburg Gewurztraminer, Sydney Back se Backsberg Chardonnay, Beyers Truter se Kanonkop Pinotage en nou Wilhelm Linde se Nuy White Muscadel.

Laasgenoemde muskadel kry nou uiteindelik 'n mate van die erkenning wat dit verdien. Dit is een van die beste wyne in die hele wêreld.

Vervang likeur na 'n belangrike maaltyd met die volgende: Vul 'n brandewynballon met drie blokkies ys, twee sopies muskadel (hou die bottel in die yskas), en 'n derde of 'n half sopie KWV 10-jaar oue brandewyn.

Skud die glas liggies rond, ruik die wonderlike aroma en teug versigtig — die resultaat is hemels.

Hier is Nuy se adres indien u wil bestel: Nuy Wynkelder Koöp Bpk, Poskantoor Nuy 6700. Tel (02331) 70272.


Est 1987

Yard of Ale

By die Mark-Teater

Kom kuier by ons vir huiskos, goeie wyn en lekker mense

- Die ideale plek vir u kersfunksie

Bespreek vandag : 836-6611/2


# Drink bier en proe die dagga

B J Lankwarden

DIE meeste mense drink bier sonder om daaroor na te dink - miskien dink hul net aan wie die volgende rondte gaan betaal. Bier verdien egter meer aandag.

Bier, of ten minste sommige biere, het 'n aantreklike en aangename geur wat die mond dikwels laat water. Die hops kan 'n kruie-agtige geur hê omdat hops verwant is aan die daggaplant - dus: die enigste wettige manier om dagga te verbruik is om bier te drink.

Ons moet Castle beskou as een van die beste lagers in die land, veral die ongepasteuriseerde een, en Amstel, wat volgens my mening baie beter as die Hollandse Amstel is. Dit sal my nie verbaas as ons Amstel die beste in die wêreld is nie...

Dit is elke bierliefhebber se plig om 'n pelgrimstog na Barney's Tavern by Gold Reef City af te lê omdat die klein brouery op die perseel 'n merkwaardige, heerlike, vrugtige bier lewer.

Dit is 'n ongepasteursieerde bier met 'n baie laer bitterheidsgraad en ook baie minder gas as die meeste biere - maar dit het 'n lieflike smaak, en albei geslagte hou ewe veel van die bier.

Dit is nie vreemd om te hoor dat mense die volgende rondte bestel voordat hul glase leeg is nie. As die Michelin-gids op hierdie bier van toepassing was sou dit drie sterre kry, en as "worth a detour" beskryf word.

Hier is 'n lys van ingevoerde lagers wat redelik algemeen beskikbaar is.

*Pilsner Urquell:* Die oorspronklike bier van Tsjeggo-Slowakye, nou in heelwat drankwinkels beskikbaar. Ferm, en ietwat donkerder as ander lager, maar 'n bier wat mens onthou - een van die beste.

*Fuerstenberg:* Hierdie brouery behoort aan die koninklike Fürstenberg-familie van die Swart Woud. Die water wat vir die bier gebruik word kom uit die fonteine wat die Donau-rivier voed. Party mense vrees die rivier sal opdroog as te veel van hierdie bier verkoop word. 'n Goeie, tipiese Duitse bier.

*Dortmunder Kronen Classic:* 'n Interessante bier uit die stad Dortmund, wat ses brouerye het. Dit is 'n geval van die grootste is die beste. Die Kronen-brouery het 'n uitstekende reputasie en een sluk bier sal jou vertel waarom.

*Warsteiner:* 'n Top-kwaliteit pilsener uit Wes-Duitsland.

*Holsten:* Hierdie brou-onderneming is een van die grootste in Wes-Duitsland en het 'n aantal brouerye in noordelike stede. Hul biere het 'n vars hopkarakter en 'n werklik smaaklike bitterheid.

*Jever:* Hierdie bier van die Friesland-brouery is ietwat van 'n wêreld-klassiek. Dit is omtrent die enigste bier met 'n bitterheid-telling van 47 eenhede. As ons dit vergelyk met ons plaaslike biere met tellings in die lae twintigs, kan mens sien dat dit 'n ongewone bier is.

*Beck's:* Hierdie brouery in Bremen is die grootste uitvoerder in Duitsland. Die bier is ferm en groot, minder bitter as die meeste noordelike bier, maar baie aangenaam.

Daar is amper 1500 brouerye in Duitsland en die Duitsers drink 'n groot klomp bier, soveel so dat die groot Duitse filosoof Nietzsche gewonder het hoeveel bier daar in Duitse intelligensie is.

*Grolsch:* Dit is die enigste Hollandse bier wat op die oomblik op die mark is. Die tradisionele porselein- en draadprop is baie gewild en die bier is getrou aan sy reputasie as een van die beste Hollandse biere. Grolsch is die tweede grootste brou-onderneming in Holland na Heiniken, wat die vierde grootste in die wêreld is.

*Carlsberg:* Dit is 'n aanduiding van die vindingrykheid van plaaslike sanksiebrekers dat daar nog steeds Carlsberg op die mark is - hoewel die Dene ons al 'n klompie jare boikot. Carlsberg is 'n goeie middeweg-bier wat niemand aanstoot gee nie. Dis goed gebrou.

Benewens hierdie kontinentale lagers is daar nog 'n paar beskikbaar soos Kronenbourg van Frankryk, Maes Pils van België en Sgres van Portugal, wat almal goeie biere is.

# "Die kinders wil nie meer in die lande werk nie; hul wil stad toe"

Ismail Abrahams

"ONS het 'n witman hier nodig, want as hy so na jou kyk met daai blou oë, dan sien hy sommer dwarsdeur jou."

Terwyl Frikkie Valentyn, 'n breker van Wuppertal, so praat, ry 'n meisietjie met ligbruin hare en helder blou oë stadig voor ons verby op haar fiets.

Dit het my laat dink aan 'n storie wat 'n sosiaal-wetenskaplike 'n paar jaar gelede vertel het.

Hy was op reis op die spore van die Jesuïete, toe 'n ou Indiaan-opperhoof aan hom sê: "Julle blouoog-mense kom hier en probeer ons voorsê hoe ons moet lewe. Dat ons ons maniere moet laat staan en julle s'n moet aanvaar. Eendag kry ons genoeg daarvan en vernietig julle hele blouoog-volk..."

Die Indiaankaptein het van sendelinge gepraat. Die besoeker het blou oë gehad, maar hy was 'n antropoloog.

In Suid-Afrika is die patroon en die kleure anders, maar die probleem bly dieselfde. Neem die sendingstasie Wuppertal as voorbeeld. Op sekere gebiede was die sendelinge se werk uitstekend, op ander het hulle klaaglik misluk. Die strukture wat hulle geskep het, is aan die verkrummel.

Die kerkgebou staan nog, maar daar is maar min inwoners van die eertydse sendingstasie wat kerk toe gaan.

Toe die Rynse Sending in die vroeë jare sewentig onttrek het, het die Morawiese Kerk die administrasie van Wuppertal voor die Nederduits-Gereformeerde Kerk weggeraap.

Die administrateurs het verander, maar die deuntjie bly dieselfde.

Die kerk besit die huise, en die inwoners betaal elke jaar 'n minimale huur. Die dorpsbestuur, die leerfabriek en al die ander fasiliteite is in die hande van die kerk.

Hoewel drank as ongewens verklaar is, is nugterheid bloot 'n woordeboekwoord. Tuisbrouery en stookketels in die berge onderstreep die hulpeloosheid van die kerk. Een oom vat smôrens voor sonop sy sak vrugte berg toe om te gaan stook.

"Die dorp gaan vrek, my kind," verklaar tant Ous van Middelstraat somber. "Die kinders wil nie meer in die lande werk nie. Hulle wil nou almal stad toe. Die ou mense kan nie meer op hul eie aangaan nie."

Elke familie "besit" 'n stuk grond wat deur die kerk aan hulle toegesê word. Weens sy ligging is die grond besonder vrugbaar. Wuppertal lê in die Tra-Tra-vallei waar 'n rivier ontspring. Tradisioneel leef die mense van die opbrengs van die grond. Terwyl die mans op die lande werk, is die vrouens in en om die huis besig.

Die afgelope tien jaar het al meer mense uit Wuppertal gestroom. Die kinders word deur die dorpe en stede gelok, terwyl ander elders skoolgaan en net terugkom om te kuier. Daar is 'n skool in die dorpie. Die Departement van Opvoeding finansier die skool net tot by Standerd Sewe.

Families lewe al geslagte lank hier, maar met die ernstige verval wat hulle in die gesig staar, wonder mens of Wuppertal oor 50 jaar sal bestaan.

Een ou dame het 'n vlymskerpe aanval geloods op die kerk en sy amptenare - terwyl sy goed dronk was. Sy is uit die dorp verban. Maar waar moet sy heen op 72 en 'n hele lewe in die dorp agter haar?

Die skoenfabriek op die dorp, waar baie modebewuste reisigers al "rooi vellies" kom koop het, lok baie toeriste.

Maar toerisme is 'n probleem - inbreuk word op mense se privaatheid gemaak. Toeriste hang nie net by motors uit nie, hulle stap in mense se huise in om te kyk hoe hulle leef.





# Dié dorp gaan vrek, my kind

*Die berggans het 'n veer laat val*
*van die hoogste krans by*
*Woeperdal*
*my hart staan tuit al meer en meer*
*ek stuur vir jou die berggansveer*
*mits dese wil ek vir jou sê*
*hoe diep my liefde vir jou lê*

*Boerneef*



Heel bo: Omtrent alles word by die dorpswinkel gekoop. Bo regs: Die lewe in Wuppertal is eenvoudig. Die take word tussen die gesinslede verdeel, maar dis altyd die vrouens wat besig is. Bo: Die hoofdorp is omring deur klein nedersettinkies. Een keer per maand - en elke Sondag - kom die mense dorp toe met hul karretjies vir kerk en inkopies. Regs: Elke familie het 'n stuk grond. Die ou mense werk nog op die lande, maar vir die jeug is so 'n bestaan leeg en vervelig. Wanneer die oumense hul implemente neersit, speel die kinders nog.



# Opwindende reis deur township-kuns

Kathy Berman

As jou tone begin wikkel van Ladysmith Black Mambazo en as Woza Albert jou gewete laat kantel, wag tot jy Jackson Hlungwane se handgekapte tempel sien. Is die naam vreemd?

Dis nie snaaks nie. Want terwyl Joseph Tshabalala, Sipho Hotstix Mabuse of Johnny Clegg wêreldwyd gehoor word, is dit net toegewyde kunskenners wat weet van Jackson Hlungwane, Noria Mabaso of John Muafangejo. (Om van Johannes Pholeka of Mpolokeng Ramphomane nie eers te praat nie.)

In ons land is die beeldende kunste nog altyd gesien as iets wat ver verwyderd is van alledaagse versiering en ornamente.

Dit gaan verander, as die Kaapstadse beeldhouer, dosent en skrywer, Gavin Younge, sy sin kry. Hy het pas 'n boek "Art of the South African Townships" die lig laat sien. 'n Hoogs toeganklike sagteband vol lewe en kleur.

Die werk wat hy byeenbring wissel van konvensionele skilderye, beeldhouwerke en afdrukke, tot meer toeganklike vorme soos muurversierings, t-hemde, graffiti en tattoeëerwerk.

Die boek is 'n hoogs eksentrieke, maar opwindende persoonlike reis deur die landskap van ons hedendaagse kuns. Altesaam 51 kunstenaars vanoor die hele land word behandel. 'n Mens lees van die vurige Nelson Makhuba (ook van Venda) wat homself en sy gesin verlede jaar tragies uitgewis het, en van die monumentale, dromerige houtbeelde van Noria Mabasa. (Haar Natal Flood Disaster was een van die werklik indrukwekkende stukke by vanjaar se Kaapstadse Triënnale.)

Maar Younge besoek ook tradisionele handwerkers, gemeenskapswerkers en "professionele kunstenaars". Daar is Titus Moteyane (wat blikvliegtuigies maak), Tito Zungu (koevertversierder) en onlangse pryswenners soos Tommy Motswai en Sfiso Mkame.

Wat is Younge se definisie van "township-kuns"?

In teenstelling met Matsemela Manaka, wat aanstoot neem aan die term "township-kuns" (in sy boek, Echoes of an African Art, wat verlede jaar verskyn het), gebruik Younge die term sonder om daaroor te dink.

Vir hom sluit dit stedelike en plattelandse tradisies in.

Younge redeneer dat selfs die mees afgesonderde plattelandse kunstenaars in 'n "township"-tradisie werk omdat hulle - deur trekarbeid - in gedurige kontak kom met die stadslewe. Dit is, om dit sagkens te stel, 'n onkonvensionele siening!

Dieselfde geld vir die drie opstelle waarmee die township as sosiale verskynsel bespreek word. Die indruk is dat hy die vraagstukke omseil omdat hy te ongeduldig is om by die volgende skilderagtige toneel uit te kom!

Die groot gebrek is 'n konteks vir formulerings soos "tradisioneel", "oorgangs-" en "townshipkuns". Wat ook jammerlik ontbreek is 'n kritiese ondersoek na die historiese kunskriteria wat al lank die bestaan van hierdie kunsvorme ignoreer.

Gavin Younge se Art of the South African Townships (Thames en Hudson, Londen 1988) is landswyd in boekwinkels te koop teen R29.95.



Battle of Rorke's Drift, John Muafangejo

# New Visions wys somber aanvaarding

Kathy Berman

Die Markgalery se Ian Haeggie-toekenning, wat in 1986 gedeel is deur Paul Stopforth en William Kentridge, en verlede jaar glad nie toegeken is nie, is vanjaar gebruik vir 'n kompetisie vir kunstenaars wat nog nie op hul eie uitgestal het nie.

New Visions, tans te siene by die Markgalery in Newtown, Johannesburg, is die uitstalling wat daaruit gespruit het.

"Miskien moes ons dit eerder Visions 88 genoem het," sê 'n self-kritiese Hazel Friedman.

En sy is half reg, want die uitstalling voorspel nie juis groot vernuwing nie. As 'n mens tekens van sterk opposisie teen die heersende kompetisie-kuns in ons land verwag het, was dit 'n teleurstelling.

Want ten spyte van 'n emstige poging van die organiseerders om nuwe beoordelaars aan te stel, en ten spyte van die relatief oop kriteria vir deelname, word die werke gekenmerk deur 'n konserwatiewe benadering.

Dit verras 'n mens nie werklik nie. Plaaslike kompetisies en uitstallings word deesdae deur die tradisie van die Salon oorheers. Selfs die mees andersdenkende politieke kunstenaars volg hierdie benadering, sodat daar maar min alternatiewe modelle vir jong kunstenaars is. (Die meerderheid van die New Visions-uitstallers is studente, of het onlangs afstudeer.)

Tog is die uitstalling 'n ontstellende barometer van wat om ons aangaan. Die sielkundige foltering van die land kan 'n mens nie miskyk nie.

In New Visions skreeu afgeskeurde ledemate, verminkte liggame, vuur, bloedvergieting, ballingskap en begrafnisrituele hul woede en ontnugtering uit.

Van die optimisme voor die Noodtoestande is niks meer te merk nie. In die plek daarvan is 'n sombere aanvaarding van die tye waarin ons leef. Ek dink hier veral aan die stillewe van Leora Farber (Jewels of Disintegration en The Beauty of Brutus' Biceps).

Dietrich Grimm se monumentale Zones of Action on 15th April 1988, Pretoria, wys 'n bomgerukte ledemaat en 'n thalidomied-agtige figuur wat opkyk na die dier wat oor alles waak: 'n aasvoël.

Soortgelyke simbole kom voor in Jacobus Roux se The Griffin and the Blast, waar die legendariese dier van die verwoestingstoneel af vlug.

In Jane Duncan se Arrival/Departure, ('n krat met bagasiestrokies, briewe en reisdokumente) het die vlug reeds ballingskap geword.

Uit die drie wenners is Chabane Manganye se Burial of a Hero, 'n reuse houtsnee, meer optimisties.

Sophia Ainslie se Working Things Out, 'n houtskooltekening, is 'n waardige medewenner.

Russell Scott se enorme It Dreamed It Was A Man is 'n behendig uitgevoerde werk, tegelyk organies en eksentriek tegnokraties. Ook 'n waardige wenner, al was dit blykbaar nie goed genoeg vir die Kaapstadse Triennale nie.

## Galerygids

Art House
Algernonstraat 98, Norwood.
Kunswerke van vyf eietydse kunstenaars: Wayne Barker, Maggie Dunbar, Andrew Lindsay, Kate Gottgens en Morris Lamancha. Tot 19 November.

Cassirer Kunsgalery
Mutual Plein, Rosebank.
William Kentridge met "Landscapes and Three Johannesburg Silkscreens". Tot 19 November.
10h00 tot 17h30 Maandag tot Vrydag; 10h00 tot 13h00 Saterdae.

Crake-Galery
Grantstraat, Norwood.
Uitstalling van Laurence Hall. Tot 26 November.
09h00 tot 17h00 Maandag tot Vrydag; 09h00 tot 13h00 Saterdae.

Everard Read-galery
Jellicoelaan, Rosebank.
Gemengde uitstalling van verskeie plaaslike en buitelandse kunstenaars se werk.
09h00 tot 18h00 Maandag tot Saterdag.

Gallery on the Market
Wolhuterstraat 49, Newton
Skilderye en beeldhouwerk van verskeie SA-kunstenaars.
09h00 tot 17h00 Maandag tot Sondag.

Goodman-galery
Hyde Square 3b, Hyde Park.
Keith Dietrich se olie-pastel-portrette vanaf 26 November
09h30 tot 18h00 Dinsdag tot Sondag.

Die Johannesburgse Kunsgalery
Joubertpark, Kleinstraat.
"The Neglected Tradition: Towards a New History of South African Art (1930-1988)" vanaf 22 November
Intaglio-afdrukke tot 27 November.
Tel:725 3180

Johannesburgse Kunsstigting
Eastholdweg 6, Saxonwold.
Werke van Grant Chapman en Robert Gilpin.



Sonder titel, Andrew Breebaart

Galery 21
Derde Vloer, Victory House, Harrisonstr.
Drieman-uitstalling van werk deur Pieter Roux, Andrew Breebaart, en Walter Meyer. Tot 3 Desember.
Andrew Breebaart gebruik olie-pastelle op groot papier-oppervlaktes. Dubbelsinnige sosiale kommentaar met "troosteloosheid" as algemene tema. Word nog as "tekeninge" beskryf oor sy gebruik van kalligrafie, tonaliteit en papier as medium, maar kon ewe maklik monochroom-skilderkuns heet.
* Pieter Roux gebruik ironiese en humoristiese argetipes om alledaagse absurditeite te beklemtoon. In sy etse, waaronder van die grootste wat nog in SA gedruk is, word tonale kontraste dramaties gebruik.
* Walter Meyer projekteer primitiewe simboliek deur middel van 'n vrye, semi-gestruktureerde styl wat sterk herinner aan die Duitse expressioniste.
10h00 tot 17h30 Maandae tot Vrydae; 00h00 tot 17h30 Saterdae.

Karen Mc Kerron-galery
Mandeville straat 42, Rosebank.
Bryanston
Werke van Monika von Moltke - tot 22 November.

Les Art International
The Mews, Rosebank.
Werke van oorlede bleek pop-profeet Andy Warhol sowel as van Chagall, Gaugin, Paul Klee en Picasso.

Markteater-galery:
Markteater-kompleks, Newtown.
New Visions uitstalling

Natalie Knight-galery
Hyde Park-sentrum
Rhé Wessels: keramiek plus werke van Errol de Jager en gemengde uitstalling van werke vir die "Kers-aanloop" (reproduksies van Picasso, Cocteau ens) tot einde Desember.

Pateggebou-Galery
Richardstraat 222, Pretoria
Beelde en skilderye deur bekende Suid-Afrikaners soos Villa, Judith Mason, Hannes Harris en Penny Siopis.
09h00 tot 14h30 Maandag tot Vrydag.

Pretoria Kunsmuseum
Arcadia-park.
Gratis video-vertoning oor Walter Battiss op 20 November om 15h30.
10h00 tot 17h00 Dinsdag tot Saterdag; 13h00 tot 18h00 Sondae.
Tel: 44 4271/2

Roodepoortsentrum
Burgersentrum, Christiaan de Wetstraat, Floridapark.
Werke van Dirk Meerkotter.
09h30 tot 17h30 Dinsdag tot Vrydag; 09h30 tot 13h00 Saterdae; 14h00 tot 17h00 Sondae.

SA Kunsvereniging
Monumentsentrum, 1ste vloer, Pretoriusstraat, Pretoria.
Weefwerk van Marguerite Stephens wat deur Judith Mason, Ilona Anderson, Andrew Verster, Karel Nel en Walter Battiss ontwerp is.
Sluit 18 November.
Kuns en handwerke van ELC Kunssentrum by Rorke's Drift nog tot 19 November uitgestal.
Ure: 09h00 tot 17h00 weeksdae 09h00 tot 17h00 Saterdae.

Gertrude Posel, Wits.
New Aquisitions, 'n versameling Afrika-kuns tot 10 Februarie 1989.
10h00 tot 18h00 Dinsdag tot Vrydag, 10h00 tot 13h00 Saterdae.

# O eerwaarde, o broer ...

**Is die lewe soos 'n korfbal-wedstryd? Is die dood 'n gehoorsame staatsamptenaar? Is vrouens werktuie van die duiwel? Sulke vrae - as 'n mens persvrystellings glo - kom ter sprake in 'n nuwe stuk by die Black Sun. Andrea Vinassa was by die repetisie**

"The Illuminati", wat binnekort by die nuwe Black Sun in Orange Grove op die planke gebring word, is 'n apokaliptiese komedie waarin Soli Philander en Robert Colman gewigtige vraagstukke soos die dood, vroue in die kerk, korfbal en wat gaan word van al die werkers in kernwapenfabrieke ná ontwapening, aanspreek.

Soos mens van dié lys "issues" kan aflei, is "The Illuminati" nie 'n Suid-Afrikaanse stuk nie. Die Amerikaners Larry Larson en Levi Lee het "The Illuminati" geskryf - dit sal my nie verbaas as hulle die seuns van dominees is nie. Die appel val mos nie ver van die boom af nie.

"The Illuminati" handel oor eerwaarde Eddie (Philander) en broer Laurence (Colman) wat in die loop van die stuk gedaanteverwisselings ondergaan: van "gelowiges" na Dr Frankenstein en Igor of the Cloth. Terwyl die wêreld vergaan, verval die twee se onderskeie geloofsoortuiginge in 'n paranoïese parodie...

Met die repetisie verlede week het regisseur Chas Unwin gesê: "Ons het drie weke lank gesukkel om by 'n styl uit te kom. Dit is 'n baie Amerikaanse stuk, maar ons het besluit om teen die Amerikaansheid in te speel."

Iets wat makliker gesê as gedaan is: "Omdat dit Amerikaanse satire is, gee dit 'n blik op die Amerikaanse samelewing soos net die Amerikaners dit kan doen," sê hy. En om die stuk heeltemal te lokaliseer (daarmee bedoel hy om die korfbal-verwysings in rugby-verwysings te verander, ens.) was ook onmoontlik. Dit sou vier maande lank geduur het, volgens Philander.

"Daar is 'n tikkie Pieter Toerien van die Fringe in die stuk," sê Colman. Met ander woorde, dis avante garde, maar die teaterbestuur hoop om 'n wye mark te lok.

"The Illuminati" vaar uit teen dié wat geïnstitusionaliseerde godsdiens bedryf en gaan heel oneerbiedig met Nostradamus te werk.

"Dit stel eintlik baie pertinente vrae maar dis nie 'n heavy stuk nie," sê die mense wat "The Illuminati" opvoer.



Soli Philander en Robert Coleman in "The Illuminati"

## Egbertus Klaagvoort oor die week se TV

# Oliepruik en fluit was puur verniet

DIE ganse Indië is in exile. Een vir een stap dit voor die kamera verby. Glimlagte verbreed. India-in-exile stroom die Durbanse landrosgebou binne: die James-kommissie sit weer.

'n Luukssheidjie hou voor die kameras stil. 'n Pruik word geolie. Dan verskyn 'n alombeminde gesig in beeld: dis Sy Edele A Ragsbanjo, politieke goëlaar, draer van die groen en goud vir enterprise en dikvelligheid. 'n Dubbele Springbok soos Tony Harris.

Hy speel 'n towerfluit wanneer hy die gebou binnestap; maar nog steeds kan hy regter James nie uit sy mandjie konkel nie. Magic all sold out?

### Hulde aan osse

Netwerk lyk deesdae meer na 'n gemengde boerdery as die propaganda-program waarop hy hom roem. Eers was dit eekhorings, toe stemvee - en nou is dit osse net waar jy kyk. Meer Bols en dit was 'n spul bull.

Simboliese osse, afgestorwe osse, en nou die cherry on top: die Volksheld "bring hulde aan die os", word dit met 'n strak gesig aangekondig. Maar het die hele ou spul nou die kluts behoorlik kwytgeraak? Nee rêrig, I wouldn't tell a lie, daar onthul die Volksheld jou wragtig 'n beeld van twee aarbarstende beeste. Dit was so hittete of hy hang hulle een van daai blink toekennings vir VD om die nek. Foeitog. En 'n toespraak oor die os op die koop toe!

Maar of dit nie genoeg is nie, word Generaal Maljan onder die hoenders losgelaat. Seg hy; die aftakeling van die SAW sal nie geduld word nie. "We have dealt with the ECC." O so? Ná hul interdik het ek dan gedink "the ECC has dealt with the SADF".

Miskien het die minsame Generaal met sy silwertong en sprankelende persoonlikheid by voorbaat probeer beskerming bied aan Reccie (nog 'n stukkie in die SAUK se propaganda-bloemlesing). Maar daaroor later meer.

### O aarde Van Aarde

Somer is hier, und laudie sing cuckoo. 'n Tyd van blommepraag, voëlgesang, sonskyn. En Edwill van Aarde. Alles in die lewe is dus gebalanseerd.

Wanneer jy niksvermoedend die grasie van wit flennie teen groen gras gade slaan, die simfoniese klap van leer teen wilgerhout aanhoor, is daar Edwill van Aarde.

Soos 'n dief in die nag, nee soos die pestilensie, bewandel hy die aandkrieket. Soos die siekte wat op die middag verwoes, werk hy hom soos 'n virus deur jou gestel tot in jou sitkamer. En dan?

Obsessiewe statistiek en verduidelikings vir onbenullige blapse wat hy vroeër vandag (of gister of in 1965) begaan het. Kon hy nie maar 'n boekhouer vir 'n kleremaker geword het nie?

### Snaaks

Vir die Klaagvoorts is Night Court die beste ding op TV. Waar Bill Cosby bo ander sitcoms uittroon met sy beskaafde humor, vermaak Night Court met die onverwagte, byna asemrowende, kwaliteit van sy kwinkslae.

In die Ma-Plotters berus die "snaaksigheid" op swak smaak. In kontras daarmee, word swak smaak in Night Court beklemtoon en gesatiriseer. Ons eie komedies is ligjare verwyder van dié vermaak.

### Wie is dit?

Wie is Rozanna Both? Kan dit wees dat die PW Botterkopdinastie direkte verteenwoordiging het in die SAUK se Goebbels-afdeling?

Dat die SAUK R2,5 miljoen in 'n propaganda-film stoot waarin mej Both naby die aksie was, kry natuurlik geen aandag op TV nie.

Die naam van 'n Britse popgroep som dit alles op: "Pik Botha Logic".

## Teatergids

*****Uitstekend ****Goed
***Middelmatig
**Ondergemiddeld *Swak

*****FRANKIE AND JOHNNY AT THE CLAIR DE LUNE, Leonard Rayne-Teater, Doornfontein, Johannesburg. 'n Deernisvolle en teer komedie deur die Amerikaner Terrence McNally.

Dit handel oor twee siniese liefdeswrakke wat op 'n aand die helende genade van maanlig en musiek belewe. Skitterende spel deur Jana Cilliers en Bill Flynn.

*****LILLIAN, Upstairs by die Markteater, Newtown, Johannesburg. Sandra Duncan lewer 'n kragtoer in hierdie eenvrou-drama deur William Luce oor die lewe van die beroemde Amerikaanse dramaturg Lillian Hellman.

**LETTICE AND LOVAGE, André Huguenet-Teater, Hillbrow, Johannesburg. 'n Oordadige en verbeeldinglose vertolking van Peter Shaffer se jongste komedie oor twee bejaarde vroue wat in die greep van die geskiedenis en die teater vasgevang is.

Met Moira Lister, Paddy Canavan, John Hussey en Charlotte Butler.

*****NUNSENSE, Alhambra-Teater, Doornfontein, Johannesburg. 'n Vonkelende en skreeusnaakse Broadway-musiekspel oor teatrale nonne wat geld probeer insamel.

Met Kate Normington, Natalie Gamsu, Gaby Lomberg, Suzanne Braun en Marilyn Vanrenen. Regie: Tobie Cronjé.

***PANTAGLEIZE, Momentum, Staatsteater, Pretoria. 'n Verbeeldingryke vertolking deur Ilse van Hemert van Michel de Gheldrode se tragie-komedie oor 'n onskuldige swaap wat die hooffiguur word in 'n rewolusie. Knap spel, maar ook teleurstellende vertolkings. Met Pieter Brand, Aletta Bezuidenhout, Tjaart Potgieter, Nomhle Nkonyeni en Peter Terry.

*DIE PROPONENTJIE, Drama, Staatsteater, Pretoria. 'n Onnodig oordadige vertolking deur regisseur Francois Swart van 'n swak gestruktureerde en onafgewerkte klug deur Pieter Fourie.

Dit handel oor 'n nuwe predikant wat deur drie ambisieuse ma's aangekeer word vir hulle dogters.

Met Lida Meiring, Lida Botha, Christine Basson, Lizz Meiring, Kim de Beer, Shereen Swart, Bill Curry en Hannes Muller.

THE NEW BLACK SUN, 262 Louis Botha-rylaan, Orange Grove. Twee teaters: die Black Sun en The Fringe op die boonste verdieping.

Laaste kans om Tertius Meintjies se veelbesproke Dis Seker die Honde met Jennifer Steyn en Nicky Rebelo te sien: Vrydag- en Saterdagaand.

Vrydagaand om 11 uur is ook die laaste vertoning van die a capella-gekkery, Not the Midnight Mass.

Soli Philander en Robert Coleman se nuwe uh... godsdienstige satire, The Illuminati, begin volgende Woensdag (sien langsaan). Voorskoue vir die publiek teen R7 elk hierdie Sondag en Dinsdag.

Intussen stroom die mense nog na The Return of the Thomas Aquinus Show met Jeff Zerbst en Mike Sarakinski. Elke Vrydag en en Donderdag om halfelf.

Die musiek-revue met Darlington Michaels en Duma Mnembe, Ababhemi, is die week vir liefdadigheid vol bespreek maar sal volgende week weer soos gewoonlik Saterdag, Sondag, Dinsdag en Woensdag aangebied word.

Op Sondag begin die "Whizz-duo" van ouds, Steve Newman en Tony Cox, weer by die Black Sun speel. Drie dae 'n week om 10:30nm. Diegene wat hulle virtuositeit nog nie ervaar het nie kan maar nou hulle koppe in skaamte laat sak.

(Tel. 728-3280 vir meer inligting.)

Die Free-flight Dance Company gee 'n vertoning by die Witsteater van 16 tot 20 November.

Die groep van elf sluit twee gaste van Truk se Contemporary Dance Company en vier nuwelinge in. Van die oorspronklike musiek is 3Dimensions en Kaleidescope wat deur dr Jeanne Zaide-Rudolph gekomponeer is.

Twee nuwe werke, The Elements en Gate of Dreams, sal ook opgevoer word.

